



NORTH-WEST UNIVERSITY<sup>®</sup>  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT

## JAARVERSLAG 2010

INNOVASIE DEUR DIVERSITEIT<sup>®</sup>  
INNOVASIE DEUR DIVERSITEIT<sup>®</sup>

# VISIE, WAARDES EN MISSIE

## VISIE

Om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie.

## WAARDES

Die Noordwes-Universiteit onderskryf die waardes van menswaardigheid, gelykheid, vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbondenheid tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid en geregtigheid.

## MISSIE

Om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word en sy kundigheid op 'n innoverende wyse te implementeer.  
Die universiteit sal dit bereik deur sy waardes uit te leef en na gesonde bestuur en transformasie te streef, en deur plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees. Die missie-elemente omvat posisionering, kernbesigheid en doeltreffende bestuur:

## POSISIONERING

**Missie-element 1:** Om na verhoogde eenheid te streef as 'n waardegedrewe multikampusinstelling met gediversifiseerde nismarkte wat voortdurend ten opsigte van posisionering, akademiese profiel, billikheid en regstelling transformeer ten einde in die behoeftes van Suider-Afrika te help voorsien.

## KERNBESIGHEID

- Missie-element 2:** Om deur middel van innoverende onderrig en leer van hoë gehalte afgeronde graduandi te ontwikkel, te onderrig en te bemagtig wat lateraal en krities kan dink in hul diens aan die land en sy mense.
- Missie-element 3:** Om relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte wat belyng is met nasionale prioriteite te ontwikkel en in stand te hou, en innoverende oplossings te bied vir uitdagings waarvoor die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld te staan kom.
- Missie-element 4:** Om die implementering van kundigheid – kommersieel sowel as gemeenskapsgereg – uit te brei tot voordeel van die provinsie, die land, die Suider-Afrikaanse streek, die vasteland, en uiteindelik die wêreld.


## DOELTREFFENDE BESTUUR

**Missie-element 5:** Om 'n aanspreeklike, doeltreffende, goed bestuurde, finansiële lewensvatbare en innoverende universiteit met 'n sterk kliëntefokus te wees ten einde die gehalte van die kernbesigheid te versterk en te verbeter.



## Gebalanseerde uitnemendheid...

Net soos 'n doudruppel homself op 'n blaar balanseer, streef die NWU na uitnemendheid in alle aspekte van sy kernbesigheid en ander aktiwiteite. Dit is dan ook die universiteit se missie om 'n gebalanseerde onderrig-leer en navorsingsuniversteit te word wat sy kundigheid op 'n innoverende manier implementeer.



Met balans in ag geneem, wil die universiteit dus steeds hoër hoogtes bereik, terwyl die instelling 'n ondersteunende raamwerk daarstel waarbinne studente floreer en tot goed afgeronde graduandi ontwikkel.

# INHOUDSOPGAWE

Visie, Waardes en Missie	1
Bestuursopsomming	4
<b>OORSIG VAN INSTITUSIONELE KORPORATIEWE BESTUUR</b>	
Institusionele hoogtepunte	10
Boodskap van die Kanselier	12
Verslag van die Voorsitter van die Raad	14
Raadsverslag oor Korporatiewe Bestuur	17
Samestelling van die Raad	24
Senaatsverslag	30
Verslag van die Institusionele Forum	40
<b>OORSIG VAN INSTITUSIONELE BESTUUR</b>	
Samestelling van die Institusionele Bestuur	44
Verslag van die Visekanselier	46
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof	51
Verslag van die Institusionele Registrateur	56
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal	61
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge	66
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie	70
Verslag van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite	83
<b>KAMPUSOORSIG</b>	
Kampusoorsig – Mafikeng	92
Kampusoorsig – Potchefstroom	100
Kampusoorsig – Vaaldriehoek	112
<b>FINANSIËLE OORSIG</b>	
Verslag van die voorsitter van die Finansiële Komitee en Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite	122
Gekonsolideerde staat van finansiële posisie van die Noordwes-Universiteit soos op 31 Desember 2010	130
Gekonsolideerde staat van omvattende inkomste van die Noordwes-Universiteit vir die jaar geëindig 31 Desember 2010	131
Lys van afkortings	132
Erkenning	135
Notas	136

# BESTUURSOPSOMMING

Or die afgelope ses jaar het die NWU se studentekomplement van net meer as 38 000 tot byna 55 800 gegroei, wat groei van byna 31% verteenwoordig. Hierdie aansienlike styging in studentegetalte het die universiteit geïnspireer om nuwe denk- en werkswyse te ondersoek sodat ons selfs beter resultate as tevore kan bereik deur slimmer, eerder as harder, te werk.

Die resultate wat in 2010 behaal is, bevestig dat die NWU inderdaad slimmer dink en werk. Ten spyte daarvan dat ons die hoogste getal studente ooit gehad het, het die voorgraadse slaagsyfer weer eens gestyg en so ook die graueringskoers en die totale getal grade en diplomas wat toegeken is.

In 2010 het altesaam 83,5% van ons voorgraadse studente hul kursusse geslaag, vergeleke met slegs 78,8% in 2005. Daar was ook 'n opvallende verbetering in deurvloei (graueringskoers), wat van slegs 20% ses jaar gelede tot 27% in 2010 gestyg het.

In 'n belangrike hupstoot vir die ekonomie, wat onder ernstige vaardigheidstekorte gebuk gaan, het die NWU 15 083 grade in 2010 toegeken – feitlik dubbel soveel as in 2005.

Verbeterings is ook op ander gebiede van die universiteit se kernbesigheid behaal, naamlik navorsing en implementering van kundigheid, beide kommersieel en vir gemeenskappe.

Wat navorsing betref, het die universiteit en sy personeel uiters goed gevaar. Ons het die jaar afgesluit met 117 navorsers wat deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) gegradeer is, vergeleke met 85 in 2005, en ons het altesaam 1 318 navorsingsuitsette geproduseer, teenoor 865 in 2005. Nog 'n veer in die NWU se hoed is dat ons weer eens die topverdiener was in die Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne vir die Nywerheid (THRIP) van die NNS. Dit bevestig die waarde wat ons aan ons vennote in die private en openbare sektor toevoeg.

Die finansiële stand van die NWU is 'n gebied waar ons prestasie konsekwent goed is. In 2010 het ons vir die sewende jaar opeenvolgend 'n ongekwalifiseerde ouditeursverslag behaal en het ons ook 'n finansiële surplus verdien. Wat belangrik is, is dat dit nie ten koste van studente of die gehalte van geboue en toerusting bewerkstellig is nie. Om die waarheid te sê, die NWU het R270 miljoen aan die ontwikkeling van die infrastruktuur van al die kampusse belê, en het meer as R390 miljoen aan befonsing vir finansiële behoeftige studente geadministreer.

Ons word steeds as die universiteit met die beste korporatiewe bestuur in Suid-Afrika gereken. In Augustus 2010 het die NWU die gesamentlike eerste plek in die jaarlikse PricewaterhouseCoopers se Toekennings vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys beklee. Dit was die vierde maal in vier jaar dat die universiteit die toekenning verower het, wat ons verbintenis tot hoë standarde van korporatiewe bestuur bevestig.

Transformasie-aangeleenthede was 'n belangrike fokus gedurende die jaar. In die eerste van sy soort in Suid-Afrika se hoëronderwyssektor het die NWU 'n transformasie-colloquium vir al ons belanghebbendes gehou. Meer as 150 verteenwoordigers het die colloquium bygewoon en met mekaar in gesprek getree oor 'n verskeidenheid relevante onderwerpe, insluitende kurrikulumtransformasie en die eerste stappe onderweg na die ontwikkeling van 'n transformasiehandves.

Soos duidelik blyk uit hierdie opsomming van die NWU se aktiwiteite in 2010, het die universiteit daarin geslaag om gebalanseerde uitnemendheid te behaal deur slimmer te werk en gelyke hoeveelhede aandag aan die verskillende aspekte van ons kernbesigheid te skenk. Gebalanseerde uitnemendheid verseker dat ons studente in staat is om te floreer binne 'n ondersteunende raamwerk en tot goed afgeronde mense te ontwikkel, wat doelgerigte lewens lei en tot die ekonomie en hul gemeenskap bydra.

# EXECUTIVE SUMMARY

Over the past six years, the NWU's student complement has grown from just over 38 000 to almost 55 800, representing growth of almost 31%. This sizeable increase in student numbers has inspired the university to explore new ways of thinking and working so that we can achieve even better results than before by working smarter rather than harder.

The results achieved in 2010 confirm that the NWU is indeed thinking and working smarter. Even though we had the highest number of students ever, the undergraduate pass rate rose yet again and so did the graduation rate and the total number of degrees and diplomas awarded.

In 2010, a total of 83,5% of our undergraduate students passed their courses, compared to only 78,8% in 2005. There has also been a striking improvement in throughput (the graduation rate), rising from just 20% six years ago to 27% in 2010.

In an important boost for the economy, which is suffering severe skills shortages, the NWU conferred 15 083 degrees in 2010 – almost double the number in 2005.

Improvements were also achieved in the other areas of the university's core business, meaning research and implementation of expertise, both commercially and for communities.

In research, the university and its staff did extremely well. We ended the year with 117 researchers with ratings from the National Research Foundation (NRF), compared to 85 in 2005, and produced a total of 1 318 research outputs, against 865 in 2005.

Another feather in the NWU's cap is that we were again the top earner in the Technology and Human Resources for In-

dustry Programme (THRIP) of the NRF. This confirms the value we add to our partners in the private and public sectors. The financial position of the NWU is an area where our performance has been consistently good. In 2010, for the seventh consecutive year, we received an unqualified audit report and also earned a financial surplus.

Importantly, this was not achieved at the expense of students or the quality of buildings and equipment. In fact, the NWU invested R270 million on developing the infrastructure of all the campuses, and administered more than R390 million in funding for financially needy students.

We continued to be ranked as the best-governed university in South Africa. In August 2010, the NWU was awarded joint first place in the annual PricewaterhouseCoopers Higher Education Excellence Awards. This was the fourth time in four years that this university has won the award, confirming our commitment to high standards of corporate governance.

Transformation matters were an important focus of the year. In a first in South Africa's higher education sector, the NWU held a transformation colloquium for all our stakeholders. More than 150 stakeholder representatives attended the colloquium and engaged in discussions on a range of relevant topics, including curriculum transformation and the first steps towards developing a transformation charter.

As is clear from this summary of the NWU's activities in 2010, the university has succeeded in achieving balanced excellence by working smarter and giving equal attention to the different aspects of our core business. Balanced excellence ensures that our students are able to thrive in a supportive framework, developing into well-rounded people who live purposeful lives and contribute to the economy and their community.

# KGUTSUFATSO YA PHETHAHATSO

**K**a nako ya dilemo tse tsheletseng tse fetileng, palo ya baithuto ba NWU e ile ya eketseha ho feta ka hodingwana ho 38 000 ho a fihla palong e ka nnang ya ba 55 800, mme hona ho totobatsa keketseho ya palo e ka bang 31%. Palo ena e kgolo ya keketseho ya dipalo tsa baithuti e kgothadtse yunivesithi ho sibolla mekgwa e metjha ya ho nahana le ho sebetsa e le hore re fihlelle diphetho tse bileng di leng betereho feta pele ka ho sebetsa ka bokgabane haholwanyane ho feta ka ho sebetsa ka thata haholwanyane.

Diphetho tse fihleletsweng ka 2010 di paka hore NWU efela e nahana le ho sebetsa ka bokgabane haholwanyane. Le hoja re bile le palo e ngata ho feta e kileng ya ba teng ya baithuti, palo ya ba atlehileng ho ba so fumane dikgau e eketsehile hape esita le palo ya kabo ya dikgau esita le palo yohle ya dikgau le diploma tse abilweng.

Ka selemo sa 2010, palo yohle ya 83,5% ya baithuti ba rona ba so fumane dikgau e atlehile dithutong tsa yona, ha ho bapswa le palo feela ya 78,8% ka selemo sa 2005. Hape ho bile le ntlafalo tshobetsong (tekanyetso ya kabo ya dikgau), e phahameng ho tloha feela ho 20% ka dilemo tse tsheletseng tse fetileng ho isa ho 27% ka selemo sa 2010.

Ho kgolo e hlamatsehang e bonahalang ya moruo, e nang le kgaello e kgolo ya boitsebelo ba mesebetsi, NWU e abile dikgau tse 15 083 ka selemo sa 2010 – e ka ba palo ya selemo sa 2005 habedi.

Ho bile le ntlafalo hape e fihleletsweng dikarolong tse ding tsa moseetsi wa sehlooho wa yunivesithi, e le ho bolela diphuputso le tshobetsong ya boitsebelo bo ipabotseng, ekaba kgwebong ekasitana le bakeng sa setjhaba hammoho.

Diphuputso, yunivesithi le basebetsi ba yona ba sebeditse hantle ka ho fetisisa. Re kwetse selemo ka bafuputso ba 117 ba ditekanyetso tse hlahang ho National Research Foundation, ha ho bapswa le 85 ka selemo sa 2005, mme ba hlahisitse palo yohle 1 318 ya diphuputso, kgahlano le 865 ka selemo sa 2005. Lesiba le leng katibeng ya NWU. Lesiba le leng katibeng ya NWU ke hore re bile hape baamohedi ba phahameng lenaneong la Technology and Human Resources for Industry Programme (THRIP) la National Research Foundation. Hona ho

tiisa molemo oo re o eketsang ho basebetsimmo ho le rona ka hara mekga ya poraefete le ya setjhaba.

Maemo a ditjhelete a NWU ke karolo eo tshobetso ya rona esale le kamehla e leng ntle haholo. Ka selemo sa 2010, bakeng sa selemo sa bosupa, re fumana pehelo e sa hlalosehang hantle ya tlhahlobo ya dibuka tsa ditjhelete mme hape o ile a fumana phaello ya ditjhelete. Haholoholo, hona ha ho a fihlellwa ka lebaka la tshobetsong e fosahetseng ya baithuti, bo leng ba meaho le thepa. Hantlentle, NWU e tsetese R270 ya dimilijone ho ntshetsa pele disebediswa tsohle khempaseng, mme e laola R390 ya dimilijone bakeng sa ho lefella baithuti ba hlohang ditjhelete.

Re ntse re tswela pele ho behwa maemong a phahameng a diyunivesithi tse tsamaiswang hantle ka ho fetisisa mona Afrika Borwa. Ka kgwedi ya Phato 2010, NWU e ile ya fuwa boemo ba kopanelo ba pele Diabong tsa Boipabolo tsa Thuto e Phahameng tsa PricewaterhouseCoopers tsa selemo le selemo. Lena e bile lekgetlo la bone dilemong tse nne tseo yunivesithi e hapileng kgau ka lona, mme hona ho tiisa boitelo ba rona bakeng sa maemo a phahameng a puso ya kopanelo.

Ditaba tsa phetoho kapa tlhaboloho e ne e le taba e tadimilweng haholo ya bohlokwa ya selemo sena. Lekgetlo la pele ka hare ho mokga wa thuto e phahameng mona Afrika Borwa, NWU e ile ya tshwara dipuisano tsa diphetoho kapa tlhaboloho bakeng sa bohle ba amehang. Palo e fetang 150 ya ba baemedi ba ba nang le seabo e ile ya ba teng dipuisanong tsena mme ya buisana ka ditaba tse tshwaneleheng, ho kenyeletswa le diphetoho tsa kharikhulamo esita le mehato ya pele ya ho theha melao ya diphetoho.

Jwalokaha ho hlakile kgutsufatsong ena ya mesebetsi ya NWU ya selemo sa 2010, yunivesithi e atlehile ho fihlella boipabolo bo lekanang ka ho sebetsa ka bokgabane haholwanyane esita le ho fana ka tshadimo e lekanang ho dintlha tse fapaneng tsa tshobetso ya rona ya motheo. Boipabolo bo lekanang bo netefatsa hore baithuti ba rona ba kgona ho sebetsa hantle moralong wa tshobetso ya tshebetso, ho theha batho ba nang le makgabane a lekaneng, ba phelang bophelo bo nang le sepheo se hlakileng mme ba thusa bakeng sa moruo esita le setjhaba sa habo bona.

# TSHOBOKANYO YA KHUDUTHAMAGA

Mo dingwageng di le thataro tse di fetileng, palo ya baithuti mo YBB e ne ya gola go tswa go e e ka fa godimo ga 38 000 go fitlha go mo e ka nnang 55 800, e leng e e emelang kgolo ya mo e ka nnang 31%. Kgolo e e seng kana ka sepe eno ya palo ya baithuti e rotloeditse yunibesiti go batla ditsela tse diša tsa go akanya le go dira gore re tle re kgone go fitlhelela le eleng dipholo tse di botoka go feta tsa pele ka go dira ka tsela e e botlhale go di gaisa tsotlhe mo boemong jwa go dira ka natla.

Dipholo tse di fitheletsweng ka 2010 di netefatsa gore YBB ruri e akanya le go dira ka tsela e e botlhale. Le fa re ile ra nna le palo e e kwa godimo ya baithuti go feta pele, Maduo a go falola ditlathobho a baithuti ba pele ga kalogo a ile a tlhatloga gape mme ga tlhatloga le palo ya dikalogo mmogo le palogotlhe ya didikirii le didipoloma tse di neng tsa abiwa.

Ka 2010, palogotlhe ya 83,5% ya baithuti ba rona ba pele ga kalogo ba ne ba falola dikhoso tsa bone, fa e bapisiwa le ya 78,8% fela ya bone ka 2005. Gape tsela ya go tlhotlha tshedimosetso le yone e ile ya tokafadiwa fela thata (selekanyo sa palo ya baalogi), e e tlhatlogileng go tswa go 20% fela dingwaga di le thataro tse di fetileng go fitlha go 27% ka 2010.

Mo tseleng e e botlhokwa ya go tokafatsa ikonomi, e mo go yone go tshaelang thata bokgoni jwa badiri, YBB e ne ya aba didikirii di le 15 083 ka 2010 – e leng palo e e batlileng e me-nagana sebedi ya ka 2005.

Tiro ya konokono ya yunibesiti le yone e ne ya tokafadiwa fela thata, e leng patlisiso le go tsenngwa tirisong ga dikgono tsa tiro, mo go tsa kgwebo le mo baaging.

Mo tirong ya go dira patlisiso, yunibesiti le badiri ba yone ba ile ba dira go tlala seatla. Re ne ra konosetsa ngwaga ka badira-patlisiso ba le 117 bao Mokgatlho wa Patlisiso wa Bosetšhaba o ba neileng maduo, fa re bapisa palo eno le ba ba 85 ka 2005 mme ra tlhagisa dipholo tsa patlisiso di le 1 318, fa re di bapisa le tse 865 tse re neng ra nna le tsone ka 2005. Phitlhelelo e nngwe ya YBB ke gore gape ke rona re nang le lotseno lo lo kwa godimo mo lefapheng la Technology and Human Resources for Industry Programme (THRIP) la Mokgatlho wa Patlisiso wa Bosetšhaba. Seno se netefatsa boleng jo re bo tsenyetsang badiri ka rona mo ditlamong tsa poraefete le tsa puso.

Maemo a ditšhelete a YBB ke karolo e mo go yone re ntseng re dira sentle tota. Ka 2010, e leng ngwaga wa bosupa ka go latelana, re ne ra amogela pego e e feletseng ya boruni ra bo ra nna le lefetiso mo mading a rona. Se se botlhokwa ke gore, seno ga se a fitlhelelwa ka go amoga baithuti madi a bone kgotsa ka go dirisa madi a a ka bong a dirisediwa go tlhokomela dikago tsa rona le didirisiwa. YBB e ile ya beeletsa bokana ka R270 milione fa e ne e tlhabetse dikago tsotlhe tsa dikhamphase, mme ya tsenya bokana ka R390 milione mo letloleng la ditšhelete gore e dirisediwe go thusa baithuti ba ba dikobo-di-magetleng.

Re ila ra tswela re lejwa re le yunibesiti e e laolwang sentle go gaisa tsotlhe mo Aforika Borwa. Ka Phukwi 2010, YBB e ne ya abelwa maemo a ntlha a e neng e a tlhakanetse le setlamo se sengwe mo Diawateng tsa ngwaga le ngwaga tsa Botsamaisi Jwa Kgwebo ya Thuto ya Maemo a a Kwa Godimo ya PricewaterhouseCoopers. Leno e ne e le lekgetlo la bonè mo dingwageng di le nnè le ka lone yunibesiti eno e neng ya ik-gapela awate, e leng se se netefatsang gore re dirile boineelo jwa go dirisa ditekanyetso tse di kwa godimo tsa Botsamaisi Jwa Kgwebo.

Go tliša diphetogo e ne e le selo se go neng go tlhomilwe mogopolo mo go sone mo ngwageng oo. Mo setlamong sa thutogodimo sa ntlha sa Aforika Borwa, YBB e ne ya tshwarela bana-le-seabe botlhe ba rona khonferense ya go tliša diphetogo. Baemedi ba ba fetang 150 ba e leng bana-le-seabe ba ne ba le teng kwa Khonferenseng eno mme ba ne ba tshwara metlotlo ka mefuta e e farologaneng ya ditlhogo, mmogo le ka go fetolwa ga kharikhulamo le dikgato tsa ntlha tsa go tlhama tšhata ya diphetogo.

Jaaka fa dintlha tsa tshobokanyo eno ya ditiro tsa YBB ka 2010 di tlhologanyesega sentle, yunibesiti e atlegile mo go fitlheleleng boleng jo bo kwa godimo jwa tiro e e dirwang ka tekatekano ya maemo a a kwa godimo ka go dira ka tsela e e botlhale le go tlhoma mogopolo mo dikarolong tse di farologaneng tsa tiro ya rona ya konokono ka tsela e e tshwanang le e re neng re o tlhoma ka yone mo dilong tse dingwe. Boleng jo bo kwa godimo jwa tiro e e dirwang ka tekatekano bo netefatsa gore baithuti ba dira sentle tota fa go na le thulaganyo ya go ba ema nokeng, e e dirang gore ba fatlhoge sentle jaaka batho ba ba tshelang botshelo jo bo nang le boikaelelo le go thusa mo go tsa ikonomi le mo baaging ba bone.






# OORSIG VAN INSTITUSIONELE KORPORATIEWE BESTUUR

- 10** INSTITUSIONELE HOOGTEPUNTE
- 12** BOODSKAP VAN DIE KANSELIER
- 14** VERSLAG VAN DIE VOORSITTER VAN DIE RAAD
- 17** RAADSVERSLAG OOR KORPORATIEWE BESTUUR
- 24** SAMESTELLING VAN DIE RAAD
- 30** SENAATSVERSLAG
- 40** VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM

“DIE NWU IS VERBIND TOT DIE HANDHAWING VAN HOË  
STANDAARDE VAN KORPORATIEWE BESTUUR  
VIR DIE HELE INSTELLING.”

□ MNR PEET VAN DER WALT, Voorsitter van die Raad



# INSTITUSIONELE HOOGTEPUNTE

“

VIR SEWE JAAR  
OPEENVOLGENS,  
INSLUITENDE 2010,  
HET DIE NWU  
ONGEKWALIFISEERDE  
OUDITEURSVERSLAE  
BEHAAL EN 'N FINANSIËLE  
SURPLUS VERDIEN.

”

- ❑ Korporatiewe bestuur is een van die NWU se konsekwente sterkpunte. In 2010 het PricewaterhouseCoopers vir die vierde jaar die NWU as die Suid-Afrikaanse universiteit met die beste rekord in korporatiewe bestuur benoem. (Die universiteit het toe die eerste plek met die Sentrale Universiteit van Tegnologie gedeel.)
- ❑ In nog 'n prestigetoekenning het die universiteit die kategorie vir tolking en vertaling tydens die jaarlikse meertaligheidstoekennings van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (PanSAT) gewen.
- ❑ Gedurende die FIFA-Sokkerwêreldbeker het die Potchefstroomkampus die wêreldkampioene, Spanje, by die nuut ontwikkelde NWU-Puk Sports Village gehuisves. Ook in die gees van die Wêreldbeker het die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus, in samewerking met die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging ("SAFA"), 'n ontwikkelingstoernooi vir skoolkinders aangebied.
- ❑ As 'n eerste vir Suid-Afrika se hoërondewyssektor het die universiteit 'n transformasie-colloquium vir meer as 150 belanghebbendes aangebied. Hulle het onderwerpe soos 'n gedeelde betekenis van transformasie, kurrikulumtransformasie, meertaligheid en die ontwikkeling van 'n transformasie-instrumentpaneel bespreek.
- ❑ Die totale getal ingeskrewe studente het met 9,2% tot 55 732 toegeneem. Bykans 30 000 was kontakstudente en die res afstandsonderrigstudente.
- ❑ Altesaam 15 083 grade en diplomas is in 2010 toegeken, 'n styging van 10,8% sedert 2009.
- ❑ Die voorgraadse slaagsyfer vir kontak- en afstandstudente het in 2010 op 83,5% gestaan, 'n styging vanaf 78,8% in 2005.
- ❑ Die gradueringskoers het van 26,6% in 2009 tot 27% in 2010 verbeter.
- ❑ Die finansiële hulp-kantore op die drie kampusse het R309,1 miljoen in befondsingsbystand vir behoeftige studente in 2010 geadminestreer.
- ❑ Die universiteit het die finale verslag ontvang van die Hoërondewyskwaliteitskomitee (HOKK) se paneel wat die institusionele kwaliteitsaudit gedurende die vorige jaar uitgevoer het. Die finale verslag is gebruik om 'n omvattende kwaliteitsverbeteringsplan in November 2010 aan die HOKK voor te lê.
- ❑ 'n Duidelike aanduiding van die NWU se goeie aansien was die omvang van befondsing wat van die nywerheid ontvang is. In 2010 het die universiteit R39,6 miljoen se toekennings van die Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne vir die nywerheid ("THRIP") ontvang, wat as die hoogste toekenning in die hoërondewyssektor beskou word.



Die nuwe rektor van die Vaaldriehoekampus, prof Thanyani Mariba (links) is op 5 Februarie 2010 ingehuldig. Prof Herman van Schalkwyk (regs) is op 23 Maart 2010 as die nuwe rektor van die Potchefstroomampus ingehuldig.

- ❑ Verskeie ander kontrakte vir navorsings- en ontwikkelingsdienste is in 2010 aan die NWU toegeken. Hieronder was die drie sentrums wat vir die Departement Wetenskap en Tegnologie (DWT) tot stand gebring is. Dit is die DWT-Waterstofinfrastruktuur-bevoegdheidsentrum, die DWT Nasionale Metabolomika-platform en die DWT Nasionale Prekliniese Geneesmiddel-ontwikkelingsplatform. Vordering is ook gemaak met die totstandbrenging van die Sentrum van Uitnemendheid in Gevorderde Vervaardiging vir die Departement Handel en Nywerheid.
- ❑ Twee nuwe kampusrektore het hul ampte opgeneem ná die aftrede van die vorige ampsbekleërs. Hulle is prof Thanyani Mariba, die nuwe rektor van die Vaaldriehoekampus, en prof Herman van Schalkwyk, die nuwe rektor van die Potchefstroomampus.
- ❑ In 2010 het die NWU altesaam R228 miljoen in nuwe geboue en opgraderingsprojekte belê. Hiervan is R107 miljoen deur die universiteit befonds en het R121 miljoen van die infrastruktuur- en doeltreffendheidsbefondsing gekom wat die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding toegeken het.
- ❑ Ongeveer 7 300 werknemers en hul gades het aan die Werknemerswelstandprogram deelgeneem, wat gesondheid en welstand, werk-lewe-balans en gemeenskapsbetrokkenheid bevorder.
- ❑ In 2010 het die NWU 'n voorkomsopname en risiko-evaluering van MIV/Vigs voltooi. Volgens die resultate was die algehele voorkoms onder studente en personeel 0,9%.



Die NWU het die Spaanse nasionale sokkerspan, die wenners van die 2010-Sokkerwêreldbeker, by die NWU-Puk Sports Village gehuisves. Hier is mnr Bobo van der Westhuizen, Hoof- Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite, Potchefstroomampus (tweede van links) en prof Annette Combrink, Institusionele Direkteur: Internasionalisasie (tweede van regs), saam met mnr Xavier Miñano, die Spaanse sokkerspan se assistent-afrigter, en me Silvia Dorschnikova, die spanbestuurder.

- ❑ Mediadekking van die universiteit was oorweldigend positief regdeur die jaar. Die meeste van die gunstige dekking het daaruit gespruit dat die Potchefstroomampus gedurende die 2010-Sokkerwêreldbeker die tuisbasis vir Spanje was, asook uit die aantal akademici wat as kundiges op hul gebiede aangehaal is of wat by werk van nasionale belangrikheid betrokke was. Verskeie sportprestasies het ook tot die positiewe dekking bygedra.

## BOODSKAP VAN DIE KANSELIER



KGOSI LERUO MOLOTLEGI

“

U WORD AANGEMOEDIG  
OM NA DIE INHOUD  
VAN HIERDIE PUBLIKASIE  
TE KYK AS DEEL  
VAN ONS GESAMENTLIKE  
REIS ONDERWEG NA  
'N PLEK WAAR ONS  
WERKLIK KAN SÊ DAT ONS  
ONDER DIE BESTE  
IN DIE WÊRELD  
IS TEN OPSIGTE VAN  
DIT WAT ONS DOEN.

”

Daar is baie dinge wat gedurende die loop van 'n jaar by 'n universiteit gebeur – meer as waaroor 'n mens maklik kan nadink. Dit is inderdaad gepas dat 'n instelling soos die Noordwes-Universiteit moet oorloop van aktiwiteite, navorsing, groei en uitbreiding, eksperimentering en prestasie; en hierdie publikasie getuig presies hiervan.

Om na te dink oor die werk en die uitdagings van die afgelope jaar is op sigself 'n akademiese taak. Die rasionele ondersoek van vrae, van neigings en van die verlede, die proses van voorraadopname, die afleiding van betekenis, die praktyk van erkenning en van die uitwerk van strategie is in wese die taak van die filosoof: diegene met 'n liefde vir kennis. Terwyl ons as 'n universiteit 'n instelling met aansienlike diversiteit is, deel ons hierdie liefde vir kennis met 'n passie. Die Noordwes-Universiteit streef daarna om 'n voorkeur-universiteit te word, plaaslik sowel as internasionaal. Dit impliseer groei – nie net wat grootte betref nie, maar ook die kweek en lok van uitnemendheid na ons drie kampusse.

'n Toonbeeld van hierdie groei is die Mafikengkampus, wat hulself in 'n tydperk van kapasiteitsuitbreiding bevind. Dit sluit infrastruktuur, fasiliteite en mensehulpbronne in. Verskeie nuwe geboue en komplekse is op die kampus opgerig en die PhD-verhouding van die onderrigpersoneel het in die onlangse verlede byna verdubbel.

Net so het die Potchefstroomkampus verskeie fasiliteite opgegradeer en uitgebrei, insluitende en in die besonder die NWU-Puk Sports Village, waar die triomfantlike Spaanse sokkerspan vir hul 2010-Sokkerwêreldbeker-veldtog gewoon en geoefen het. Potchefstroom gee ook die toon aan wat betref transformasie na 'n navorsingsgerigte instelling. Die Vaaldriehoekkampus het ook beduidend gevorder wat betref die ontwikkeling van 'n sterk sentrum vir die sakewetenskappe en om 'n erkende krag in onderwysersopleiding en 'n ontlukende sentrum vir IT-kennis te word.

U word weer eens aangemoedig om na die inhoud van hierdie publikasie te kyk as nie bloot 'n verslag van 'n jaar wat op alle fronte suksesvol was nie – ten opsigte van bestuur, die akademie, studentelewe, sportuitnemendheid, groei en transformasie – maar om 2010 holisties te sien, as deel van ons gesamentlike reis onderweg na 'n plek waar ons werklik kan sê dat ons onder die beste in die wêreld is ten opsigte van dit wat ons doen.

Ons sê geluk en dankie aan almal wat, in die naam van onderwys en 'n beter toekoms vir ons land, in 2010 hard gewerk het. Elke poging, ongeag die omvang daarvan, het gehelp om 2010 'n jaar te maak waarop hierdie universiteit trots kan wees, en het 'n stewige fondament vir die volgende dekade gelê.

*KGOSI LERUO MOLOTLEGI*

KGOSI LERUO MOLOTLEGI  
NWU-KANSELIER



“

ONDERWYSHERVORMING IS NIE IN DIE EERSTE  
PLEK 'N KWESSIE VAN HULPBRONNE NIE.  
DIT IS 'N LEIERSKAPSKWESSIE. LEIERSKAP MET  
DIE BENUTTING VAN BESKIKBARE HULPBRONNE  
OP DIE REGTE MANIERE. LEIERSKAP MET  
KOESTERING, BEMAGTIGING EN BELONING VAN  
UITMUNTENDE ONDERWYSERS.  
LEIERSKAP MET PIONIERSWERK TEN OPSIGTE  
VAN VROEË KINDERONTWIKKELING OM  
JONGMENSE TYDENS HUL MEES FORMATIEWE  
JARE TE ONTWIKKEL. LEIERSKAP DEUR  
TE VERSTAAN DAT VOORBEREIDING VAN  
JONGMENSE VIR DIE WÊRELD VAN WERK NIE  
BETEKEN DAT DAAR VAN HULLE VERWAG WORD  
OM TE VERGEET WIE HULLE IS EN WAAR  
HULLE VANDAAN KOM NIE.

”

# VERSLAG VAN DIE VOORSITTER VAN DIE RAAD



MNR PEET VAN DER WALT

“

DIE DOELTREFFENDHEID  
VAN DIE RAAD EN SY  
KOMITEES EN HUL  
VERHOUDINGE MET DIE  
SENAAT, BESTUUR EN  
STUDENTE IS 'N PRIORITEIT  
VIR DIE RAAD.

”

## SELFEVALUERING VAN DIE RAAD

'n Belangrike norm vir korporatiewe bestuur is die jaarlikse Pricewaterhouse-Coopers-Toekennings vir Uitnemendheid in Hoër Onderwys. In Augustus 2010 is die eerste plek aan die NWU toegeken, hierdie keer gesamentlik met die Sentrale Universiteit vir Tegnologie. Dit was die vierde maal in vier jaar dat die universiteit die toekenning verower het, wat sy verbintenis tot hoë standaarde van korporatiewe bestuur regdeur die instelling bevestig het.

Die Raad het die tekortkominge wat in die vorige jaar se evaluering vir hierdie toekenning geïdentifiseer is, hanteer en opgelos. 'n Voorbeeld hiervan is die Raad se benutting van sy komitees, en van bywoning. Gevolglik is 'n doelbewuste poging gedurende 2010 aangewend om die bywoning van vergaderings van die Raad en raadskomitees verder te verbeter.

Die Raad van die NWU is daartoe verbind om die doeltreffendheid van hul korporatiewebestuur- en oorsigfunksie selfs verder te verbeter. Met die oog hierop is prof Mervin King, SC genooi om die Raad tydens hul jaarlikse werkwinkel oor hul rol en verantwoordelikhede wat betref die King-kode oor Korporatiewe Bestuur (King III-verslag) toe te spreek.

## BELANGRIKE ASPEKTE WAT IN 2010 DEUR DIE RAAD HANTEER IS

Gedurende 2010 was 'n aantal beduidende aangeleenthede wat die instelling geraak het op die agendas van die Raad en sy komitees.

- ❑ Statutêre aanstellings en raadskomiteeverkiesings is hanteer.
- ❑ 'n Nuwe adjunkvoorsitter van die Raad is verkies ná die bedanking van dr SD Mthembu-Mahanyele in Maart 2010 uit die Raad.
- ❑ Drie lede is tot die Uitvoerende Komitee van die Raad verkies, en verskeie lede is genomineer om in die raadskomitees te dien.
- ❑ Die termyn van drie lede van die Institusionele Bestuur, prof ND Kgwadi, prof IJ Rost en prof F van Niekerk het gedurende 2010 ten einde geloop, en hulle is vir nog 'n termyn deur die Raad heraangestel.
- ❑ Die amp van adjunkhoof het op 31 Augustus 2010 vakant geraak as gevolg van die verstryking van dr NM Takalo se termyn van aanstelling en die Raad het voortgegaan met die vulling van hierdie vakature ingevolge die goedgekeurde reëls vir die aanstelling van senior bestuurders. Die proses was nog nie aan die einde van 2010 afgehandel nie.

### ❑ Transformasie

'n Ekstern gefasiliteerde Transformasie-colloquium is op 19 en 20 April 2010 aangebied. Onderwerpe wat bespreek is, was die konseptualisering van transformasie, kurrikulumtransformasie, meertaligheid en die ontwikkeling van 'n transformasie-instrumentpaneel, met die uiteindelijke doel om 'n transformasiehandves te ontwikkel. Die Raad het die skepping van die pos (driejaartermyn) van 'n Uitvoerende Adviseur: Transformasie

en Diversiteitsbestuur in die kantoor van die visekanselier goedgekeur.

Die Raad het op 19 November 2010 oor spesifieke diversiteits-teikens vir studente op die Mafikeng-, Potchefstroom- en Vaaldriehoekcampus ooreengekom.

□ **Prestigetoekennings wat deur die Raad gemaak is** Eredoktorsgrade is gedurende 2010 aan die volgende ontvangers toegeken:

- Prof RM Malope – Geestes- en Sosiale Wetenskappe
- Prof JA van Rooy – Teologie

□ **Beduidende nuwe ontwikkelings betreffende infrastruktuur**

Die Raad het die volgende gedurende die oorsigjaar goedgekeur:

- Die bou van 'n nuwe kompleks vir die Fakulteit Ingenieurswese op die Potchefstroomcampus ten bedrae van R92,8 miljoen.
- Die oprigting van 'n nuwe gebou vir die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomcampus ten bedrae van R32,7 miljoen.
- Die Raad het ook kennis geneem van die infrastruktuur-prioriteite vir 2010 tot 2015, sowel as van die 10-jaar-Infrastruktuur- en Ontwikkelingsplan van die NWU. (Vir ander infrastruktuurontwikkelings, raadpleeg die verslag van die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite).

□ **Bestuurs-, bedryfs- en finansiële stabiliteit**

Die Raad het in 2010 die volgende maatreëls getref ten einde die voortgesette stabiliteit van die NWU se bestuur, bedryf en finansies te verseker:

- Die finansiële state vir die jaar geëindig 2010 is goedgekeur.
- Die 2011-begroting is goedgekeur.
- Die Institusionele Plan 2011-2013 is aanvaar.
- Die 2009-jaarverslag is goedgekeur, en dit is op 30 Junie 2010 aan die Departement van Onderwys voorgelê.
- Hersiene vergoedingskale vir NWU-werknemers is goedgekeur.

Die Raad het die volgende beleide in 2010 goedgekeur:

- Beleid oor Handelsmerkidentiteit.
- Hersiene Beleid oor Institusionele Toekenning vir Onder-riguitnemendheid (ITOU).
- Die gewysigde Grondwet van die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR).

Die Raad het ook van die volgende kennis geneem:

- Die ouditverslag wat opgestel is ná die HOKK-oudit wat gedurende 2009 by die NWU uitgevoer is.

## VERBINTENIS TOT MAATSKAPLIKE VERANTWOORDELIKHEID TEENOR PERSONEEL EN STUDENTE

Betrokkenheid by belanghebbendes en die inagneming van hul regmatige verwagtinge is 'n kritieke element van die universiteit se verbintenis tot korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid. Personeel en studente is twee van die NWU se belangrikste belanghebbersgroepe. Regdeur 2010 was daar, buiten die statutêre korporatiewebestuursliggame, 'n aantal strukture in plek om sinvolle wisselwerking met hulle te fasiliteer:

- Die Institusionele Forum vir Indiensnemingsgelykheid en Vaardigheidsontwikkeling het taakspanne tot stand gebring om ondersoek te doen na spesifieke indiensenemingsgelykheidskwessies, soos die hindernisse wat personeel met gestremdhede in die werkplek in die gesig staar.
- Die Menseregtekomitee, bestaande uit personeel, studente en bestuur, het menseregte by die NWU bestuur, gemoniteer en bevorder deur klagtes van beweerde skendings van regte te ondersoek en die Menseregtedagvieringe te koördineer.
- Studente en personeel is verteenwoordig in die Forum vir Voortgesette Samewerking in Ontwikkeling (FVSO), wat 'n platform vir wisselwerking oor gemeenskapsbetrokkenheidsinisiatiewe is.
- Die Gemeenskapsbetrokkenheidskantoor het met 'n wye verskeidenheid studentevrywilliger-projekte saamgewerk, insluitende dié wat deur die verteenwoordigende kampus-studenterate, Students in Free Enterprise en die Golden Key Internasionale Erevereniging bestuur word.
- Die Institusionele Koördineringskomitee vir Gesondheid en Welstand is tot stand gebring om die NWU in staat te stel om die impak van sy beleggings in werknemerswelstand te maksimaliseer.

## RAADSKOMITEE-BYWONINGSYFERS

Gedurende 2010 het die Raad op 12 en 13 Maart 'n strategiese werkwinkel gehou en het hulle vir drie gewone Raadsvergaderings byeengekom. Dié is op 11 Junie, 17 September en 19 November gehou. Die totale gemiddelde bywoningsyfer was 87%. Dit is 'n verbetering van 7% vergeleke met 2009 en





is 'n besliste teken van die verbintenis van NWU-raadskomiteede om die NWU op uitnemende wyse korporatief te bestuur.

## BEDUIDENDE VERANDERINGE

Die korporatiewebestuurstrukture en kernbesigheid van die NWU het gedurende 2010 gelykmatig verloop en daar was geen fundamentele veranderinge in die samestelling of mandaat van hierdie strukture of in die aard van die universiteit se onderrig-leer- en navorsingsaktiwiteite nie.

Veranderinge in die lidmaatskap van die Raad, Senaat en Institusionele Forum was die gevolg van normale omstandighede, soos die verstryking van ampstermyne, en nuwe lede is dan ook aangestel of verkies deur diegene wat hulle verteenwoordig.

Net so het die uitvoerende bestuur van die NWU in wese veranderd gebly en was die enigste veranderinge die aanstelling van twee nuwe kampusrekteure ná die aftrede van die ampsbekleërs. Prof Thanyani Mariba, die nuwe rektor van die Vaaldriehoekcampus is op 5 Februarie 2010 ingehuldig, en prof Herman van Schalkwyk, die nuwe rektor van die Potchefstroomcampus, op 23 Maart.

Die NWU het ook 'n hoë vlak van akademiese en navorsingskontinuiteit ondervind. Daar was geen groot veranderinge in die akademiese strukture op die kampusse nie, en ook nie in die navorsingsentiteitmodel wat gebruik is om navorsing te bestuur nie.

Die universiteit het finansiël goed presteer en het weer 'n surplus aangeteken. Die instelling het ook sy posisie as die bestuurde Suid-Afrikaanse universiteit gehandhaaf, soos sy prestasie in die 2010-PricewaterhouseCoopers-toekennings vir uitnemendheid in korporatiewe bestuur getuig.

## SLOT

Omdat die kernbesigheid van die universiteit in 2010 bestendig was, het dit die NWU-gemeenskap in staat gestel om op die take voor hande te fokus, selfs te midde van die opgewondenheid van Suid-Afrika se aanbieding van die 2010-Wêreldbeker. Dit was inderdaad 'n jaar van egalige vooruitgang, met die NWU wat weer eens sy vermoë getoon het om 'n konsekwent goeie presteerder in die hoëronderwyslandskap te wees.

Ek is trots op die universiteit se prestasie oor die spektrum van sy aktiwiteite, vanaf die verhoging in studentedeurvloeiysifers en navorsing tot die voortgesette finansiële stabiliteit en goeie korporatiewe bestuur wat die universiteit gedemonstreer het.

Namens die Raad bedank ek die Institusionele Bestuur vir hul bereidwilligheid om innoverende denke met beproefde metodes te kombineer, ten einde die NWU in staat te stel om resultate op te lewer wat 'n veelsydige instelling bekend vir die lewering van goed afgeronde gegradueerdes waardig is. Aan my medeleders van die Raad wat die belange van die universiteit op die hart gedra het, betuig ek my dankbaarheid en waardering. Dit is 'n eer om saam met u te dien.

**MNR PJ VAN DER WALT**  
VOORSITTER VAN DIE RAAD

# RAADSVERSLAG OOR KORPORATIEWE BESTUUR



DIE UNIVERSITEIT VERBIND  
HOMSELF TOT DIE  
HOOGSTE STANDAARDE  
VAN DISSCIPLINE,  
INTEGRITEIT,  
REGVERDIGHEID,  
MAATSKAPLIKE  
VERANTWOORDELIKHEID  
EN AANSPREEKLIKHEID.



Die Noordwes-Universiteit onderskryf die beginsels soos vervat in die derde King-verslag oor Korporatiewe Bestuur in Suid-Afrika.

Die integriteit van besluitneming en die korporatiewe bestuur van die universiteit se aktiwiteite word beskerm deur gesamentlike oorlegpleging, besluitneming deur bemaatigde bestuurders en deurlopende monitering van resultate en risiko's.

Hierdie beginsels word toegepas onder leiding van die Raad, die Senaat en die Institusionele Bestuur, en geld vanaf die hoogste vlak tot by die kleinste eenheid. Die universiteit voldoen in alle wesenlike opsigte aan die vereistes van die King-verslae (1994, 2002 en 2009) oor korporatiewe bestuur en aan die Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening deur Openbare Hoëronderrysinstellings soos op 1 Augustus 2007 gepubliseer.

## DIE ROL EN FUNKSIES VAN DIE RAAD

Ingevolge die Wet op Hoër Onderwys van 1997 is dit die Raad se taak om die universiteit volgens die Wet en die NWU-statuut te bestuur.

Ingevolge die NWU se Statuut is die Raad spesifiek verantwoordelik:

- Vir die beheer van die NWU deur die aanvaarding van doelwit- en waardestellings, strategiese planne en beleid, sowel as die Statuut, die Reëls, prosesse en delegerings van gesag. Die Raad moniteer ook die bedryfsprestasie van bestuur en vestig komitees en, in samewerking met die Senaat, gesamentlike komitees, om te verseker dat die NWU se doelwitte en waardes verwesenlik word.
- Vir die bepaling van die NWU se taalbeleid, onderhewig aan die beleid van die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding en met die instemming van die Senaat. Die Raad se oogmerk is om 'n beleid te aanvaar wat buigsaam en funksioneel is en taalwanbalanse van die verlede regstel terwyl meertaligheid, toegang, integrasie en 'n gevoel van tuiswees bevorder word.
- Vir die vestiging van strukture vir die lewering van studentesteundienste, ná oorlegpleging met die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR).
- Om van lede te vereis om by 'n gedragskode te hou en regstellende stappe te doen, indien nodig.
- Delegering van die gesag om personeellede aan te stel, insluitende kampusviserektore, kampusregistrateurs en direkteure, dekane en akademiese direkteure waarvoor daar deur die Statuut voorsiening gemaak word, met dien verstande dat geen persoon gemagtig is om iemand aan te stel wat regstreeks aan so 'n persoon rapporteer nie.

In die uitvoering van hul funksies gedurende 2010, die sewende jaar van funksionering van die NWU, was die Raad steeds bedag op die redes vir die samesmelting-inkorporasie. Hierdie redes, waarvan baie in die Institusionele

Plan van die NWU geïnstusionaliseer is en deel van die Raad se strategiese beplanning uitmaak, is:

- ❑ Om die gaping tussen 'n histories bevoordeelde en histories benadeelde instelling – wat deur apartheid veroorsaak is – te oorbrug.
- ❑ Om 'n meer "gelyke" personeel- en studentekorps te bevorder.
- ❑ Om kapasiteit met betrekking tot administrasie, bestuur, korporatiewe bestuur en die akademie uit te bou.
- ❑ Om die ontplooiing en aanwending van akademiese personeel te konsolideer.

- ❑ Om navorsingskapasiteit uit te bou.
- ❑ Om volhoubaarheid te bevorder.

Hierbenewens het die Raad die oorkoepelende verantwoordelikheid vir die voorgesette strategiese rigting van die NWU, goedkeuring van groot ontwikkelinge en die ontvang van gereelde verslae van bestuur oor die bedryf van die NWU se besigheid.

Die Raad het gedurende 2010 (Junie en November) twee omvattende verslae van die Institusionele Bestuur ontvang.



## KOMITEES VAN DIE RAAD

Alle komitees van die Raad funksioneer onder 'n mandaat van strategiese of finansiële belang vir die NWU. Hulle is onder voorsitterskap van eksterne raadslede met die nodige kennis, vaardighede en ervaring, en funksioneer volgens 'n duidelike opdrag. (Raadpleeg die Samestelling van die Raad vir die kwalifikasies van raadslede.)

### □ Uitvoerende Komitee

Die Uitvoerende Komitee hanteer tussen raadsvergaderings aangeleenthede rakende korporatiewe bestuur, en doen dan op die volgende vergadering oor hierdie aangeleenthede verslag. Hierdie komitee maak seker dat daar by die Gedragskode vir raadslede gehou word, en finaliseer kwesies wat deur die Raad na hulle verwys word.

Die lede van die Uitvoerende Komitee in 2010 was mnr PJ van der Walt (voorsitter), mnr T Makubire (adjunkvoorsitter), mnr PWJ Buys, mnr OJJ Tabane, me H Rupert-Koegelenberg, dr T Eloff (visekanselier), dr MN Takalo (totdat haar termyn as adjunkhoof op 31 Augustus 2010 verstryk het) en prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad), wat as 'n ex officio-lid dien.

### □ Vergoedingskomitee

Hierdie komitee is hoofsaaklik gemoed met die dienskontrakte, vergoeding en prestasie-evaluering van die visekanselier, lede van die Institusionele Bestuur en die Direkteur: Interne Oudit.

Weens die aard van sy pligte en in ooreenstemming met die Beleidsraamwerk vir die Vergoeding van Senior Bestuurders in Openbare Hoëronderrysinstellings bestaan die Vergoedingskomitee uit twee eksterne lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad, sowel as die voorsitters van die Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgeleentheid en die Finansiële Komitee, wat ook eksterne lede van die Raad is. Die lede was mnr PJ van der Walt (voorsitter), mnr T Makubire (adjunkvoorsitter sowel as die voorsitter van die Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgeleentheid) en dr JJ van Zyl (voorsitter van die Finansiële Komitee).

### □ Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgeleentheid (MKIG)

Die mandaat van die Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgeleentheid is om te verseker dat toereikende mensehulpbronne en -strategieë in plek is en om die implementering

van hierdie beleid en strategieë in ooreenstemming met die gestelde kriteria en maatstawwe te monitor. Die komitee is verantwoordelik vir alle mensehulpbron- en indiensnemingsgeleentheid-gerelateerde aspekte, insluitende vergoedings- en diensvoorwaarde-aspekte wat nie binne die bestek van die Vergoedingskomitee val nie.

Die lede was dr C Reinecke (voorsitter tot 7 Augustus 2010), mnr T Makubire (voorsitter vanaf 14 Oktober 2010), prof JJ Janse van Rensburg, prof C de W van Wyk, prof J Swanepoel, mnr SN Phetoe en dr T Eloff (visekanselier). Prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris vir die Raad) dien as ex officio-lid en mnr VL Mothobi en prof MS Zibi is teenwoordig tydens vergaderings.

### □ Transformasie-oorsigkomitee (TOK)

Die Transformasie-oorsigkomitee hou toesig oor die implementering van die transformasieaspekte van die Institusionele Plan. Dit bestaan uit vier eksterne en een interne lid van die Raad, asook die visekanselier en die adjunkhoof.

Die lede in 2010 was mnr OJJ Tabane (voorsitter), dr D Herman, mnr M Fuzani, mnr T Makubire, me I Poee, prof C Rabali, prof S Swanepoel, dr T Eloff (visekanselier), dr MN Takalo (totdat haar termyn as adjunkhoof op 31 Augustus 2010 verstryk het) prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad), wat as 'n ex officio-lid dien, en mnr VL Mothobi.

### □ Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee

Hierdie komitee is aanspreeklik teenoor die Raad wat betref die uitvoering van hul pligte. Dit is om die NWU se bates te beskerm, toereikende rekeningkundige rekords in stand te hou, 'n doeltreffende stelsel van interne beheer te ontwikkel en in stand te hou, toesig te hou oor bestuur se rol in die skepping en instandhouding van 'n behoorlike risikobestuuringsproses, en om die eksterne ouditeure se jaarlikse ouditgelde te magtig.

Die lede van die komitee gedurende 2010 was adv JSM Henning, SC (voorsitter), mnr NM Fuzani, prof E van der Schyff, prof J Swanepoel en me M Claassens. Die Komitee is geadviseer deur twee onafhanklike finansiële kundiges, me L van der Grijp en mnr MP Tjie, wat gedurende die jaar deur me H Fourie vervang is.

Daar word van verteenwoordigers van die eksterne ouditeure vereis om by komiteevergaderings teenwoordig te wees, en ook van dr T Eloff (visekanselier), prof NT Mosia (institusionele

registrateur en sekretaris van die Raad), wat as 'n ex officio-lid dien, prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en me M van der Merwe (Direkteur: Interne Oudit).

#### □ Finansiële Komitee

Die mandaat van die Finansiële Komitee is om die Raad oor finansiële en beleggingsaangeleenthede te adviseer, sowel as oor langtermyn-infrastruktuurontwikkeling by die NWU. Die komitee moet dus die Raad se korporatiewebestuur-funksie ten opsigte van gesonde, verantwoordelike en doeltreffende finansiële beplanning, finansiële administrasie, finansiële bestuur en behoorlike finansiële verslagdoening ondersteun.

Die Finansiële Komitee het vier eksterne lede en een interne lid van die Raad.

Die lede van die Finansiële Komitee was dr JJ van Zyl (voorsitter), dr DG Breed, dr FJ Kok (tot Augustus 2010), adv JSM Henning, SC, en dr T Eloff (visekanselier). Die komitee se ex officio-lede was proff IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad).

Die Finansiële Komitee maak gebruik van drie subkomitees, naamlik die Tenderkomitee, die Beleggingskomitee en die Batekomitee, om sy pligte te vervul.

#### □ Tenderkomitee

Hierdie komitee se rol is om die tenderbeleide en -prosedures goed te keur wat deur die bestuur opgestel word, om seker te maak dat dit voldoen aan die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging van 2003, om te bevestig dat tenderbeleide wel geïmplementeer word, en om tenders vir kontrakte van tussen R5 miljoen en R15 miljoen te evalueer en goed te keur. Vir kontrakte wat R15 miljoen oorskry, evalueer die komitee die ontvangde tenders en doen dan 'n aanbeveling aan die Raad.

Die tenderkomitee het drie eksterne lede en drie ex officio-lede. Die eksterne lede was dr K van der Walt (voorsitter en 'n onafhanklike ouditeur), adv JSM Henning, SC en dr DG Breed. Die ex officio-lede was dr T Eloff (visekanselier), prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad).

#### □ Beleggingskomitee

Die belangrikste taak van die Beleggingskomitee is om maatreëls



in plek te stel sodat die NWU die hoogste maandelike opbrengs op beleggings kan verdien, met toepaslike risikoblootstelling. Hierdie komitee se pligte is om portefeuljebestuurders aan te stel en evalueringe te doen van beleggingsbeleid, die beleggingsprestasie van portefeuljebestuurders en die kredietreëlins waarbinne die geldmarkbestuurder mag optree.

Die komitee het tot vyf eksterne lede. Dit het die voorsitter, mnr J van den Berg, mnr SM Mohapi, 'n eksterne lid van die Raad en beleggingskundige, sowel as mnr A Smit en mnr P Cook, nog twee onafhanklike beleggingskundiges, ingesluit. Die ex officio-lede was dr T Eloff (visekanselier), prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad).

#### □ Batekomitee

Die Batekomitee se belangrikste verantwoordelikheid is om langtermynontwikkeling en instandhouding van die universiteit se infrastruktuur te verseker.

Die Batekomitee het twee eksterne lede en drie ex officio-lede. Die eksterne lede was dr FJ Kok (voorsitter tot Augustus 2010) en mnr SM Mohapi. Die voorsitter van die Raad, mnr PJ van der Walt, het as voorsitter van die komitee opgetree, terwyl daar

vanaf Augustus 2010 'n vakature was. Die ex officio-lede was dr T Eloff (visekanselier), prof IJ Rost (Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite) en prof NT Mosia (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad).

#### □ Eretoekenningskomitee

Die Eretoekenningskomitee bestaan uit die visekanselier, voorsitter van die Raad, twee lede van die Raad, drie lede van die Senaat, die dekaan van die betrokke fakulteit in 'n raadgevende hoedanigheid, en die institusionele registrateur en sekretaris van die Raad, wat as ex officio-lid dien.

## VERKLARING OOR KONFLIKBESTUUR

Daar is verskeie groepe binne die NWU waar konflik potensieel kan ontstaan. Hierdie groepe bestaan onder andere uit studente, akademiese en ondersteuningspersoneel, vakbonde, die drie kampusse, die Institusionele Kantoor en bestuur, en almal op alle vlakke wat korporatief en andersins bestuur word.

Daar is strukture en prosesse in plek binne hierdie groepe om konflik te hanteer en te keer dat dit eskaleer. Dit sluit beleidsdokumente, prosedures, komitees en forums in, wat geleenthede vir oorlegpleging en die lug en debattering





van sienings skep. Waar nuwe strukture nog nie sedert die samesmelting-inkorporasie tot stand gebring is nie, word die bestaande strukture steeds gebruik. Kundiges op die gebied van konflikbestuur is aangestel om hulp te verleen waar nodig.

### WERKER- EN STUDENTEDEELNAME (SAMEWERKENDE KORPORATIEWE BESTUUR)

'n Breë spektrum van deelnemende strukture was gedurende 2010 op die kampusse en in die Institusionele Kantoor in plek. Hierdie strukture is ontwerp om verhoudinge uit te bou deur oorlegpleging, die doeltreffende uitruil van relevante inligting en die identifisering en bylê van geskille.

### ETIESE KODE

Die Raad hou steeds toesig oor die proses van oorlegpleging wat sal uitloop op die aanvaarding van 'n alomvattende Etiese

Kode en Gedragskodes vir die NWU. Aangesien hierdie proses met verloop van tyd ontvou het, is 'n oorsig van die vordering tot op datum geregverdig.

Hierdie proses het gedurende 2004 begin toe die NWU-raad 'n Gedragskode vir raadslede aanvaar het en 'n verteenwoordigende kerntaakspan van vier mense aangestel het om 'n Etiese Kode en Gedragskode vir die hele NWU te ontwikkel.

In 2005 is 11 NWU-eindwaardes goedgekeur. Hierdie waardes is menswaardigheid, gelykheid, vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbondenheid tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid, geregtigheid en deursigtigheid.

In die daaropvolgende proses het bestuur vier instrumentele of "doen"-waardes geselekteer vir insluiting in elke aspek van die NWU se bedrywighede. Hierdie doenwaardes is integriteit, toegewydheid, aanspreeklikheid en respek.

Die volgende stap in hierdie proses is om 'n samehangende Etiese Kode en Gedragskodes vir die NWU aan te neem.

'n Voorvereiste vir die suksesvolle ontwikkeling van hierdie kodes is behoorlike betrokkenheid van die verskillende strukture van die universiteit. Met dit voor oë is daar besluit dat die Diversiteitshandves, wat deur 'n taakspan van die Institusionele Forum vir Indiensnemingsgelykheid en Vaardigheidsontwikkeling (IFIGVO) ontwikkel is, ook by die Etiese Kode ingesluit moet word, aangesien albei diversiteit onderskryf en daarop gerig is om 'n verenigende etos binne die institusionele kultuur tot stand te bring.

Die nuut aangestelde Uitvoerende Direkteur: Transformasie en Diversiteitsbestuur, in samewerking met die Menseregtekomitee en ander toepaslike strukture, sal voortgaan om die proses in 2011 af te handel en die Raad te adviseer, soos deur die Wet op Hoër Onderwys vereis word.



**PROF NT MOSIA**  
SEKRETARIS VAN DIE RAAD



# SAMESTELLING VAN DIE RAAD

Die NWU-raad bestaan uit mense met kennis en ervaring wat vir die universiteit toepaslik is. Ooreenkomstig die Wet op Hoër Onderwys is minstens 60% van die lede van die Raad nie in diens of studente van die NWU nie.

## DIE SAMESTELLING VAN DIE RAAD SOOS OP 31 DESEMBER 2010 WAS:



**VOORSITTER:**  
Mnr PJ van der Walt  
(Donateurs)



**ONDERVOORSITTER:**  
Mnr T Makubire  
(Donateurs)

## MINISTER VAN ONDERWYS EN OPLEIDING-AANSTELLINGS



**MNR NS PHETOE:**  
Sertifikaat in Geskilverhoudingeprosedures (Onderwysarbeidsverhoudingeprosedures – "ELRC")  
Organiseringsdiploma ("Disetsa"); aangestel vir 'n driejaartermyn, van 2010 tot 2013.



**MNR OJJ TABANE:**  
BA (Universiteit van die Noorde), BProc (Universiteit van die Wes-Kaap), MPhil (Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit); aangestel vir 'n vierjaartermyn, van 2008 tot 2012.



**ADV FM SIKHAKANE:**  
POD (Indumiso-onderwyskollege), BA en LLB (Universiteit van die Witwatersrand), MPhil (Universiteit van Port Elizabeth); aangestel vir 'n driejaartermyn, van 2010 tot 2013.



**MNR NM FUZANI:**  
BA (Universiteit van Kaapstad); aangestel vir 'n vierjaartermyn, van 2008 tot 2012.

## DONATEURS



**MNR PJ VAN DER WALT:** GR(SA), MCom (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), MA in Sosiale Wetenskappe (HEC School of Management, Parys), AMP (Templeton College, Oxford); verkies vir 'n vyfjaartermyn, van 2006 tot 2011.



**PROF M SNYMAN:** DLitt (Universiteit van Pretoria); verkies vir 'n driejaartermyn, van 2010 tot 2013.



**DR JJ VAN ZYL:** DCom (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); verkies vir 'n vyfjaartermyn, van 2006 tot 2011.



**MNR T MAKUBIRE:** MSc (Universiteit van Berlyn); verkies vir 'n driejaartermyn, van 2009 tot 2012.

## LEDE AANGEWYS DEUR DIE GEMEENSAP



**ME H RUPERT-KOEGELEBERG:** BMus en BMusHons, (Universiteit Stellenbosch), Fellowship of the Trinity College of Music (London), Licentiate of the Royal Schools of Music, UK, Onderwyserslisensiaat in Musiek (UNISA); her aangestel vir 'n verdere driejaartermyn, van 2010 tot 2013.



**EERW SA MUSA:** BA Teologie (Universiteit van Zululand), BAHons (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); aangestel vir 'n driejaartermyn, van 2010 tot 2013.



**DR DG BREED:** BA, ThB, ThM en ThD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); aangestel vir 'n driejaartermyn, van 2008 tot 2011.



**MNR SM MOHAPI:** Gegr adueerde van die Effektebeurskollege (SA), Diploma in Beleggingsbestuur (Randse Afrikaanse Universiteit), Sertifikaat van Bevoegdheid (Boedelbeplanning en -administrasie), Gekwalifiseerde Assesseeerder en Fasiliteerder (ETDP SETA), Nagraadse Diploma in Maatskappyleiding (Nagraadse Instituut vir Bestuur en Tegnologie in samewerking met die Instituut van Direkteure); aangestel vir 'n driejaartermyn, van 2008 tot 2011.

## LEDE AANGEWYS DEUR DIE KONVOKASIE



### **MNR PJW BUYS:**

BA Kommunikasiewetenskap (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), BAHons (Randse Afrikaanse Universiteit); heraangewys vir 'n verdere driejaartermyn, van 2010 tot 2013.



### **ME H COETZEE:**

BA Bedyfskommunikasiewetenskap, Hoëronderwysdiploma en MA (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), Hons Psigologie, M in Kliniese Psigologie (NWU); aangewys vir 'n driejaartermyn, van 2010 tot 2013.



### **ADV JSM HENNING, SC:**

BJuris en LLB (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); aangewys vir 'n driejaartermyn, van 2009 tot 2012.



### **DR D HERMANN:**

BA Regte, BAHons en MA (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), PhD (NWU), Nagraadse Diploma in Arbeidsreg (Randse Afrikaanse Universiteit); aangewys vir 'n driejaartermyn, van 2009 tot 2012.

## LEDE MET SPESIALE KUNDIGHEID



### **ME M CLAASSENS:**

BCom Rekeningkunde en BComHons (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), GR(SA), Hoër Diploma in Maatskappyreg (Universiteit van die Witwatersrand); aangewys vir 'n driejaartermyn van 2009 tot 2012.



### **ME I POOE:**

BA (Universiteit van Bophuthatswana), Diploma in Toerisme en Bemarkingsbestuur (Oostenryk); aangestel vir 'n driejaartermyn, van 2007 tot 2010.



## INTERNE LEDE

### Lede van die bestuur



**DR T ELOFF  
(VISEKANSELIER):**  
BJuris (Econ), ThB, ThM  
en ThD (Potchefstroomse  
Universiteit vir Christelike  
Hoër Onderwys);  
ex officio-lid.



**DR MN TAKALO  
(ADJUNKHOOF):**  
BA en BEd (Universiteit  
van die Noorde), MA  
(Boston Universiteit);  
EdM en EdD (Universiteit  
van Columbia), termyn  
geëindig 31 Augustus  
2010. Hierdie pos was  
op 31 Desember 2010  
vakant.

### Lede van die Senaat



**PROF TC RABALI:**  
BA (UNISA), ThB en  
ThM (Potchefstroomse  
Universiteit vir Christelike  
Hoër Onderwys), DTh  
(Unisa); herverkies vir 'n  
vierjaartermyn, van 2010  
tot 2013.



**PROF S SWANEPOEL:**  
BCom Personeelbestuur  
en Hons (Universiteit van  
Pretoria), Hoëronderwys-  
diploma (Unisa), MCom  
en DCom (Universiteit van  
Pretoria); verkies vir 'n  
driejaartermyn, van 2010  
tot 2013.



**PROF J SWANEPOEL:**  
BA, BAHons, MA, LLB en  
DLitt (Potchefstroomse  
Universiteit vir Christelike  
Hoër Onderwys); verkies  
vir 'n driejaartermyn, van  
2009 tot 2012.



**PROF JJ JANSE VAN  
RENSBURG:**  
BA, BAHons, MA,  
ThB, ThM en ThD  
(Potchefstroomse  
Universiteit vir Christelike  
Hoër Onderwys); verkies  
vir 'n vierjaartermyn, van  
2009 tot 2013.



## LEDE WAT ANDER AKADEMIESE PERSONEEL VERTEENWOORDIG



**PROF C DE W VAN WYK:**  
DCom (Potchefstroomse  
Universiteit vir Christelike  
Hoër Onderwys); verkies  
vir 'n vierjaartermyn, van  
2007 tot 2011.



**PROF E VAN DER SCHYFF:**  
BA, LLB, LLM (Potchef-  
stroomse Universiteit vir  
Christelike Hoër Onder-  
wys), LLD (NWU); verkies  
vir 'n vyfjaartermyn, van  
2007 tot 2012.



**MNR E MOSTERT:**  
BCompt (Unisa), BCom-  
Hons (Potchefstroomse  
Universiteit vir Christe-  
like Hoër Onderwys);  
verkies vir 'n driejaar-  
termyn, van 2010 tot 2013.



**DR SR VAN DER WALT:**  
DCom (Unisa), MSc en  
MBA (Potchefstroomse  
Universiteit vir Christelike  
Hoër Onderwys); verkies  
vir 'n driejaartermyn, van  
2010 tot 2013.

## VERTEENWOORDIGERS VAN DIE INSTITUSIONELE VERTEENWOORDIGENDE STUDENTERAAD (IVSR)

Lede dien in die Raad vir 'n tydperk soos bepaal deur die IVSR. Die volgende IVSR-lede het tot Oktober 2010 ampte beklee:



**ME A CROUCAMP:**  
BEd, BEdHons  
en MEd (NWU,  
Potchefstroomkampus).



**MNR E KHOKHONG:**  
LLB en LLM (NWU,  
Mafikengkampus).



**MNR N MASHININI:**  
BA, BAHons, MA (NWU,  
Vaaldriehoekkampus).

Vanaf November 2010 het die volgende IVSR-lede in die Raad gedien:



**MNR I MWANAWINA:**  
LLB, LLM (tans) (NWU,  
Mafikengkampus).



**MNR CJ VAN ROOYEN:**  
BPharm, MPharm (tans)  
(NWU, Potchefstroom-  
kampus).



**MNR TL MPELE:**  
BA en BAHons, Sesotho-  
hons (tans) (NWU,  
Vaaltriehoekkampus).

## SEKRETARIS VAN DIE RAAD



**PROF N THEMBA MOSIA:**  
BA, BAHons en Diploma  
in Universiteitsonder-  
rig (Universiteit van die  
Noorde), MA (Portland  
State University), PhD  
(Universiteit van Pretoria),  
MCSSA.

## UITTREDENDE RAADSLEDE IN 2010

### Lede aangewys deur die Konvokasie

Dr FJ Kok: 7 Augustus 2007 tot 6 Augustus 2010.

### Minister van Onderwys en Opleiding-aanstellings Me NML Letlape: 11 Februarie 2007 tot 7 Maart 2010.

Dr SD Mthembi Mahanyele: 9 Mei 2009 tot 12 Maart 2010 as  
gevolg van bedanking.

### Donateurs

Dr C Reinecke: 8 Augustus 2007 tot 7 Augustus 2010.

### Lede aangewys deur die gemeenskap

Mnr TJS Thabane: 22 Junie 2007 tot 21 Junie 2010.

### Lede van die Senaat

Prof T Mhlongo: 11 Junie 2010 tot 17 September 2010.

Lede wat nie-akademiese werknemers verteenwoordig  
Prof A Lourens en prof MM Verhoef het in Januarie 2010  
uit die Raad bedank as gevolg van veranderinge in hul  
indiensnemingstatus by die NWU.

# SENAATSVERSLAG



DIE NWU STREEF DAARNA  
OM 'N UNIVERSITEIT  
TE WEES WAT  
ONDERRIG-LEER EN  
NAVORSING BALANSEER  
EN SY KUNDIGHEID  
OP 'N INNOVERENDE  
MANIER  
IMPLEMENTEER.



In 2010 het die Senaat bygedra tot die handhawing van hoë standaarde van onderrig-leer en navorsing by die universiteit. Die lidmaatskap van die Senaat bestaan, ooreenkomstig afdeling 12(1) van die Statuut, uit:

- Die visekanselier (voorsitter)
- Die adjunkhoof en Uitvoerende Direkteur: Onderrig-leer
- Die kampusrektore
- Die institusionele registrateur
- Die Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie
- Die dekane van alle fakulteite
- Akademiese personeel wat deur akademiese personeel in die fakulteit verkies is (altesaam 33 lede)
- Nie-akademiese personeel wat deur nie-akademiese personeel verkies is (altesaam twee)
- Studente aangewys deur die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR) (altesaam vier)
- Die voorsitter van die Raad of 'n gedelegeerde en een ander raadslid verkies deur die Raad
- Persone verantwoordelik vir navorsing, akademiese ondersteuning, biblioteek- en inligtingsdienste
- Akademiese personelede wat deur die Senaat op advies van die vaste komitees van die Senaat gekoöpteer is (met spesiale inagneming van ras en geslag, altesaam agt)

## VASTE KOMITEES VAN DIE SENAAAT

Vaste komitees van die Senaat en taakspanne het aandag geskenk aan spesifieke take soos die hersiening en ontwikkeling van nuwe akademiese reëls en beleid, institusionele navorsings- en innovasieaktiwiteite, hersiening van toelatingsvereistes en die belyning van akademiese programme en navorsing. Die volgende vaste komitees van die Senaat was gedurende 2010 in plek:

- Uitvoerende Komitee van die Senaat
- 'n Kampussenaatskomitee per kampus
- Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie (IKNI)
- Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS)
- Institusionele Toelatingskomitee
- Vaste Komitee vir Akademiese Geletterdheid

Hierbenewens het die volgende komitees aan die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie gerapporteer:

- Institusionele Navorsingsteunkommissie
- Navorsingsetiekkomitee
- Komitee vir Gevorderde Grade
- Komitee vir Klassifikasie van Proefskrifte en Verhandelings

## DOELWITTE IN 2010 BEREIK

Gedurende 2010 het die Senaat die Raad oor strategiese akademiese aange-

leenthede geadviseer en aandag aan sekere sleutelaangeleenthede ten opsigte van onderrig-leer, navorsing en akademiese steun gegee.

#### ❑ HOKK-oudit

Die finale verslag ná die institusionele kwaliteitsoudit in Maart 2009 deur 'n HOKK-paneel is ontvang. Die universiteit se projekspan vir die HOKK-kwaliteitsoudit, onder leiding van die visekanselier, het die finale verslag bestudeer en die instelling se kommentaar aan die HOKK voorgelê. Die finale verslag is gebruik om 'n omvattende kwaliteitsverbeteringsplan op te stel en in November 2010 aan die HOKK voor te lê.

#### ❑ Vordering met akademiese belyning

Die akademiese belyningsproses is in 2010 voortgesit. Fakulteite regdeur die NWU het aan die implementering van die goedgekeurde belynde voorgraadse programme gewerk en het goedkeuring vir nagraadse programme, kurrikulums en modules van die Senaat se Institusionele Komitee vir Akademiese Standaard (IKAS) verkry.

Die Senaat het die implementering van die voorgraadse programme gemoniteer, terwyl daar seker gemaak is dat die belyning van die nagraadse programme in ooreenstemming met die Hoëronderwys-kwaliteitsraamwerk voortgesit is.

Die status van die belyning van akademiese programme aan die einde van 2010 was soos volg:

- Voorgraadse programme: 223 uit 333 programme was belyn (63%)
- Nagraadse programme: 143 uit 360 programme was belyn (41%)

#### ❑ Aansoeke vir akademiese programme en kortkursusse

As deel van hul rol om akademiese samehang aan die universiteit te verseker, hanteer IKAS aansoeke vir akademiese programme en kortkursusse vanaf die drie kampusse. IKAS het altesaam 214 aansoeke vir akademiese programme en 46 vir kortkursusse gedurende die oorsigjaar hanteer.

#### ❑ Verfyning van entiteite onder die Navorsingsentiteit-bestuursmodel

In die vorige drie jaar het die NWU die nuwe Navorsingsentiteit-bestuursmodel geïmplementeer, waarin daar vier kategorieë navorsingsentiteite is: navorsingsnisareas, navorsingsfokusareas, navorsingseenhede en navorsingsentrums van uitnemendheid. Gedurende 2010 was die klem op die verdere ontwikkeling van

die bestuursmodel deur sekere bestaande entiteite te herstruktureer en aansoeke vir die totstandbrenging van nuwe entiteite aan te vra.

Daar was twee hoofontwikkelings:

- Twee nuwe navorsingsentiteite is tot stand gebring. Dit was die fokusarea Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET), op die Vaaldriehoekskampus, en die nisarea Voedselsekureit en Veiligheid in die Noordwes-provinsie, op die Mafikengkampus.
- Die naam van die Sentrum van Uitnemendheid in Ruimtefisika is verander na die Sentrum vir Ruimtenavorsing, of waar toepaslik, die NWU-Sentrum van Uitnemendheid in Ruimtenavorsing.

Hierdie veranderinge het beteken dat die NWU die jaar met agt nisareas, drie fokusareas, nege navorsingseenhede en twee sentrums van uitnemendheid geëindig het.

## VERANDERINGE IN AKADEMIESE STRUKTURE

Daar was gedurende 2010 geen groot veranderinge in die akademiese strukture van die NWU en sy drie kampusse nie. Die bestaande strukture, wat uit 15 fakulteite bestaan wat oor die kampusse versprei is, het goed gewerk:

- ❑ Die Mafikengkampus het vyf fakulteite, 14 skole, een Gemeenskapsregsentrum en twee navorsingsnisareas gehad. Die een was Bevolking en Gesondheid en die ander Voedselsekureit en Veiligheid in die Noordwes-provinsie. Die vyf fakulteite was Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Geestes- en Sosiale Wetenskappe; Opvoedkunde; Handel en Administrasie; en Regte.
- ❑ Op die Vaaldriehoekskampus was daar twee fakulteite, sewe skole en een navorsingsnisarea, naamlik Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET). Die fakulteite was die Fakulteit Geesteswetenskappe en die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie. Die sewe skole was Gedragwetenskappe, Tale, Basiese Wetenskappe, Opvoedingswetenskappe, Rekeningkundige Wetenskappe, Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie.
- ❑ Die Potchefstroomkampus het agt fakulteite, 33 skole en 20 navorsingsentiteite gehad. Die agt fakulteite was Lettere en Wysbegeerte; Natuurwetenskappe; Teologie; Opvoedingswetenskappe; Ekonomiese en Bestuurswetenskappe; Regte; Ingenieurswese; en Gesondheidwetenskappe. Vir meer inligting oor die kampus se navorsingsentiteite, kyk op p75 van hierdie jaarverslag.




## SAMESTELLING EN GROOTTE VAN DIE STUDENTEKORPS


### Studente ingeskryf vir 2010

	MAFIKENG	POTCHEFSTROOM	VAALDRIEHOEK	TOTAAL
Eerstejaars: Kontak	2 006	3 565	1 216	6 787
Eerstejaars: Afstand	125	321	-	446
Seniors: Kontak	5 036	14 302	3 118	22 456
Seniors: Afstand	1 387	23 777	879	26 043
<b>Totaal</b>	<b>8 554</b>	<b>41 965</b>	<b>5 213</b>	<b>55 732</b>


### Studente ingeskryf: kontak en afstand



### Samestelling tov ras en geslag van die studentekorps



### Geografiese oorsprong van studente



## Registrasie per kwalifikasietipe per afleweringmodus



2010

BYWONINGSMODUS

Kwalifikasietipe	Afstand	Kontak	Afstand-VOO <sup>1</sup>	Groottotaal
Algemene akademiese eerste baccalaureusgraad	-	11 281	-	11 281
Doktorsgraad	36	836	-	872
Honneursgraad	63	2 116	6 988	9 167
Meestersgraad	17	2 580	-	2 597
Nagraadse diploma	42	1 453	-	1 495
Voorgaadse diploma (1 en 2 jaar)	-	632	13 547	14 179
Voorgaadse diploma (3 jaar)	-	460	4 827	5 287
Professionele eerste baccalaureusgraad (4 jaar)	83	8 077	667	8 827
Professionele eerste baccalaureusgraad (3 jaar)	216	1 634	-	1 850
Geleentheidstudente	2	174	1	177
<b>Groottotaal</b>	<b>459</b>	<b>29 243</b>	<b>26 030</b>	<b>55 732</b>

<sup>1</sup> VOO staan vir "Verdere Onderwyseropleiding" en beskryf die afstand- of fleksiprogramme van die NWU vir onderwysers wat reeds in diens van die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente is.

## FINANSIËLE STEUN AAN STUDENTE

Gedurende 2010 het Finansiële Steundienste as 'n eenstopwinkel gedien vir studente met 'n behoefte aan finansiële steun. Een van hul belangrikste aktiwiteite was die administrasie van fondse wat deur die Nasionale Finansiële-hulpeskema vir Studente ("NSFAS") aan behoeftige studente beskikbaar gestel word. Al drie kampusse het hierdie fondse gedurende 2010 benut. Die afdeling was ook verantwoordelik vir die administrasie van beurse uit universiteitsfondse en vanaf eksterne donateurs. Finansiële Steundienste het voortgegaan om hul diensleweringstelsels te verbeter. Die verbeterde NSFAS-uitbetalingstelsel het vinniger, meer professionele diens aan studente tot gevolg gehad, terwyl gestroomlynde kommunikasie met studente 'n afname in laat of onvolledige aansoeke tot gevolg gehad het.

Finansiële bystand aan studente is uit die volgende bronne toegedeel:

- Universiteitsfondse
- Nasionale en provinsiale befondsingskemas
- NSFAS, Funza Lushaka-beurse vir Onderwys en fondse van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
- Buitelandse befondsingskemas (Botswana en Lesotho)
- Parastaatsinstellings, maatskappye en nieregeringsorganisasies

Vir die 2010- finansiële jaar het Finansiële Steundienste se kantore op die drie kampusse 'n bedrag van R309,1 miljoen geadministreer. Die volgende tabel toon die toedeling van finansiële hulp aan voorgaadse studente uit die NWU se eie hulpbronne in 2010:

BRON	KAMPUS	(R-WAARDE)
Universiteitsfondse	Mafikeng	2,4
Universiteitsfondse	Potchefstroom	31,7
Universiteitsfondse	Vaaldriehoek	3,0
<b>Totaal</b>	<b>NWU</b>	<b>37,1</b>

Die tabel hieronder toon die toedeling van finansiële hulp aan nagraadse studente uit die NWU se eie hulpbronne in 2010:

BRON	KAMPUS	(R-WAARDE)
Universiteitsfondse	Mafikeng	3,1
Universiteitsfondse	Potchefstroom	23,0
Universiteitsfondse	Vaaldriehoek	4,3
<b>Totaal</b>	<b>NWU</b>	<b>30,4</b>
<b>Subtotaal</b>	<b>Universiteitsfondse</b>	<b>67,5</b>

Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan voorgraadse studente uit eksterne befondsingsbronne in 2010:

BRON	KAMPUS	(R-WAARDE)
Buitefondse	Mafikeng	23,6
Buitefondse	Potchefstroom	51,6
Buitefondse	Vaaldriehoek	15,5
Skenkings en trustfondse	Mafikeng	0,2
Skenkings en trustfondse	Potchefstroom	7,9
Skenkings en trustfondse	Vaaldriehoek	0,1
<b>Totaal</b>	<b>Buitefondse</b>	<b>98,9</b>

Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan nagraadse studente uit eksterne befondsingsbronne in 2010:

BRON	KAMPUS	(R-WAARDE)
Buitefondse	Mafikeng	2,9
Buitefondse	Potchefstroom	6,0
Buitefondse	Vaaldriehoek	2,7
<b>Totaal</b>	<b>Buitefondse</b>	<b>11,6</b>
<b>Subtotaal</b>	<b>Buitefondse</b>	<b>110,5</b>

Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan voorgraadse studente uit Staatsbefonding, insluitende NSFAS en die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling, in 2010:

BRON	KAMPUS	(R-WAARDE)
Staatsbefonding	Mafikeng	52,5
Staatsbefonding	Potchefstroom	25,5
Staatsbefonding	Vaaldriehoek	26,3
<b>Totaal</b>		<b>104,3</b>

Die volgende tabel toon die toewysing van finansiële bystand aan nagraadse studente uit NNS-befonding in 2010:

BRON	KAMPUS	(R-WAARDE)
NNS	Mafikeng	1,7
NNS	Potchefstroom	23,5
NNS	Vaaldriehoek	1,6
<b>Totaal</b>	<b>NNS</b>	<b>26,8</b>
<b>Subtotaal</b>	<b>Staatsbefonding</b>	<b>131,1</b>
<b>Groototaal</b>	<b>NWU</b>	<b>309,1</b>

## KLASGELDSTRUKTUUR

Losies- en etegelde vir 2010:

BESONDERHEDE	2010 R
<b>Mafikengkampus</b>	
<input type="checkbox"/> Universiteitsakkommodasie op kampus	
• Voorgraads	8 800
• Nagraads	10 120
<input type="checkbox"/> Gloria Park (woonstelle)	17 710
<input type="checkbox"/> Etegelde	Nvt
<b>Potchefstroomkampus</b>	
<input type="checkbox"/> Universiteitsakkommodasie (gemiddeld)	11 450
<input type="checkbox"/> Oppirif (selfsorgeenhede)	15 420
<input type="checkbox"/> Etegelde het met 10% gestyg (gemiddeld)	
<b>Vaaldriehoekkampus</b>	
<input type="checkbox"/> Universiteitsakkommodasie (gemiddeld)	11 548
<input type="checkbox"/> Thutuka	14 765
<input type="checkbox"/> Etegeld	Nvt

## Bedrag betaalbaar by registrasie:

BESONDERHEDE	2010 R
<b>Mafikengkampus</b>	
<input type="checkbox"/> Registrasiegeld	910
<input type="checkbox"/> Klasgeld eerste betaling	3 500
<input type="checkbox"/> Koshuisgeld per semester	Volle bedrag
<b>Potchefstroomkampus</b>	
<input type="checkbox"/> Registrasiegeld	910
<input type="checkbox"/> Bykomende heffing voltydse nie-inwonnende studente	50
<input type="checkbox"/> Klasgeld eerste betaling	3 990
<input type="checkbox"/> Koshuisgeld eerste betaling	3 780
<input type="checkbox"/> Verpligte betaling vir etes: Losies eerstejaarstudente	660
<input type="checkbox"/> Voorgestelde betaling vir etes	1 900
<b>Vaaldriehoekkampus</b>	
<input type="checkbox"/> Registrasiegeld	910
<input type="checkbox"/> Klasgeld eerste betaling	3 990
<input type="checkbox"/> Koshuisgeld eerste betaling	3 750

## STUDENTSTEUNDIENSTE (BERADING)

### Mafikengkampus

- Eerstejaarstudente:** Die kampusoriëntasieprogram het verseker dat studente goed oor die verskillende dienste op die kampus ingelig was, en 'n werkwinkel vir eerstejaarstudente is gehou om hulle by die kampuslewe te help aanpas.
- Portuurhelpers:** 20 eerste- en tweedejaarstudente is as portuurhelpers opgelei. Elke koshuis het twee portuurhelpers gehad, en hulle het almal aan maandelikse nabetragtingsessies met die studenteberaders op die kampus deelgeneem.
- Loopbaanevaluering en berading:** Hierdie dienste is aan geregistreerde studente en hoërskoolleerders voorsien.



- ❑ **Studente met gestremdhede:** Die Eenheid vir Gestremdes het 21 studente met verskillende gestremdhede geregistreer. Die gestremdhedskoördineerder het nou saamgewerk met die fakulteite en eenhede om bystand vir studente met gestremdhede te verkry, en het 'n aanbieding oor gestremdheid aan vierdejaarstudente in Maatskaplike Werk gedoen. Losliddag is gevier en plakkers is aan die gemeenskap verkoop.

Die Gesondheidsentrum het aan alle gesondheidsorgbewusmakingsaktiwiteite en -veldtogte deelgeneem, wat aandag ingesluit het aan 55 studente wat welstandsdienste benodig het, behandeling van studente met terugkerende griep, en die beheer van 'n uitbreking van waterpokkies by die Lost City-koshuis. Ná 'n gaping van twee jaar het die Mafikengse Provinsiale Hospitaal voorsiening van medisynevoorraad aan die kampus hervat. Albei professionele verpleegsters het resepteringslisensies verkry en het vrywillige beradings- en toetsdienste vir MIV/Vigs voorsien.

### Potchefstroomkampus

- ❑ **Beradingsdiens:** Die studenteberadingsdiens het studente gehelp om grondige studie- en loopbaankeuses te maak, het gehelp met toelatingsvereistes en spesiale toelatings en het sielkundige berading aan studente voorsien wat hierdie dienste benodig het. Hulle het ook studente met gestremdhede bygestaan en die portuurhelpergroep SOS bestuur.
- ❑ **Gesondheidsorg:** Die kampus se Gesondheidsorgsentrum is deur 'n mediese dokter bestuur, terwyl die personeel uit gekwalifiseerde mediese personeel, 'n maatskaplike werker en 'n voltydse sielkundige bestaan het. 'n 24-uur-noodnommer is tot stand gebring en die nuwe SANS 1601-program oor MIV/Vigs in die werksplek is van stapel gestuur.

### Vaaldriehoekkampus

- ❑ **Studentesteun:** Die Vaalkampuskomitee vir Studentesteundienste (VKKSSD) is tot stand gebring om te verseker dat alle studentesteundienste behoorlik gekoördineer word en dat voorsiening vir studente met gestremdhede gemaak word.
- ❑ **Die Kampuskliniek** het gedurende 2010 na hul nuwe, opgegradeerde perseel verskuif en het 1 487 pasiënte vir aandoenings soos bloeddrukprobleme, diabetes, verkoues en griep, maagaandoenings en geringe beserings behandel, en het konsultasies gedoen oor gesinsbeplanning en

reproduktiewe gesondheid, asook MIV/Vigs-voortoets- en natoetsberading.

- ❑ **Die Loopbaansentrum** het gehelp met loopbaanvoorligting, die opstel van CV's, voorbereiding vir onderhouds- en aansoeke om poste.
- ❑ **Die portuurhelpersprogram Ch@s**, onder toesig van Studenteberadingsdienste, het ondersteuning verleen aan studente met 'n wye verskeidenheid probleme.



## SUKSESKOERSE (DEURVLOEIKOERSSYFERS)

DEURVLOEIKOERS VAN VOORGRAADSE KONTAK-STUDENTE	GETAL 2010	GRADUANDI 2010	DEURVLOEIKOERS 2010	DEURVLOEIKOERS 2009	DEURVLOEIKOERS 2008	DEURVLOEIKOERS 2007
Eerste sertifikate en diplomas van 2 jaar of minder	632	196	31%	38%	34%	33%
Eerste diplomas en baccalaureusgrade: 3 jaar	13 375	2 742	21%	17%	20%	16%
Professionele eerste baccalaureusgraad: 4 jaar en langer	8 077	1 341	17%	13%	24%	26%
<b>Totaal</b>	<b>22 084</b>	<b>4 279</b>	<b>19%</b>	<b>21%</b>	<b>21%</b>	<b>21%</b>

DEURVLOEIKOERS VAN VOORGRAADSE AFSTAND-STUDENTE	GETAL 2010	GRADUANDI 2010	DEURVLOEIKOERS 2010	DEURVLOEIKOERS 2009	DEURVLOEIKOERS 2008	DEURVLOEIKOERS 2007
Eerste sertifikate en diplomas van 2 jaar of minder	13 547	5 902	44%	38%	34%	33%
Eerste diplomas en baccalaureusgrade: 3 jaar	5 043	855	17%	17%	20%	16%
Professionele eerste baccalaureusgraad: 4 jaar en langer	750	110	15%	13%	24%	26%
<b>Totaal</b>	<b>19 340</b>	<b>6 867</b>	<b>36%</b>	<b>32%</b>	<b>30%</b>	<b>29%</b>


## GRADUERINGSTATISTIEK

### Graduandi en diplomandi in 2010

(Per plegtigheidsdatum ná voldoening aan die eksamenver-eistes in 2010)

KAMPUS	PLEGTIGHEID	TOTAAL
Mafikeng	Mei 2011	1 485
	Oktober 2010	770
<b>Totaal Mafikeng</b>		<b>2 255</b>
Potchefstroom	Desember 2010	2 093
	Februarie 2011	221
	Julie 2010	3 084
	Maart 2011	3 879
	Mei 2011	451
	November 2010	1 330
	September 2010	526
<b>Totaal Potchefstroom</b>		<b>11 584</b>
Vaaldriehoek	Mei 2011	783
	Oktober 2010	461
<b>Totaal Vaaldriehoek</b>		<b>1 244</b>
<b>Groototaal</b>		<b>15 083</b>

### Grade en diplomas toegeken per kwalifikasietipe



## NAVORSINGSPRESTATIE

In die strewe om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, het die NWU beduidend in navorsingsfasiliteite en -toerusting belê, asook in die bou van navorsingskapasiteit onder akademiese personeel en na-gradse studente.

Die universiteit se finansiële belegging in navorsingstoerusting het R25 miljoen in 2010 beloop, waarvan R10 miljoen aan die vervanging van verouderende toerusting bestee is. 'n Spesiale fonds is vir die aanstelling van navorsingsprofessore tot stand gebring. Fondse is ook beskikbaar gestel sodat plaasvervangende dosente in diens geneem kon word terwyl die posbkleërs hul doktorsale studies voltooi het.

Meer besonderhede van die NWU se kapasiteitsbouprogram en navorsingsprestasie in 2010 kan gevind word in die verslag van die Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie op bladsy 70.

## SLOT

Die NWU is daartoe verbind om afgeronde graduandi aan die ekonomie te lewer, om relevante en gefokusde navorsing van 'n hoë gehalte te doen en om ons kundigheid in die beste belang van gemeenskappe, die sakewêreld en die

nywerheid te gebruik. Die tabel hieronder toon die bydrae wat die universiteit elke jaar sedert 2004 gelewer het tot die ekonomie se vaardigheidsbasis. Dit onderstreep ook die konsekwent sterk prestasie van die NWU se kernbedrywighede, naamlik onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid.

	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010
Totale studente-inskrywings	40 145	38 596	38 709	44 726	47 008	50 589	55 732
Voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand)	75,20%	78,80%	78,36%	79,48%	81,20%	83,6%	83,5%
Grade en diplomas toegeken (totaal)	9 657	7 746	9 825	11 345	12 337	13 445	15 083
Meestersgrade toegeken	626	700	765	618	583	659	633
PhD's toegeken	87	85	110	124	100	123	129
Artikelekwivalente gepubliseer	275,05	326,19	360,85	376,22	512,64	452,50	578,24
Totale navorsingsuitseteenhede*	798	865	1 074	1 061	1 083	1 190	1 318
NNS-gegradeerde navorsers	73	85	82	95	103	116	117

\* Sluit navorsingsmeestersgrade, PhD's maal drie en publikasies in (insluitende 'n raming van boeke, konferensieverrigtinge-publikasies en artikels).



**DR T ELOFF**  
VOORSITTER VAN DIE SENAAT



# VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM



PROF CHRISTO VAN WYK

“

GEDURENDE 2010 HET  
DIE IF DIE RAADGEWENDE  
EN ADVISERENDE ROL  
WAT IN DIE WET OP HOËR  
ONDERWYS EN DIE  
NWU-STATUUT VIR DIÉ  
LIGGAAM IN DIE  
VOORUITSIG GESTEL  
WORD, SUKSESVOL  
UITGEVOER.

”

Die Institusionele Forum adviseer die NWU-raad oor die implementering van die Wet op Hoër Onderwys en nasionale hoëronderrysbeleid, help met die ontwikkeling van 'n institusionele kultuur van verdraagsaamheid en respek vir menseregte, en dra by om 'n omgewing te bevorder waar doeltreffende onder- rig-leer en navorsing kan floreer. Spesifieke aangeleenthede waaroor die IF die Raad adviseer, is aanstellings van senior bestuur, beleid oor ras- en geslagsge- lykheid, gedragskodes, die bestuur van kulturele diversiteit en die formulering van beleid oor bemiddelings- en geskilplossingsprosedures.

## LIDMAATSKAP IN 2010

Volgens die Statuut mag die IF tot soveel as 29 lede hê wat 'n wye verskeiden- heid belanghebbende groepe verteenwoordig, insluitende die Raad, verskeie kategorieë personeel, vakbonde, studente, die burgerlike gemeenskap, die konvokasie en lede met spesiale kundigheid. Gedurende 2010 het die IF uit 28 lede bestaan en was daar een vakature.

Die volgende belangegroepes is in die IF verteenwoordig:

<b>Raad:</b>	Mnr TJS Thabane
<b>Bestuur:</b>	Prof ND Kgwadi
<b>Senaat:</b>	Prof W Viviers, prof H van der Merwe en prof MM Mbewe
<b>Akademies, nie-Senaat:</b>	Prof C de W van Wyk, me D Boemah en mnr H Kloppers
<b>Nie-akademiese werknemers:</b>	Adv TW Pheto, mnr JA van der Walt en mnr A Scheppel
<b>Vakbonde:</b>	Mnr PJM van Niekerk, me N Linde, mnr MA Molefi en mnr N Ndandani
<b>Studente:</b>	Mnr O Morake, mnr I Mwanawina, mnr K Lourens, me V Argyle, mnr T Maraj en mnr S Khumalo
<b>Burgerlike gemeenskap:</b>	Mr MMK Phakedi, mnr WS Moseleli en me M Kruger (een vakature bestaan in hierdie kategorie)
<b>Konvokasie:</b>	Adv TJ Kruger en prof MW Stander
<b>Spesiale kundigheid:</b>	Dr EM Sedibe en prof MS Zibi

Die Uitvoerende Komitee van die IF het uit die volgende drie lede bestaan: Prof C de W van Wyk (voorsitter), prof W Viviers (ondervoorsitter) en mnr JA van der Walt (sekretaris).

## SAKE WAT HANTEER IS

Die institusionele registrateur het die IF genooi om die Raad te adviseer oor die heraanstelling van prof D Kgwadi, rektor van die Mafikengkampus, prof IJ Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite en prof F van Niekerk,

Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie wanneer hul bestaande kontrakte aan die einde van 2010 verstryk. Die IF-voorsitter was deel van die onderhoudspaneel betreffende hierdie drie lede van die senior bestuur.

Die IF het met 'n meerderheidstem besluit om buite stemming te bly oor die heraanstelling van die genoemde lede van senior bestuur as gevolg van kommer oor prosedurele kwessies. Die IF is verteenwoordig in die onderhoudspaneel wat die heraanstelling oorweeg het.

Onder die leierskap van die voorsitter van die NWU se Menseregtekomitee, adv Solly Sithole, SC is twee klagtes oor beweerde menseregteskendings ondersoek. Albei gevalle, wat in meer besonderhede in die verslag van die Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal bespreek word, is afgehandel nadat die klaers besluit het om die sake nie verder te voer nie.

Die Institusionele Bestuur het die taak van die ontwikkeling van 'n etiese kode en gedragskodes aan die IF opgedra, soos die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-statuut vereis. Die IF het hierdie projek aanvaar en die Uitvoerende Komitee van die IF het met die voormalige Etiesekode-taakspan (EKTS) vergader en 'n nuwe taakspan op die been gebring om hierdie projek te dryf.

Ten einde die NWU in staat te stel om voordeel te put uit die lesse wat ander organisasies geleer het wat reeds etiese kodes deur 'n soortgelyke proses ontwikkel het, het die IF na vergelykbare rolmodelle gesoek. Gevolglik is 'n uitnodiging gerig aan me Azima Batcha, Hoofbestuurder: Kultuur en Transformasie by Transnet, wat met me Maria Ramos, voormalige groep-HUB: Transnet saamgewerk het, om haar ervarings van hul suksesvolle Transnet-kultuurprojek te deel.

Ná hierdie normbepalingsoefening, deeglike oorlegpleging en 'n vergadering met die visekanselier, het die IF besluit om met die ontwikkelings- en implementeringsproses behulpsaam te wees, maar om nie 'n drywer van so 'n proses te wees nie. Die verstandhouding is dat die formulering van die NWU se Etiese Kode en Gedragskodes gedurende 2011 onder die leierskap van die visekanselier voortgesit sal word.

By verskeie geleenthede tydens 2010 het die IF die geleentheid gehad om transformasieverwante kundigheid met ander belanghebbendes van die NWU en in hoër onderwys te deel. Lede van die IF is genooi om deel te wees van die NWU se transformasie-colloquium, wat van 18 tot 20 April 2010 by

Glenburn Lodge in die Magaliesbergdistrik gehou is. Altesaam 16 IF-lede het dit bygewoon, insluitende die vier vakbond- en ses studenteverteenwoordigers in die IF.

Verder was die IF-voorsitter deel van 'n afvaardiging van ses mense van die NWU wat die tweedaagse hoëronderrys-spitsberaad op 22 en 23 April 2010 in Bellville bygewoon het. Die IF het kennis geneem van die verklaring wat uit die spitsberaad gespruit het, en in die besonder van die 15 sleutelaanbevelings wat gemaak is.

Die voorgestelde Ontvangs- en Bekendstellingsprogram vir 2011 op al die kampusse het proaktiewe aandag geniet van die IF, wat die verteenwoordigende kampusstudenterate versoek het om mondelinge verslae oor die program te lewer. Die IF het ook die studenterade herinner om weer eens kennis te neem van die behoefte om die waardigheid van alle studente wat by die program betrokke is, te eerbiedig.

## SLOT

Wat betref transformasie- en menseregtekweessies is die IF se inset by die NWU gesog – nie net as 'n statutêre vereiste nie, maar ook as gevolg van die gehalte van hul advies. Die IF word wyd aanvaar as 'n geloofwaardige liggaam wat bereid en in staat is om 'n konstruktiewe rol te speel in die bevordering van 'n institusionele kultuur wat op verdraagsaamheid, respek en integriteit gebou is. In 2010 het die IF, soos in die drie voorafgaande jare, hul vermoë getoon om die belangrike rol te vervul wat in die Wet op Hoër Onderwys en die NWU-Statuut vir dié liggaam ten doel gestel word.



**PROF C DE W VAN WYK**  
VOORSITTER: IF



**PROF W VIVIERS**  
ADJUNKVOORSITTER: IF



# OORSIG VAN INSTITUSIONELE BESTUUR

- 44** SAMESTELLING VAN DIE INSTITUSIONELE BESTUUR
- 46** VERSLAG VAN DIE VISEKANSELIER
- 51** VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: ONDERRIG-LEER EN ADJUNKHOOF
- 56** VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE REGISTRATEUR
- 61** VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: MENSEKAPITAAL
- 66** VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: KORPORATIEWE SAKE EN VERHOUDINGE
- 70** VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: NAVORSING EN INNOVASIE
- 83** VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE

“DIVERSITEIT IS DEEL VAN DIE LEWE. DIT WAS NOG ALTYD  
DAAR EN MOET AANVAAR EN SELFS GEVIER WORD,  
OF TEN MINSTE GERESPEKTEER WORD.”

□ DR THEUNS ELOFF, Visekanselier




# SAMESTELLING VAN DIE INSTITUSIONELE BESTUUR

As uitvoerende arm van die NWU is die Institusionele Bestuur verantwoordelik vir die implementering van die strategieë, planne, begrotings, beleide en reëls wat deur die Raad goedgekeur word. Ná die samesmelting-inkorporasie in Januarie 2004 het die universiteit 'n tweevlak-besigheidsmodel aanvaar wat by sy bedrywighede pas, wat oor drie kampusse in twee provinsies sowel as 'n aantal leerterreine strek. Hierdie model bestaan uit 'n kern- institusionele vlak wat konsekwentheid deur die universiteit in die geheel verseker, en drie kampusse wat as gedentraliseerde en gekoördineerde besigheidseenhede funksioneer.



**Visekanselier: Dr T Eloff**  
 BJuris(Econ), ThB, ThM en ThD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), eredoktorsgraad (London South Bank University).

## ORGANISATORIESE STRUKTUUR VAN DIE INSTITUSIONELE BESTUUR





**Uitvoerende Direkteur: Onderrig-Leer en Adjunkhoof:**  
**Dr MN Takalo**  
BA en BEd (Universiteit van die Noorde), MA (Boston Universiteit); EdM en EdD (Universiteit van Columbia). (Dr Takalo se termyn het op 31 Augustus 2010 gëeindig).



**Institusionele Registrateur :**  
**Prof NT Mosia**  
BA, HonsBA en Diploma in Universiteitsonderrig (Universiteit van die Noorde), MA (Portland State Universiteit), PhD (Universiteit van Pretoria); MCSSA.



**Uitvoerende Direkteur: Mensekapitaal:**  
**Mnr VL Mothobi**  
Sertifikaat in Personeelbestuurspraktyke (SBL, Universiteit van Suid-Afrika), Sertifikaat in Arbeidsverhoudinge (Universiteit van Suid-Afrika), BA Lettere en Wysbegeerte (Randse Afrikaanse Universiteit).



**Uitvoerende Direkteur: Korporatiewe Sake en Verhoudinge:**  
**Me PP Mmope**  
Nasionale Diploma en BTech (Technikon Pretoria); HonsBA (Kommunikasiekunde) (Universiteit van Suid-Afrika); PRP (PRISA), MA (Noordwes-Universiteit), MA (Noordwes-Universiteit)



**Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie:**  
**Prof F van Niekerk**  
BSc, MSc en DSc (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys).



**Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite:**  
**Prof IJ Rost**  
BCom, HonsBCom, MCom en CTA (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), Hoër Diploma in Belastingreg (Universiteit van die Witwatersrand), GR(SA).



**Kampusrektor:**  
**Mafikeng:**  
**Prof ND Kgwadi**  
BSc (Universiteit van Bophuthatswana), MSc (Ball State Universiteit), MPhil (Universiteit van die Noorde), PhD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), eredoktorsgraad (Hanseo Universiteit, Suid-Korea).



**Kampusrektor:**  
**Potchefstroom:**  
**Prof HD van Schalkwyk**  
BCom, HonsBCom, MCom en PhD (Universiteit van Pretoria).



**Kampusrektor:**  
**Vaaldriehoek:**  
**Prof TJ Mariba**  
MBChB (Universiteit van Natal), Sertifikaat in Kardiologie (British Council Fellowship in Cardiology), Diploma in Eggokardiologie (London), Diploma in Gesondheidsorgbestuur (Oliver Tambo Fellowship Programme), FCP (SA) en FRCP (London).



# VERSLAG VAN DIE VISEKANSELIER



DR THEUNS ELOFF

“

DIE BELANGRIKE  
KWESSIES VAN  
TRANSFORMASIE EN  
DIE BEREIKING VAN  
SOSIALE KOHESIE  
HET HOOG OP DIE  
AGENDA VAN DIE  
NWU GEBLY.

”

**A**an die einde van 2010 het die NWU sy sewende bestaansjaar gevier. Die instelling het die kenmerke van 'n jong, lewenskragtige nuwe entiteit vergestalt, maar ook voortgebou op die wysheid van die voorgangerinstansies se gekombineerde ervaring van meer as 'n eeu.

Die NWU se strategie ter ondersteuning van sy missie is om die kwaliteit en kwantiteit van navorsingsuitsette te bevorder deur toepaslike aansporingsmaatreëls en kapasiteitsbou te verhoog, terwyl die kwaliteit van onderrig en leer deur 'n verbeterde kliëntefokus, e-leer en aanvullende onderrig versterk word. Dit is gekoppel aan 'n bestuursfilosofie van individuele aanspreeklikheid en die slagspreuk van "innovasie deur diversiteit". In wese weerspieël hierdie jaarverslag ons vordering in hierdie opsig.

## PRESTASIES WAT BETREF DIE DOELSTELLINGS VIR 2010

Die NWU se Institusionele Plan is 'n driejaarplan wat jaarliks aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) voorgelê word. Op grond van die universiteit se visie en algemene missie word daar uitgebrei op vyf missie-elemente vir sover dit doelwitte, doelstellings en meetbare teikens betref. Dit word afgewentel na die prestasie-ooreenkoms tussen die Raad en die visekanselier.

In hierdie opsig is die visekanselier se prestasieooreenkoms met die Raad die praktiese vergestaltung van die Institusionele Plan. Die visekanselier wentel dan hierdie doelwitte, doelstellings en teikens af na die prestasieooreenkoms van senior bestuur, wat op hul beurt dieselfde met al die ander bestuurders van die NWU doen.

### ❑ HOKK-kwaliteitsoudit

In Junie het die NWU 'n baie positiewe HOKK-verslag ná 2009 se kwaliteitsoudit ontvang, wat bevestig dat toereikende kwaliteitsverbeteringsprosesse in plek is. Op gebiede waar verdere ontwikkeling nodig is, het die NWU sy self-evalueringsverslag gebruik om gapings te identifiseer wat aandag benodig. 'n Omvattende verbeteringsplan is daarna ontwikkel en aan die HOKK voorgelê.

### ❑ Kernbesigheidsprestasie

Wat ons kernbesigheidsprestasie betref, het ons die gefokusde benadering om ons uitsette te verbeter, soos volg volgehou:

#### • Onderrig-leer

Die hoofdoelwit was steeds om deur middel van onderrig en leer van gehalte afgeronde graduandi te ontwikkel, te onderrig en te bemagtig wat lateraal en krities kan dink in hul diens aan die land en sy mense. Die volgende vordering getuig hiervan:

- Die totale getal ingeskrewe studente (insluitende afstandstudente en onderwysstudente in verdere onderwys en opleiding (VOO)) het met 9,2% tot 55 732 gegroei. Byna 30 000 hiervan was kontakstudente.

- Die voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand) is noulettend gemoniteer en het stabiel op 83,5% gebly.
- Die gradueringskoers het van 26,6% in 2009 tot 27% in 2010 verbeter.
- Altesaam 15 083 grade en diplomas is in 2010 toegeken, 'n styging van 10,8% vanaf 2009.

• **Hoëkwaliteit-, toepaslike en gefokusde navorsing**

Ter versnelling van die NWU se proses om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, het die universiteit sy navorsing- en innovasie-strategie daarop gefokus om hulpbronne te optimaliseer en die maksimum impak van ingrepe te verseker.

- Die totale publikasie-uitset het 'n beduidende toename van 27,9% vanaf 452,5 in 2009 tot 578,24 in 2010 getoon.
- Die getal meestersgrade het met 3,9% tot 633 gedaal; en die PhD's wat toegeken is, het van 123 tot 129 (4,8%) gestyg.
- Die totale getal navorsingsuitsette het met 10,7% van 1 190 in 2009 tot 1 318 in 2010 gestyg. Ons is egter bekommerd oor die lae getal artikels wat uit PhD-proefskrifte voortvloei. Dit sal in 2011 hernude fokus geniet.
- Die getal NNS-gegradeerde navorsers het stabiel op 117 gebly.
- Die NWU was weer eens die topverdiener in die Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne vir die Nywerheid (THRIP) van die Nasionale Navorsingstigting. 'n Goeie THRIP-prestasie is 'n aanduiding van 'n begrip van drievoudigheids-verhoudings waar hoëronderwysinstellings, die private sektor en die openbare sektor by volhoubare, innoverende samewerking betrokke raak.

Die NWU is trots op sy talentvolle en innoverende navorsingspersoneel. Benewens talle erkennings wat individuele personeellede ontvang het, is vordering ook gemaak met die totstandbrenging en/of instandhouding van samewerkende navorsingsbevoegdheidsentrums en -platforms, soos die DWT-Waterstofinfrastruktuur-bevoegdheidsentrum (Potchefstroomkampus saam met die WNNR), die DWT Nasionale Metabolomikaplatform (Potchefstroomkampus) en die DWT-Bevoegdheidsentrum vir Inheemse Kennisstelsels (Mafikengkampus saam met die Universiteit van Venda en die Universiteit van Limpopo).

• **Implementering van kundigheid, kommersieel sowel as gemeenskapsgerig**

Die universiteit beseft dat die nastrewing van kennis en innovasie nie werklik betekenisvol is as dit nie uiteindelik tot die voordeel van mense strek nie. Die NWU gebruik die stigting van innoverende klein en medium grootte newemaatskappye as deel van die kommersialiseringsstrategie en hou ekwiteit in sommige van hulle.

Die universiteit glo dat sy kundigheid op alle vlakke geïmplementeer behoort te word en in alle navorsings-, innovasie- en opleidingsaktiwiteite geïntegreer moet word. Hierdie benadering ondersteun die konsep van volhoubaarheid soos deur die King III-verslag voorgeskryf. Projekte word tans oor dissiplines heen gekoppel om alle gemeenskapsbehoefes te verreken, insluitende die behoefte om omgewingsprobleme die hoof te bied. Hierdie projekte sluit opleiding, onderwys, werkskeppingsondernemings, infrastruktuur en kapasiteitsbou in.

□ **Toegang**

Ten spyte van die laat aankondiging van die graad 12-uitslae wat 'n impak op die toelatings- en vroeë registrasieproses gehad het (as gevolg van die korter eerste semester om die Wêreldbeker-sokkertoernooi te akkommodeer), het die registrasieprosesse goed verloop en is ons dankbaar dat akademiese aktiwiteite op al die kampusse sonder ontbreking voortgegaan het.

Die eerstejaarsinname van die NWU (7 233 kontakstudente) vir 2010 was hoër as waarvoor ons gemik het (teiken 6 073). Die goeie nuus is dat ons werwingsprosesse heelwat meer studente in 'n vroeë stadium inbring het, veral na die Vaal-driehoek- en Mafikengkampus – met die Mafikengkampus wat bykans 7 000 aansoeke verwerk het.

□ **Transformasie, diversiteit en sosiale kohesie**

Die belangrike kwessies van transformasie en die bereiking van sosiale kohesie het hoog op die agenda van die NWU gebly.

In Maart het die NWU 'n transformasie-colloquium gehou waarby 153 belanghebbendes vanuit die gelede van die Raad, Senaat, bestuur, personeel en studente betrokke was. Hierdie colloquium was die eerste van sy soort in die sektor en het die Minister se spitsberaad in April voorafgegaan.



Die colloquium het die NWU gehelp om 'n breër begrip van transformasie te verkry as "n dringende, billike en goed bestuurde proses van fundamentele en volhoubare verandering om op te tree ten opsigte van ongelykhede en die behoeftes van die land en al sy mense, deur mense te bemagtig met behulp van kwaliteitsonderwys, navorsing en die implementering van kundigheid, teen die agtergrond van Suid-Afrikaanse hoër onderwys".

Die NWU het dus aktiewe stappe gedoen om die transformasieproses strategies te beplan, asook om vordering ooreenkomstig die volgende nege ewe belangrike elemente deurlopend te evalueer: Toegang; Belyning; Billikheid; Verhoogde eenheid; Kwaliteit; Regstelling; Hulpbrontoewysing; Studente-ervaring; en Sukses.

Die Raad het ook besluit om 'n uitvoerende adviseur in die kantoor van die visekanselier aan te stel wat spesifiek op die verwesenliking van die NWU se transformasiedoelwitte sal fokus. Die Raad het sekere diversiteitsteikens met betrekking tot studentetalle gestel. Hierdie teikens neem ook die funksioneel meertalige taalbeleid van die instelling in aanmerking.

In die praktyk beteken dit dat ons studentetalle (kontak) soos volg in die volgende 10 jaar gerig sal moet word (huidige persentasie word tussen hakies aangetoon):

KAMPUS/NWU	WIT STUDENTE	SWART STUDENTE
Mafikeng	10% (1%)	90% (99%)
Potchefstroom	70% (76%)	30% (24%)
Vaaldriehoek	25% (31%)	75% (69%)
<b>NWU totaal</b>	<b>43% (49,1%)</b>	<b>57% (51,9%)</b>

Daar is ook besluit dat die Potchefstroomkampus die ankerkampus vir Afrikaans en die Mafikengkampus die ankerkampus vir die bevordering van Setswana sal wees. Die moontlikheid sal ook ondersoek word om dieselfde vir Sesotho op die Vaaldriehoekkampus te doen.

#### □ Handelsmerkvestiging

Die handelsmerk-uitrolproses is voortgesit, en die eerste fase van die webherontwikkelingsprojek is geïmplementeer. Die nuwe voorkoms en gevoel van die webbladsy is met die NWU se handelsmerk bely en verbeter dus die NWU se

beeld. Gedurende die jaarlikse Konferensie oor Bemaking, Bevordering en Kommunikasie in Onderwys ("MACE") in November 2010 het die NWU 'n Uitnemendheidstoekening in die kategorie Digitale Media – Webwerwe ontvang. Die NWU het hierdie toekening ontvang ter erkenning van die suksesvolle voltooiing van die eerste fase van die herontwikkelde webwerf.

#### □ Finansies en infrastruktuur

Met die negatiewe ekonomiese omstandighede wat in 2010 geheers het, het die Institusionele Bestuur (IB) baie skerp na die maandelikse afwykingsverslae gekyk, en ons is dankbaar dat ons die finansiële jaar 2010 binne die begroting en met 'n klein surplus afgesluit het.

#### □ Nuwe aanstellings

Die NWU het 'n nuwe era betree met die aanstelling van twee nuwe kampusrektore – die eerste rektore wat nie deel van die samesmeltingsproses was nie. Prof Thanyani Mariba, rektor van die Vaaldriehoekkampus, en prof Herman van Schalkwyk, rektor van die Potchefstroomkampus, is vir 'n termyn van ses jaar aangestel.

Hierbenewens is drie lede van die huidige IB vir 'n verdere termyn aangestel. Prof Dan Kgwadi, rektor van die Mafikengkampus en prof Johan Rost, Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite, is vir nog 'n sewejaartermyn aangestel, terwyl prof Frikkie van Niekerk, Uitvoerende Direkteur: Navorsing en Innovasie vir nog 'n sesjaartermyn aangestel is.

#### □ Kultuur en klimaat

Gedurende 2010 het die IB ook kennis geneem van 'n verslag oor die Klimaat- en Kultuuroopname wat aan die einde van 2009 voltooi is. Die uitkoms van die jongste opname het getoon dat ons werklik vordering maak om beslag te gee aan balans tussen eenheid en diversiteit, asook tussen effektiwiteit en transformasie. Die belangrikste uitkoms hiervan was die "kultuurkoëffisiënt" van die instelling, wat van 58,3% in 2007 tot 63,3% in 2009 gestyg het. (Dit moet natuurlik gelees word teen die aanvaarbare norm van 'n maksimum van 75%.)

Die senior bestuur van die universiteit (insluitende alle direkteure, dekane, kampusbesture en die IB) het 'n werkwinkel gehad oor die tema "Om een te word: die stand van werksverhoudinge tussen die Institusionele Kantoor en die kampusse, en tussen ondersteuningspersoneel en akademici op die kampusse". Dit was 'n nodige stap om die debat oor die bestuursmodel van die NWU oop en konstruktief te hou.

### ❑ **Posisionering**

Die NWU-Raad het die benadering aanvaar om op 'n bilike wyse vir kampuspesifieke nisse en vir groei- en ontwikkelingsdoelstellings op die langer termyn voorsiening te maak. In hierdie konteks:

- Sal die Mafikengkampus op matige groei op voorgraadse vlak konsentreer, met 'n sterk fokus op die verbreding van toegang tot Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie (WIT), asook op die verdere ontwikkeling van unieke programme en navorsing oor landelike ontwikkeling.
- Is die Potchefstroomkampus in die proses om hulself te herposisioneer om 'n navorsingsgerigte kampus te word, waar uitnemendheid in onderrig-leer en navorsing wedersyds versterkend is.
- Sal die Vaaldriehoekkampus 'n kwaliteitsgedrewe streekskampus van goeie naam wees, met toepaslike en uitgebreide akademiese aanbieding om in plaaslike en nasionale behoeftes te voorsien en by internasionale standaarde te hou, in die proses om 'n sake- en IT-spilpunt te word.

### ❑ **Personeelvoorsieningsvlakke**

Die personeelkomponent het van 2 853 permanente personeellede in 2009 tot 3 013 in 2010 gegroei. Die personeeltal in verhouding tot die totale inkomste was 52,7% vir die jaar. Soos oral in die sektor, ervaar die NWU ook gereeld vakatures in 'n aantal velde. Die wegwyningskoers vir 2010 was 7%.

Ten einde te verseker dat die universiteit die nodige ondersteuning aan personeel voorsien, het die IB 'n projek begin om stres en uitbranding binne die werksomgewing te meet. Saam met die uitkomst van hierdie proses sal maatreëls daargestel word om personeel te help om hierdie probleme konstruktief te hanteer.

### ❑ **Billikheidsteikens**

Die Institusionele Plan van die NWU bevat gelykheidsteikens wat in oorleg met die onderskeie bestuurders gestel en deur die Raad goedgekeur is. 'n Mate van vordering is met die nastrewing van hierdie teikens gemaak, maar dit het duidelik geword dat die aanvanklike teikens onrealisties was en dat baie van die pogings eintlik net swart werknemers vervang het wat groener weivelde opgesoek het. Dit het tot gevolg gehad dat die getal swart personeellede op ongeveer 36% gebly het.

Die NWU doen proaktiewe stappe om hierdie probleem die hoof te bied, insluitende 'n kapasiteitsbouprogram vir aangewese

groepe (R9 miljoen in 2010), asook 'n kadetstelsel wat suksesvol in die Fakulteit Ingenieurswese geïmplementeer is.

### ❑ **Verhoudings**

Wat betref nasionale erkenning het die NWU die toekenning vir die bes bestuurde instelling (PricewaterhouseCoopers-toekenning) vir die vierde jaar agtereenvolgens ontvang. Die NWU het ook die Nasionale Persklub se toekennings geborg; twee meertaligheidstoekennings van PanSAT ontvang; Spanje gedurende die 2010-Wêreldbeker gehuisves; en die 30e verjaarsdag van die Mafikengkampus gevier. Baie goeie vordering is gemaak met die herontwikkeling van die NWU-webwerf, en mediamonitoring het getoon dat gunstige dekking van die NWU gedurende 2010 ongunstige dekking in 'n beduidende mate oortref het. 'n NWU-afvaardiging onder leierskap van die visekanselier en die kampusrektor het 'n besoek aan die Verenigde Koninkryk (VK) gebring om die internasionaliseringpoging van die universiteit te bevorder en bande met geselekteerde VK-instansies te konsolideer.

In nog 'n belangrike internasionale projek het die NWU sy bande met die Quali-gemeenskap uitgebrei. Dit is 'n gemeenskapshulpbron-konsortium wat hoofsaaklik uit universiteite in die Verenigde State bestaan en wat administratiewe sagteware vir hul lede ontwikkel. Die NWU het 'n klein span ontwikkelaars aan die Quali-studenteprojek toegewys.



### □ Selfevaluering

Die visekanselier is teenoor die NWU-Raad vir die instelling se algehele prestasie verantwoordelik.

Deur die implementering van 'n doeltreffende prestasiebestuurstelsel en jaarlikse evaluering het ons verseker dat die strategieë, prioriteite en teikens in die Institusionele Plan verwesenlik word. Die selfevaluering het daarin gemanifesteer dat die visekanselier en lede van die IB in besonderhede oor prestasies aan die NWU-Raad gerapporteer het en aan die einde van 2010 individueel geëvalueer is.

### □ Prestasies wat bereik is

Ek is dankbaar om te kan sê dat alles met die NWU goed gaan. Ons is voortdurend besig om die winste van die samesmelting te konsolideer en tot die voordeel van al ons belanghebbendes daarop voort te bou. Ons handhaaf 'n opwaartse kurwe ten opsigte feitlik elke prestasieaanwyser, soos die volgende opsomming toon:

Ek spreek graag my dank uit teenoor alle studente en personeel wat tot hierdie uitnemende prestasie bygedra het. Bestuurders regdeur die NWU se vier sake-eenhede moet ook bedank word. Meer spesifiek het lede van die IB (insluitende die drie kampusrektore) die tweede myl saamge-loop en uitnemende diens aan die NWU gelewer.

In die laaste instansie sluit ek graag af met 'n woord van dank aan die Raad van die universiteit, wat bestuur in 'n gees van kritiese solidariteit ondersteun het.

DR T ELOFF  
VISEKANSELIER

	2005	2006	2007	2008	2009	2010
Totale studente-inskrywings:	38 596	38 708	44 726	47 008	50 589	55 732
• Kontak	27 092	27 889	26 075	25 740	26 853	29 243
• Afstand	11 504	10 819	18 651	21 268	23 736	26 489
Voorgraadse slaagsyfer	78,8%	78,4%	79,5%	81,2%	83,6%	83,5%
Deurvloekoers	20%	25%	25%	26%	26,6%	27%
Grade en diplomas toegeken	7 746	9 825	11 345	12 337	13 445	15 083
Meestersgrade toegeken	700	765	618	583	659	633
PhD's toegeken	85	110	124	100	123	129
Artikelekwivalente gepubliseer (totaal)	326	361	376	513	452,5	578,24
NNS-gegradeerde navorsers	85	82	95	103	116	117
Totale navorsingsuitset	865	1 074	1 061	1 083	1 190	1 318
Totale inkomste	R1 133m	R1 272m	R1 436m	R1 671m	R1 827m	R2 002m
Surplus (herhalende items)	R54m	R63m	R66m	R82m	R58m	R43m
Personeelkoste/totale koste	52,5%	52,6%	50,1%	48,8%	50,7%	52,8%
Selfgegenereerde inkomste	R384m	R453m	R542m	R644m	R647m	R642m
% inkomste vanaf regering	43,2%	42,8%	39,8%	40,0%	41,5%	44,6%
% inkomste van klasgelde	21,1%	20,2%	21,4%	20,3%	22,4%	23,6%
Kapitaaluitgawes geboue	R31,7m	R45,3m	R42,9m	R49,3m	R64,0m	R169,6m
Kapitaaluitgawes aan opgradering	R26,6m	R31,2m	R48,7m	R63,8m	R78,8m	R52,2m

# VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: ONDERRIG-LEER EN ADJUNKHOOF



DR T ELOFF (WAARNEMEND)

“

DIE NWU IS SUID-AFRIKA  
SE TWEEDEGROOTSTE  
VERSKAFFER VAN  
AFSTANDSONDERRIG-  
LEER-PROGRAMME. IN 2010  
HET ONGEVEER 26 489  
AFSTANDSLEERSTUDENTE  
BY DIE UNIVERSITEIT  
INGESKRYF.

”

In die universiteit se strewe om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, was hierdie portefeulje se fokus in 2010 op die konsolidering en versterking van die bedrywigheede van onderrig-leer.

Tussen 2004 en 2010 het studentetalle met meer as 50% gegroei. Hierdie groei het hand aan hand gegaan met 'n voortdurende verbetering in slaagsyfers en gradueringskoerse, sowel as met 'n styging in die getal grade en diplomas wat toegeken is. Wat hierdie tendense demonstree, is dat die onderrig-leer-deel van die NWU se kernbesigheid veerkragtig is en in staat om wesenlik tot die positiewe positionering van die instelling in die mark by te dra.

In 2010 het die pogings van die portefeulje daarom gesentreer om die NWU se Program- en Kwalifikasie-mengsel (PKM) te bestuur en aan studente die middele te gee om hul akademiesegeletterdheid-vaardighede en vermoë om uitdagende modules te hanteer en te verbeter, en om akademiese personeel in staat te stel om hul doseervaardighede te ontwikkel. Ander prioriteite was om die ontluikende kultuur van kwaliteit dwarsoor die kampusse te verdiep en die beskikbare steun uit te brei vir studente om studie- en loopbaankeuses te maak.

## BESTUUR VAN DIE PKM

Die proses van belyning van akademiese programme maak die kern uit van die voortgesette kalibrering van die universiteit se PKM.

Belyning verwys na dit wat gedoen word om te verseker dat daar ekwivalensie of pariteit in die uitkomst van alle soortgelyke programme dwarsoor al die kampusse is.

Die belyning van akademiese programme dwarsoor die kampusse verteenwoordig die ingrypendste van die samesmeltingsprosesse, en hoewel redelike vordering gemaak is, moet baie nog gedoen word.

Verskillende kwalifikasiestrukture, verskillende krediettoekennings aan modules en verskillende inhoud (na gelang van kampsusspesifieke nisse en kundigheid) het alles daartoe bygedra om die belyning van programme te bemoeilik.

In 2010 is daar egter volstoom gewerk aan die implementering van alle belynde voorgraadse programme, en aan die verderestrukturele belyningsproses van oorblywende voorgraadse programme.

Die volgende tabel som die status op van die voorgraadse (VG) en nagraadse (NG) programbelyningsprojek aan die einde van 2010:



	GETAL VG-PROGRAMME	%	GETAL NG-PROGRAMME	%
Totale getal programme	333	0%	360	0%
Getal aan IKAS voorgelê (belyn)	16	5%	63	18%
Getal uitgefaseer	0	0%	0	0%
<b>Totaal belyn en uitgefaseer, 2010</b>	<b>16</b>	<b>5%</b>	<b>63</b>	<b>18%</b>
<b>Totaal belyn en uitgefaseer, 2007-2010</b>	<b>223</b>	<b>63%</b>	<b>143</b>	<b>41%</b>

In die implementering van die proses van belyning van voorgraadse programme het die NWU sorg gedra om te verseker dat die gevolglike veranderinge in programme en kurrikula nie studente benadeel het deur hul studietydperk te verleng of koste tot hul studies toe te voeg nie. Net so is daar, waar modules uitgefaseer is, herassessering-geleenthede geskep vir studente wat deur die oorgang geraak is. Dit het hulle in staat gestel om sonder ekstra tyd of koste na die nuwe program of kurrikulum oor te beweeg.

Die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaardproses (IKAS-proses) help met die bestuur van die NWU se PKM deur kritiese oorweging en goedkeuring van programme. Hierdie interkampuskomitee speel 'n noodsaaklike rol ter versekering van 'n belynde, gestandaardiseerde en van kapasiteit voorsiene akademiese onderneming by die universiteit.

## AFSTANDSLEER

Die NWU is Suid-Afrika se tweedegrootste verskaffer van afstandsonderrig-leer-programme. In 2010 het ongeveer 26 489 afstandsl eerstudente by die universiteit ingeskryf.

Gedurende 2010 het die NWU meer as 7 932 afstandsg ebaseerde diplomas en grade toegeken. Internasionale kwaliteitsoudits wat oor die afgelope drie jaar uitgevoer is, het getoon dat die universiteit se nie-kampusprogramme gunstig vergelyk met top-afstands aanbiedinge wat internasionaal beskikbaar is. Teen hierdie agtergrond ondersoek die NWU die moontlikheid om sy teenwoordigheid in afstandsonderrig uit te brei. Dit kan help om die lae deelnamekoerse in hoër onderwys te verbeter en die vaardigheidstekorte in die ekonomie te verlig.

In September 2010 het die Potchefstroomkampus die jaarlikse kongres van die Nasionale Vereniging van Afstandsonderrigorganisasies van Suid-Afrika (NVAOOSA) aangebied.

## AKADEMIESE ONTWIKKELING EN ONDERSTEUNING VAN STUDENTE

Die NWU voorsien akademiese ontwikkelingsgeleenthede aan studente op al drie sy kampusse. Benewens 'n omvattende leeslaboratoriumdiens en meegaande individuele en groe pmentorskap, is Aanvullende Onderrig ("SI") ook dwarsdeur die universiteit beskikbaar.

Die universiteit streef 'n drievoudige doel met sy SI-inisiatief na:

- Om wegkwyningskoerse in histories moeilike modules waarop spesifiek gefokus word, te verminder;
- om studente se akademiese prestasies in hierdie modules te verbeter; en
- om die gr adueringskoerse van studente te verbeter en te verhoog.

Die universiteit se kundigheid in SI is wêreldwyd erken: 'n NWU-personeelid is 'n gesertifiseerde opleier (een van slegs 14 wêreldwyd) en die NWU self is as een van slegs twee nasionale SI-kantore in die land aangestel. Die NWU se program is nie net in Suid-Afrika die grootste nie, maar ook internasionaal.

Uit deurlopende data-analise blyk dit duidelik dat, met gereelde SI-bywoning, studente oor die algemeen hul modulepunt met 5–10% verbeter. Verder sien ons ook dat dit onwaarskynliker is dat studente uit moeilike modules sal onttrek indien hulle weet dat SI beskikbaar is.

Wat ondersteuning van studente betref, word die meeste klem op die benutting van tegnologie geplaas. 'n Nuwe elektroniese werksvloei gebaseerde studiemateriaal-produksiestelsel is in 2010 geïmplementeer om die studiegids-produksiestelsel op die kampusse te standaardiseer en te verbeter. Hierbene wens het die universiteit se elektroniese leerplatform, bekend as eFundi, verdere ontwikkeling in die loop van 2010 ondergaan.

Die volgende tabel voorsien 'n oorsig van die SI-dienslewering vir 2010.

KAMPUS	GETAL MODULES WAARIN SI GEÏMPLIMENTEER IS	FAKULTEITE/SKOLE/PROGRAMME WAT DEELNEEM	GETAL SI-FASILITEERDERS	GETAL SI-SESSIES	% VAN STUDENTE-TALLE BY SI-SESSIES BETROKKE	% HOËRISIKO-MODULES	VERGOEDING AAN SI-FASILITEERDERS
MK	72	5 fakulteite	225	4 140	56%	54%	R148 895,14
PK	96	8 fakulteite	153	3 992	33%	69%	R136 663,76
VDK	82	2 fakulteite	139	3 574	20%	78%	R135 166,81
<b>Totaal</b>	<b>250</b>	<b>15 fakulteite</b>	<b>517</b>	<b>11 706</b>	<b>36%</b>	<b>67%</b>	<b>R420 725,71</b>

So is daar – in 'n loodsprojek wat steeds in die Fakulteit Teologie op die Potchefstroomkampus aan die gang is – skootrekenaars ingebring om die Leerbestuurstelsel (LBS) en studiemateriaal elektronies aan studente beskikbaar te stel.

Die volgende tabel voorsien 'n oorsig van die eFundi-LBS in 2010. Dit is besonder noemenswaardig dat eFundi 'n 100%-penetrasie ten opsigte van studentegebruik geniet.

## ONTWIKKELING VAN AKADEMIESE PERSONEEL

Die akademiese ontwikkeling en ondersteuning van personeel vind plaas deur 'n kombinasie van kampusspesifieke en universiteitswye aktiwiteite. Die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND) is 'n vlagskipprogram wat nuut aangestelde akademiese personelede in staat stel om hulle te vergewis

van die onderrig-leer-praktyke by die NWU, asook van beste praktyke in hoër onderwys. Gedurende 2010 het 100 nuwe dosente Fase 1 van die IKND bygewoon.

Nog 'n interkampus-ontwikkelingshulpmiddel is die Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU), wat dosente aanmoedig om hul onderrigvaardighede te ontwikkel, erkenning verleen aan die beste onderrig-leer-praktyke en dit beloon.

Die ITOU-proses sluit aktiwiteite in soos waarneming van drie kontaksessies deur 'n evalueringspaneel van drie lede, studentetugvoer oor onderrig, bewys van innoverende strategieë en benaderings tot onderrig en leer (insluitende e-leer), en die evaluering van 'n onderrigportefeulje. Van 55 kandidate wat in 2010 deelgeneem het, het altesaam 46 ITOU-toekennings in verskillende kategorieë ontvang. Agt van hierdie ontvangers

eFundi-aktiwiteite	MAFIKENG	POTCHEFSTROOM	VAALDRIEHOEK
Getal eFundi-lokaliteite wat gedurende 2010 geskep is	356	1 561	532
Totale getal aktiewe lokaliteite (sewe of meer studente per lokaliteit) gedurende 2010	278	1 151	457
Totale getal personelede wat in 2010 eFundi as LBS gebruik het	119	385	97

was van die Mafikengkampus, 32 van die Potchefstroomkampus en ses van die Vaaldriehoekkampus.

In ooreenstemming met die NWU se fokus op SI het akademiese personeellede ook gevorderde opleiding hierin ontvang. Die doel was om aan dosente 'n geleentheid te gun om hulle van die onderliggende beginsels van SI te vergewis sodat hulle hierdie kennis in hul onderrig-leer-praktyke kan inkorporeer.

Van die 70 personeellede wat in 2010 gevorderde SI-opleiding bygewoon het, was 26 van die Mafikengkampus, 31 van die Potchefstroomkampus en 13 van die Vaaldriehoekkampus.

## KWALITEITSBESTUUR

Die Institusionele Kwaliteitskantoor ondersteun kwaliteitsverwante inisiatiewe wat as strategiese doelwitte in die Institusionele Plan uitgespel word.

In Mei 2010 is die Institusionele Kwaliteitsouditverslag van die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) ontvang. In respons op hierdie verslag is 'n omvattende verbeteringsplan aan die einde van 2010 ontwikkel en deur die Institusionele Senaat en die Raad goedgekeur. Die aanbevelings wat in die verslag gedoen word, sal omgesit word in goed beplande optrede, gevolg deur gereelde terugvoer aan Institusionele Bestuur en jaarlikse terugvoer aan die HOKK. Benewens die verbeteringsplan het die sogenaamde gapingsprojek, wat uit die ouditvoorbereidings voortgevloei het, ook aandag ontvang. Op die kampusse het kwaliteitsversekeringswerk om programmevaluering gesentreer:

### □ Mafikengkampus

- Eksterne evaluering is vir die vakke Wiskunde en Chemie gedoen.
- Vyf besoeke ná eksterne programmevaluering het plaasgevind.
- 'n Oorsig van die Diergesondheidsprogramme is deur die Suid-Afrikaanse Veeartsenykundige Raad (SAVR) uitgevoer.

### □ Potchefstroomkampus

- Die Meestersgraad in Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk en die Meestersgraad in Besigheidsadministrasie is ekstern geëvalueer.
- 'n Paneel eweknieë (uit Afrika, België, die Verenigde Koninkryk en Australië) het die Skool vir Voortgesette

Onderwysersopleiding besoek en die programme sowel as die besigheidsprosesse van die skool gedurende Maart 2010 geëvalueer.

- 'n Oefenlopie-evaluering is vir alle voorgraadse Ingenieursprogramme gedoen, ter voorbereiding vir die oorsig gedurende 2011 deur die Ingenieursraad van Suid-Afrika.
- Die professionele liggaam vir Geoktrooieerde Rekenmeesters, die SAIGR, het ook 'n opvolgbesoek gedoen om die programbestuur op die Potchefstroomkampus te evalueer. Hierdie opvolgbesoek is ook van toepassing op die akkreditering en aanbieding van hierdie program op die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus.

### □ Vaaldriehoekkampus

- Twee eksterne evalueringe is gedoen, naamlik in die vak Geskiedenis en in die Meestersgraad in Teologie.
- Drie besoeke ná eksterne programmevaluering het plaasgevind.

## LOOPBAANSENTRUM

Die Loopbaansentrum speel 'n noodsaaklike rol in die ontwikkeling en ondersteuning van studente. Die gereelde loopbaanskougeleentheid, waar studente van al drie kampusse met voornemende werknemers kan skakel, het 'n hoogtepunt in die dagboek van die Loopbaansentrum gebly.

'n Egalige groei in loopbaanuitstallings is ondervind. Vir die Mafikengkampus het die getal loopbaanuitstallings van sewe in 2008 tot 15 in 2010 toegeneem. In die geval van die Potchefstroomkampus het die getal van 26 in 2008 tot 67 in 2010 toegeneem, en op die Vaaldriehoekkampus was die styging van 9 tot 14 uitstallings in 2010.

'n Aanlynportaal vir die werwing van gegradueerdes waar vakature-advertensies geplaas is, is ook in stand gehou. Vergelyk met die vorige jaar was daar in 2010 'n 46%-groei in posadvertensies wat op die Loopbaansentrum geplaas is.

Verder het die Loopbaansentrum ten volle gebruik gemaak van die elektroniese studenteplatform, eFundi, om vakatures by werkgewers, werkgewersaanbiedings en enige loopbaanverwante gebeure te adverteer. As gevolg van 'n verhoogde gebruik van eFundi is die volgende hulpbronne nou tot die beskikking van studente wat werk soek: Wenke oor die skryf van CV's, wenke oor aanlyn-aansoeke, skakels na webwerwe vir werksoekers, inligting oor wat werkgewers van werksoe-

kers verlang, en inligting oor die werksoekproses. Die Loopbaansentrum huisves ook 'n Facebook-groep, waar daar tans meer as 450 aktiewe lede is. Hierbenewens is daar 'n Loopbaansentrum-blog wat loopbaanverwante skakels, blog-artikels en –kategorieë, asook positiewe nuus en aanhalings oor loopbane bevat.

## BIBLIOTEEKDIENSTE

Ten einde 'n toereikende en gelykwaardige biblioteek-infrastruktuur op al drie kampusse te verseker, is 'n aansienlike begrotingstoewysing in 2010 vir die opgradering van die versamelings van al drie kampusbiblioteke gedoen. Hierdie begrotingstoewysing beloop 'n strategiese toewysing van R5 miljoen vir die opgradering van al die kampusbiblioteke.

## SLOT

Die oorgang na belynde voorgraadse programme was waarskynlik die mees formidabele uitdaging wat die NWU se onder-

rig-leer-bedrywighe gedurende die jaar in die gesig gestaar het. Hoewel die proses nog voortgaan, is die verandering deur direkte betrokkenheid bestuur. Die lesse wat in die bestuur van die somtyds komplekse belyningsproses geleer is, sal van onskatbare belang wees wanneer daar met die belyning van nagraadse programme voortgegaan word.

Die portefeulje sien uit daarna om die universiteit se onderrig-leer-bedrywighe nog verder te verstewig.



**DR T ELOFF**  
VISEKANSELIER

*(Dr MN Takalo het hierdie posisie tot 31 Augustus 2010 bekleed.)*



Van die gaste by die ITOU-funksie was van links prof Mariëtte Lowes, Viserektor: Onderrig-Leer, Potchefstroomkampus, prof Marlene Verhoef, Uitvoerende Raadgewer: Strategie en Projekte, prof Jaco Fouché van die Potchefstroomkampus en algehele wenner, mnr Dave Kawadza, wenner van die Mafikengkampus, dr Theuns Eloff, visekanselier, prof Dan Kgwadi, Rektor: Mafikengkampus, me Veruschka Pelsler-Carstens, wenner van die Vaaldriehoekkampus en prof Thanyani Mariba, Rektor: Vaaldriehoekkampus.



# VERSLAG VAN DIE INSTITUSIONELE REGISTRATEUR



PROF N TEMBA MOSIA

“

DIE TALLE HOOGTEPUNTE WAT 2010 OPGELEWER HET, IS BEWYS VAN DIE PORTEFEULJE SE VERBINTENIS TOT DIENSLEWERING, DOELTREFFENDE ADMINISTRASIE EN VOLDOENING.

”

Talle uitdagings in 2010 het geleenthede geskep vir die universiteit om sy verbintenis tot aanspreeklikheid, doeltreffendheid en goeie bestuur te demonstreer. Die kantoor van die institusionele registrateur het die Raad en bestuur bygestaan om munt uit hierdie geleenthede te slaan deur dienste te voorsien wat die ruggraat van goeie diens aan studente, doeltreffende administrasie en bestuur en van goeie korporatiewe bestuur uitmaak – iets waarvoor die NWU steeds erkenning as 'n leier in Suid-Afrikaanse hoër onderwys ontvang.

Hoogtepunte vir 2010 het die volgende ingesluit:

- ❑ Die kantoor van die institusionele registrateur het 'n geslaagde strategiese werkswinkel vir die Raad gereël wat aangebied is deur prof Mervyn King, voorsitter van die King-komitee oor korporatiewe bestuur in Suid-Afrika en me Chantell Ilbury, 'n bekende korporatiewe strateeg. Dit het die tema gevorm vir die Raad se evaluering van hul eie prestasie in verskeie aspekte van korporatiewe bestuur, insluitende die nuwe dimensies van volhoubaarheid en geïntegreerde verslagdoening.
- ❑ Die kantoor het ook in opdrag van die Raad 'n transformasie-colloquium gereël.
- ❑ Ander hoogtepunte was die kantoor se verteenwoordiging in die akkrediteringskomitee van die Raad op Hoër Onderwys, wat alle aansoeke vir openbare en private verskaffers van hoër onderwys keur, en die rol van die institusionele registrateur in die Stigting vir Tersiere Instellings in die Noordelike Metropol (FOTIM), eers as tesourier en daarna as adjunkpresident.
- ❑ Om die NWU se internasionale doelstellings te ondersteun, het die kantoor 'n raamwerk vir internasionalisering ontwikkel. Die institusionele registrateur het ook as 'n direkteur en bestuursraadslid van die Internasionale Onderwysvereniging van Suid-Afrika gedien, en is in 2010 as tesourier verkies.

## VERSEKERING VAN REGS- EN REGULATORIESE RESPONSIVITEIT

Regsdienste, wat die universiteit se regsangeleenthede bestuur, het 'n aantal beduidende bydraes gedurende die jaar gelewer. Onder andere het die afdeling:

- ❑ Die finansiële reëls en gepaardgaande reëlins vir betaling van studentegelde hersien, om dit in ooreenstemming met die Nasionale Kredietwet te bring;
- ❑ 'n nuwe diensooreenkoms vir die NWU-tolke opgestel, wat die vorige ooreenkoms vervang het wat nie aan die Wet op Arbeidsverhoudinge en die Wet op Basiese Diensvoorwaardes voldoen het nie;
- ❑ met die Institusionele Koördineerder vir Beroepsgeondheid en Veiligheid geskakel om die toepaslike registers vir ouditdoeleindes by te werk en te voltooi;
- ❑ met die Nasionale Departement van Omgewingsake geskakel oor die lisen-

siëring van sekere navorsingseenhede ingevolge die Wet op Biodiversiteit; en

- ❑ studenteiers deur aanbiedings en lesings opgevoed oor menseregte, die basiese aspekte van korporatiewe bestuur en die skedule van tekenmagte en delegasies.

Verskeie belangrike kontrakte is gesluit, insluitende een met die Dramatic Arts and Literary Organisation (DALRO).

Vir sover dit litigasie en eise deur of teen die universiteit betref, het Regsdienste by verskeie geleenthede as 'n tussenganger vir die universiteit se risikobestuurders opgetree. Regsdienste was ook aktief by twee hoëprofiel korporatiewe inisiatiewe betrokke.

Een was die voorgestelde totstandbrenging en bou van 'n internasionale fietsrybaan op die Potchefstroomkampus. Die tweede inisiatief het ook op sport betrekking gehad, spesifiek die kollektiewe onderneming tussen 23 universiteite om 'n hoëronderwys-sporttrust tot stand te bring met die oog op onder andere die kommersialisering van mediaregte met betrekking tot universiteitsport in Suid-Afrika.

## VOORSIENING VAN BESTUURSINLIGTING

Verskeie inisiatiewe is in 2010 van stapel gestuur om bestuur behulpsaam te wees met tydig en konsekwente inligting vir besluitneming:

- ❑ Die Bestuursinligtingstelsel (BIS) se datapakhuis is verbeter en die NWU en die sektor se studente-HEMIS-data is daarin gelaai. Dit het normbepaling moontlik gemaak en tot meer konsekwente en buigsame verslagdoening gelei.
- ❑ Die ontwikkeling van die institusionele inskrywingsplan is weerspieël in die datapakhuis, en bied die vermoë tot konsekwente voorspelling en verslagdoening oor die verskillende akademiese strukture van die NWU heen.
- ❑ 'n Nuwe klasgeldmodel vir voorgraadse studente is geïmplementeer en oor al drie kampusse bely.

Deur opleiding is toegang tot die BIS-webportaal verbeter. Altesaam 57 gebruikers het in 2010 die opleiding suksesvol voltooi en nog opleiding sal in 2011 volg.

## BETROUBARE KORPORATIEWE REKORDS

In 2009 het die Rekordbestuursafdeling voortgegaan om 'n rekordbestuursprogram te implementeer ten einde die kwali-

teit, betroubaarheid en akkuraatheid van die NWU se korporatiewe rekords te verbeter. Mylpale het die volgende ingesluit:

- ❑ Aanbieding van die kredietdraende opleidingswerkwinkel in rekordbestuur as deel van die jaarlikse opleidingsprogram van Poussierre D'Etoiles Professional Conference Organisers, wat derdegeldstroom-inkomste vir die universiteit gegenerer het.
- ❑ Aanbieding van formele opleiding in rekordbestuur vir 65 personelede van die NWU.
- ❑ Bywerking van die lêerplan en ontwikkeling van 'n nuwe reeks, soos argiewe en museums, beskermingsdienste en MIV/Vigs.
- ❑ Bywerking van die rekordbestuursinligting op die NWU se intranet, met voorsiening van 'n maklik toeganklike platform tot basiese rekordbestuur vir alle interne gebruikers.
- ❑ Bywoning van 'n eendag-werkswinkel aangebied deur Information Technology Central and Content@Work, waar belangrike rekordbestuursaspekte ter voorbereiding van die uitrol van die elektroniese rekordbestuurstelsel, Share, bespreek is.
- ❑ Versekering van veilige fisiese bewaring van rekords deur te begin met 'n bystandsprojek en 'n opname van bewaarplekke.

## ADMINISTRASIE VAN INSTITUSIONELE FUNKSIES EN VERANTWOORDELIKHEDE

Hierdie afdeling was instrumenteel in die opstel van die NWU se inskrywing vir PricewaterhouseCoopers se Korporatiewe Bestuur-toekennings vir 2010, wat die universiteit gewen het. Wanneer hulle inskrywings evalueer, kyk die PWC-evalueringspan na die funksionering van die volgende sleutelgebiede van korporatiewe bestuur in 'n hoëronderwysinstelling: die Raad, komitees van die Raad, Ouditkomitee, Interne Oudit, finansiële verslagdoening, begroting en risikobestuur.

Nog 'n belangrike taak was die koördinerings van die universiteit se Jaarverslag vir die 2009-akademiese jaar. Die universiteit produseer twee weergawes van die Jaarverslag, een vir belanghebbendes en een vir die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding. Hierdie afdeling is verantwoordelik vir die insameling van die inligting vir albei weergawes, maar is uitsluitlik verantwoordelik vir die finale verslag wat die NWU aan die departement moet voorlê ingevolge die riglyne in Goewermentskennisgewing 691 van 2007.

'n Weergawe wat aan die regsvereistes voldoen, is op 30 Junie 2010 by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding

ingedien. Die afdeling het ook 'n beleidsbestuursprogram vir die NWU ingestel.

Alle bestaande NWU-beleide is hersien. Vier beleide is vir hergoedkeuring aan die Raad voorgelê, en een nuwe beleid ter tafel gelê. Alle beleide is in drie tale beskikbaar.

Die afdeling het ook tot die gladde funksionering van die NWU gedurende 2010 bygedra deur:


- ❑ Die institusionele kalender vir 2011 teen Junie 2010 te voltooi en aan die Raad voor te lê vir goedkeuring.
- ❑ Die 73 ex officio-kommissarisse van ede, wat dienste regdeur die universiteit gelewer het, te administreer.
- ❑ Sewe versoeke ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting te hanteer.

## VERBETERING VAN DIENSLEWERING AAN STUDENTE

Die kantoor van Studente Administratiewe Stelsels het die opgradering van die studentegeldstelsel afgehandel, wat die fakturering en toedeling van studentegelde op al drie kampusse effektief gestandaardiseer het.

Die rekeninge wat aan studente gepos word, is herontwerp om die uitleg meer gebruikersvriendelik te maak.

Hierbenewens is nuwe funksionaliteit ook in die beurse- en leningstelsel geïmplementeer om vir nuwe spesifikasies vir sommige van die beurse voorsiening te maak.



Webregistrasie was nog 'n prioriteit. Dit was reeds geruime tyd beskikbaar vir studente op die Potchefstroomkampus wat nie modules herhaal nie en word nou na alle studente op alle kampe uitgebrei, ongeag of hulle in die modules waarvoor hulle registreer, geslaag of gedruip het.

## ARGIEF EN MUSEUMS: VAN VERLEDE TOT HEDE

In 2010 het die Institusionele Argief proaktief opgetree deur sekere waardevolle versamelings soos 218 stelle notules van vergaderings van verskillende fakulteitsrade van die Potchefstroomkampus te verkry, asook argiefportefeuljes van 28 studentekoshuise.

'n Nuwe uitstalling is ontwerp en gebou om aan besoekers 'n oorsig van die samesmelting van die NWU in 2003 en 2004 te gee. Om die versameling van gedrukte foto's en negatiewe te bewaar, is 'n bevoigtiger en lugversorgingstelsel geïnstalleer.

Die versameling digitale foto's het met meer as 8 700 foto's toegeneem. Aangesien dit duur en kompleks is om so 'n groot hoeveelheid digitale data te stoor en te rugsteun, ondersoek die Institusionele Argief nuwe tegnologie en nuwe wyses om hul werk te doen.

Die Mafikengkampus het goeie vordering gemaak met die daarstel van hul argief, terwyl die Vaaldriehoekkampus bewusmakingsveldtogte van stapel gestuur het om hul argiefprogram onder personeellede te bevorder.

## PROFESSIONELE KORPORATIEWEBESTUURS- EN SEKRETARIAATDIENSTE

Institusionele Korporatiewebestuurs- en Sekretariaatdienste verseker dat die aktiwiteite en prosesse van die Raad, Senaat, Institusionele Forum en Institusionele Bestuur aan die statutêre vereistes voldoen.

Onder die hoogtepunte van die jaar was die jaarlikse werkswinkel vir die Raad oor sy rol en verantwoordelikhede en die NWU se transformasie-colloquium wat deur 153 verteenwoordigers van die belangrikste belanghebbersgroepe bygewoon is.

Die program het onderwerpe soos die konsep van transformasie, die NWU-konteks, kurrikulum-transformasie en meertaligheid gedek.

Die Sekretariaat het ook die universiteit se korporatiewebestuurstrukture bygestaan met die vereiste prosesse en het verkiesings gekoördineer om vakatures in die Raad en sy komitees sowel as dié in die Senaat en die Institusionele Forum te vul.

Twee suksesvolle induksiesessies is vir nuut aangewese Raadslede gehou. Gedurende hierdie sessies is lede ingelig omtrent hul rolle en verantwoordelikhede ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 1997, die Statuut van die Noordwes-Universiteit, die King-kode oor beginsels van Korporatiewe Bestuur 2009 (King III) en die Gedragskode vir NWU-raadslede. Die sekretaris van die Raad het ook die nuwe raadslede ingelig oor die normale prosesse en interne reëlings vir die sake van die Raad.

Die Sekretariaat is verantwoordelik vir die koördinering van die aanstellingsproesse van statutêre ampsdraers. Vir hierdie doel het die Sekretariaat die visekanselier en Raad ondersteun met die implementering van die goedgekeurde prosesse toe die ampstermyne van vier lede van die Institusionele Bestuur verstryk het. Die afdeling het ook die Raad en Senaat bygestaan met die aanvra van nominasies vir eretoekennings. Vier nominasies vir eredoktorsgrade en een nominasie vir die kanseliersmedalje is oorweeg en goedgekeur.

## ONDERSTEUNING VAN ALUMNI DEUR KONVOKASIE-ADMINISTRASIE

Die NWU is trots om konvokasielede te hê wat verbind is tot die bevordering van die universiteit. Vier lede van die Konvokasie is in die Raad verteenwoordig. Op 7 Augustus 2010 het die ampstermyne van twee van hulle verstryk, naamlik dié van mnr PWJ Buys en dr FJ Kok. Lede van die Konvokasie is toe genooi om deel te neem aan die verkiesing om die twee vakatures te vul. Van die vier nominasies wat ontvang is, was slegs twee geldig, en die betrokke genomineerdes, mnr PWJ Buys en mev HK Coetzee, is onbestrede verkies.

Daar is begin met die hersiening van die grondwet van die Konvokasie en 'n eerste konsep sal vroeg in 2011 ter tafel gelê word.

## DIE UITDAGINGS VAN DIE INTERNASIONALE ARENA WORD DIE HOOF GEBIED

Die Institusionele Internasionale Kantoor is amptelik in Januarie 2010 ingestel. Dit was in reaksie op dringende versoeke van die

kampusse vir ondersteuning en koördinerings van inisiatiewe vir internasionalisering, soos uitgedruk in die Institusionele Plan van die universiteit. Prof AL Combrink is aangestel om hierdie kantoor te konseptualiseer en tot stand te bring.

Gedurende 2010:

- ❑ Is 'n proseduredokument, gemik op regulering van die aktiwiteite van die Internasionale Kantoor, voltooi en aanvaar. Lede van die Internasionale Kantoor en die kantoor van die registrateur het die jaarlikse konferensie van die Internasionale Opvoedkundige Vereniging van Suid-Afrika (IOVSA) bygewoon. Dit het daartoe gelei dat die NWU as die gasheer vir die Direkteursforum van IOVSA in Maart 2011 gekies is.
- ❑ Is 'n omvattende vraelys voltooi wat die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding aan alle hoërondewysinstellings gestuur het. Die departement se doel was om die vlak van internasionale betrokkenheid regdeur die sektor te bepaal.
- ❑ Is die eerste stappe gedoen om 'n databasis vir alle internasionale ooreenkomste daar te stel.
- ❑ Is ooreenkomste met 'n aantal prestige-instansies onderteken, insluitende die Universiteit van Newcastle en die Universiteit van Adelaide in Australië, asook die Universiteit van Glasgow in die Verenigde Koninkryk.

## SLOT

Die institusionele registrateur is trots om tot die NWU se leierskap in hoërondewysadministrasie en korporatiewe bestuur te kon bydra, en is daartoe verbind om te verseker dat die universiteit 'n rolmodel in die tersiêre onderwyssektor bly. Die talle hoogtepunte wat 2010 opgelewer het, is bewys van die portefeulje se verbintenis tot dienslewering, doeltreffende administrasie en voldoening.



**PROF NT MOSIA**  
INSTITUSIONELE REGISTRATEUR



# VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: MENSEKAPITAAL



MNR VICTOR MOTHOBHI

“  
 BENEWENS DIE LOK  
 EN BEHOUD VAN  
 VAARDIGE BESTUURDERS,  
 AKADEMICI EN  
 BEROEPSLUI HET  
 DIE NWU AANSIENLIKE  
 VORDERING GEMAAK  
 MET DIE BOU VAN  
 'N ORGANISATORIESE  
 KULTUUR WAT GETROU  
 BLY AAN DIE INSTELLING  
 SE BELOFTE VAN  
 'INNOVASIE DEUR  
 DIVERSITEIT'.  
 ”

Die kaliber van die mense by die NWU is 'n sleutelfaktor in die NWU se vermoë om sy strategiese doelstellings te verwesenlik. In 2010 het die afdelings binne die Mensekapitaal-portefeulje net soveel aandag aan die kultuur en ingesteldheid van die organisasie se mensekapitaal as aan hul beroeps- en professionele vaardighede geskenk:

- ❑ Alle nuut aangestelde bestuurders het 'n ontwikkelingsprogram oor geselekteerde grondslag- en oorbruggingsbevoegdheids bygewoon.
- ❑ Ongeveer 7 300 werknemers en hul gades het aan die Werknemerswelsstandprogram deelgeneem, wat gesondheid en welstand, werk-lewebalans en gemeenskapsbetrokkenheid bevorder.
- ❑ 'n Kultuur van verdraagsaamheid en respek is bevorder deur werkswinkele en samesprekings oor diversiteit binne verskeie akademiese fakulteite.
- ❑ Die NWU het 'n MIV/Vigs-voorkomsopname en risiko-evaluering gedoen en gebruik die resultate om sy responsprogram vir MIV/Vigs in die werksplek te verfyn.

## WERKNEMERSTATISTIEK

### Personeelkomplement van die NWU


NWU-WERKNEMERS	2009	2010
Permanent	2 853	3 021
Tydelik	3 255	3 804
<b>Totaal</b>	<b>6 108</b>	<b>6 825</b>

### Werknemer-kategorieë

KATEGORIE	2009	2010
Professionele onderrig/navorsingspersoneel	2 696*	3 013*
Uitvoerende/administratiewe/bestuursberoepslui	121	107
Professionele gespesialiseerde/ondersteuningspersoneel	454	518
Tegnies	283	294
Nieprofessioneel administrasie	2 098	2 409
Ambagte	37	42
Diens	419	442
<b>Totaal</b>	<b>6 108</b>	<b>6 825</b>


\* Totaal sluit tydelike en permanente personeel in

## Geslagprofiel



GESLAG	2009		2010	
Vroulik	3 416	56%	3 816	56%
Manlik	2 692	44%	3 009	44%
<b>Totaal</b>	<b>6 108</b>	<b>100%</b>	<b>6 825</b>	<b>100%</b>

## Demografiese samestelling



RAS	2009		2010	
Afrikaan	2 003	33%	2 200	32%
Bruin	159	3%	174	3%
Indiër	60	1%	72	1%
Wit	3 886	63%	4 377	64%
Onbekend	0	0%	2	0%
<b>Totaal</b>	<b>6 108</b>	<b>100%</b>	<b>6 825</b>	<b>100%</b>

## DIVERSITEITSBESTUUR

Gedurende 2010 het die uitslag van 'n Klimaat- en Kultuur-opname wat aan die einde van 2009 uitgevoer is, getoon dat die universiteit besig is om vordering te maak met die bereiking van 'n balans tussen eenheid en diversiteit, sowel as doeltreffendheid en transformasie.

Aangesien die universiteit streef na die vestiging van 'n kultuur waar diversiteit as 'n bate beskou word en daar ware respek vir die regte en waardigheid van almal is, het die afdeling Diversiteitsbestuur verskeie samesprekings oor die konsep van diversiteit gefasiliteer.

In die Fakulteit Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus het so 'n gesprek byvoorbeeld 'n bewustheid gebring van die feit dat 'diversiteit' baie betekenisse het en na 'n verskeidenheid kenmerke verwys – van ras, geslag en ouderdom tot seksuele oriëntasie, taal en kultuur.

Nog 'n fakulteit wat die inisiatief geneem het om hul personeel en studente te sensiteer vir die konsep van werksplekdiversiteitsbestuur was die Vaaldriehoekskampus se Fakulteit

Geesteswetenskappe. Die departement Bedryfsosiologie het toneelopvoerings gebruik om bestuurders te help om die uiteenlopende wyses waarop verskillende mense kies om hul lewens te lei, te verstaan en te respekteer. Ontwikkelings soos dié is 'n aanduiding dat daar 'n besliste beweging na 'n gesamentlike benadering ten opsigte van veranderings- en transformasie-uitdagings is.

Diversiteit is ook in die departement se menseregtebesprekings en -werkswinkels beklemtoon.

Ten einde transformasiebestuur by die universiteit te bevorder, is 'n pos (driejaartermyn) van Uitvoerende Adviseur: Transformasie en Diversiteitsbestuur in die kantoor van die visekanselier in 2010 geskep en deur die Raad goedgekeur.

## BILLIKHEIDBESTUUR

Die Institusionele Forum vir Indiësnemingsgelykheid en Vaardigheidsontwikkeling (IFIGVO) het nog 'n produktiewe jaar gehad, met taakspanne wat gespesialiseerde insette gelewer het oor kwessies soos die hindernisse in die werksplek waarvoor mense van aangewese groepe te staan kom. Die kampus se Indiësnemingsgelykheidsforum en Vaardigheidsontwikkelingsforum het ook goed gefunksioneer en het verskeie verslae vir oorweging en verdere optrede deur die IFIGVO voorgelê.

Die portefeulje het verseker dat die Raad en sy komitees geëelde vorderingsverslae oor indiësnemingsgelykheid regdeur die instelling ontvang het. Hierdie vorderingsverslae het die belangrikheid daarvan beklemtoon om eksterne en interne faktore in aanmerking te neem in die stel van realistiese, bereikbare teikens. Dit het tot gevolg gehad dat 'n voorgestelde proses geformuleer is om die teikens vir indiësnemingsgelykheid gedurende 2011 te hersien, met groter gebruik van interne en eksterne realiteite.

Daar is hernude fokus geplaas op die aanstelling en redelike akkommodasie van mense met gestremdhede, en 'n persooneloudit word vroeg in 2011 beplan.

## BESTUUR VAN MENSEREGTE

Die Menseregtekomitee speel 'n belangrike rol in die handhawing van respek vir menseregte by die NWU deur ondersoek te doen na en beslissings te gee oor klagtes rakende sken-

dings van regte. Die komitee, wat in 2010 die heraanstelling van advokaat Solly Sithole, SC, as hul voorsitter aanbeveel het, het toesig gehou oor die universiteit se vieringe van Menseregte. Regter Raymond Zondo, voormalige regter-president van die Arbeidshof, het 'n aanbieding oor diversiteit en verdraagsaamheid in die werksplek gedoen.

## WERKNEMERWELSTAND

Die NWU het 'n goed gestruktureerde Werknemerwelstand-program wat die fisiese en emosionele welsyn van personeel in aanmerking neem. Dit bied personeel toegang tot 'n verskeidenheid gesondheids- en fiksheidsdienste, insluitende gesondheidsdae, algemene fiksheidsprogramme (bekend as "Wees Aktief"-projekte), gesondheidsifting, stres- en tydsbestuurwerkswinkels en ondersteuningsgroepe.

Hierdie aktiwiteite is gedurende 2010 goed bygewoon, toe ongeveer 7 333 werknemers en hul gades met Werknemerwelstand kontak gehad het, insluitende:

- ❑ 1 020 van die Institusionele Kantoor
- ❑ 1 289 van die Mafikengkampus
- ❑ 4 398 van die Potchefstroomkampus
- ❑ 626 van die Vaaldriehoekkampus

## BESTUUR VAN MIV/VIGS

Die tweede fase van die Hoëronderwys-MIV/Vigs-projek (HEAIDS) het in 2010 tot 'n einde gekom. Teen die einde van jaar het die NWU 97,27% van die R3,2 miljoen se toekenning van die Europese Unie bestee, wat 'n blywende erfenis in die vorm van 'n doeltreffende, goed funksionerende institusionele model vir MIV/Vigs-koördinerings- en -bestuur nalaat.

Sleutelemente van hierdie bestuursmodel is:

- ❑ Die geïntegreerde navorsingsbestuursinligtingstelsel, InfoEd, wat personeel vir navorsing oor MIV/Vigs kan gebruik.
- ❑ 'n Elektroniese geïntegreerde gesondheidsorg-bestuursinligtingstelsel, Optilife, wat suksesvol by die gesondheidsorgsentrus van al drie kampusse geïmplementeer is.
- ❑ 'n Institusionele kommunikasie-strategie vir 'n geïntegreerde MIV/Vigs-program.
- ❑ Professionele eweknie-opleidings- en beradingsprogramme.
- ❑ Verbeterde primêre gesondheidsorgdienste.
- ❑ Die hoofstroming van MIV/Vigs in akademiese beplanning, navorsing en gemeenskapsdiensleer.

In 2010 het die NWU 'n voorkomsopname en risiko-evaluering van MIV/Vigs voltooi. Die resultate het getoon dat die algehele voorkoms onder studente en personeel 0,9% was. Die laagste voorkomssyfer was onder akademiese personeel (0%), gevolg deur studente (0,6%), daarna administratiewe personeel (4,1%) en dienstepersoneel (10,5%).

Op grond van die resultate van die opname, wat daarop dui dat lede van die dienstepersoneel die kwesbaarste is, het die portefeulje besluit om meer verligtingspogings op hierdie groep te rig.

Mylpale van die MIV/Vigs-responsprogram in 2010 het die volgende ingesluit:

- ❑ Vorming van die Institusionele koördineringskomitee vir Gesondheid en Welstand;
- ❑ 'n Konseptuele raamwerk vir hoofstroming van MIV/Vigs in onderrig-leer; en
- ❑ Personeelopleidingsprogramme oor onderwerpe soos MIV/Vigs in die werksplek, induksie vir nuwe personeel, universele voorsorgmaatreëls en tuisgebaseerde sorg, asook bewusmakingsveldtogte.

## STUDENTESAKE EN SPORT

Die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR) was in die volgende bestuurstrukture van die NWU verteenwoordig: die Raad, Senaat, Institusionele Forum en Institusionele Komitee vir Studentesteundienste.

Lede van die IVSR het ook die Raad se colloquium oor transformasie bygewoon en normbepalingsbesoeke aan die Universiteit van Johannesburg en die Universiteit van die Witwatersrand onderneem, waar hulle samesprekings met die VSR-lede van hierdie universiteite gevoer het.

In Augustus het sommige IVSR-lede die NWU-studente verteenwoordig by die Nasionale Studenteleierskapskonferensie, wat in Johannesburg deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding gereël is.

Al die kampusse het in Julie en Augustus 2010 suksesvolle VSR-verkiesings vir 2010/2011 gehou. 'n Nuwe IVSR is verkies en mnr Jaycee van Rooyen van die Potchefstroomkampus is as IVSR-voorsitter verkies.

Een interkampusportdag, sowel as 'n kultuurvieringsdag vir studente, is gedurende 2010 gehou.



## MENSEKAPITAALBEDRYWIGHEDE

Tot 2009 was die bedrywighele van Mensekapitaal nie baie sigbaar op die kampuſse vir sover dit regstreekse steun aan lynbestuurders en personeellele betref nie. Met die inbring van mensehulpbronpraktisyns besoek Mensekapitaal nou fakulteite en departemente op die kampuſse en voorsien regstreekse diens aan die lynbestuurders en personeellele.

Die hoofdirekteur het ook begin om die uitgebreide kampuſbestuursvergaderings op die Potchefstroomkampuſ by te woon. Dit het kampuſbestuur in staat gestel om regstreeks met Mensekapitaal oor belangrike aangeleenthede in gesprek te tree. Hierdie inisiatief sal ook gedurende 2011 na die ander twee kampuſse uitgebrei word. 'n Projek is gedurende 2010 begin om die presiese personeelkomplement van elke fakulteit en ondersteuningsafdeling te bepaal en vas te vang, aangesien dit een van die doelwitte van die Institusionele Plan is.

Ten einde doeltreffender werksprosesse in mensekapitaalbedrywighele te verseker, is 'n projek geïnisieer om alle prosesse te ontleed, te herontwerp en te karteer. Dit word gedoen met behulp van die Projekkantoor. Die uitkoms van hierdie projek sal 'n handleiding met vloekaarte vir alle kernprosesse wees, wat gebruik sal word om verantwoordelikhede en aanspreekelikhede van MH-personeel te bepaal, en om huidige prosedures met die oog op verbeterde logika en duidelikheid te hersien. 'n Handleiding vir personeelgedrag is opgestel en deur die vakbonde aanvaar.

Die betaalstaatsstelsel en MH-stelsel is aangepas om woonadresse vir personeellele te weerspieël as gevolg van nuwe belastingwetgewing wat vereis dat alle werknemers se adresse op die IRP5's weerspieël word. Gedurende 2010 was daar 17 sake by die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) en 11 Arbeidshofsake. Die getal dissiplinêre sake was dieselfde as in die verlede, maar daar is gevind dat die ernstigheid en kompleksiteit aan die toeneem was.

'n Bedrag van R2 351 000 is van die Sektor-owerheid vir Onderwys en Opleiding (SETA) vir spesifieke opleidingsprojekte verkry. Dit was bo en behalwe die normale vaardigheidshewingfondse wat van die SETA ontvang is. Van die befondsing wat ontvang is, is R905 000 gebruik om toesighoudende en fundamentele bestuursopleiding vir 60 personeellele te doen wat vir hierdie opleiding deur hul bestuurders genomineer is. Altesaam 1 726 personeellele het opleiding bygewoon wat

uit die Vaardighedsfonds befonds is. Die 2010-Werksplekvaardighedsplan is voorgelê, ná oorleg met al die belanghebendes, insluitende die vakbonde.

## LEIERSKAPSAKADEMIE

In die tweede jaar sedert dit begin is, het die Leierskapsakademie homself as 'n geïntegreerde en dinamiese deel van die NWU se bestuursprosesse gevestig. Gedurende April 2010 het alle nuut aangestelde bestuurders, sowel as bestuurders wat nie in 2009 kon deelneem nie, 'n ontwikkelingsprogram oor geselekteerde grondslag- en oorbruggingsbevoegdhede bygewoon. Dit het verseker dat die oorgrote meerderheid bestuurders binne 'n tydperk van 15 maande aan dieselfde konsepte en woordeskat blootgestel is.

Die Akademie het gedurende die jaar 30 eendag-werkswinkels vir bestuurders aangebied. Bestuurders het aan verskeie werkswinkels deelgeneem om hul bestuursbevoegdhede op te skerp. Kritieke prosesse van die Leierskapsakademie se program het individuele terugvoer-onderhoude ingesluit wat gedurende die tweede semester met alle bestuurders gehou is.

Hierdie onderhoude dek alle aspekte van die program en stel bestuurders in staat om oor hul eie vordering en toekomstige ontwikkelingsbehoefte na te dink. Meting speel 'n belangrike rol in hierdie onderhoude en so ook die resultate van 'n gesofistikeerde evalueringsoefening deur meervuldige evalueerders. Gedurende 2010 is 'n ontwikkelingsprogram vir 'n groep van ongeveer 40 potensiële bestuurders van stapel gestuur. 'n Elektroniese platform vir kommunikasie en interaksie tussen bestuurders is geïmplementeer, en sal gedurende 2011 verfyn word.

Die Leierskapsakademie het hul kundigheid met bestuurders van ander universiteite in Afrika en internasionaal gedeel. In Maart 2010 het 'n groep van 43 bestuurders vanaf vyf Etiopiese universiteite opleidingsprogramme van twee weke bygewoon. Later in die jaar het die direkteur van die Leierskapsakademie 'n referaat by die jaarlikse Association of Commonwealth Universities (ACU) se Konferensie oor Mensehulpbronbestuur in Melbourne, Australië gelewer.

## ORGANISATORIESE NAVORSING

Die navorsing wat deur hierdie afdeling gegenereer is, verseker dat die NWU tred hou met die jongste ontwikkelings oor



mensekapitaal-aangeleenthede, soos prestasie-, talent- en vergoedingsbestuur. Die volgende onderwerpe is nagevors en besprekingsdokumente is gedurende 2010 voltooi:

- ❑ Die NWU se beleid en prosedures oor prestasiebestuur is hersien om dit in ooreenstemming met beste praktyke te bring. 'n Artikel oor die NWU se geïntegreerde prestasiebestuurstelsel is ook gepubliseer in "Capacity", die ACU se vaktydskrif oor Mensehulpbronbestuur.
- ❑ 'n Kritiese hersiening van die huidige beleid en prosedures het die relevantheid en geldigheid van die NWU se vergoedingsbestuursmodel en -praktyke bevestig. Gevolglik het die NWU 'n vaste vergoedingskommissie op institusionele vlak tot stand gebring en 'n driejaar-begrotingsvoorsiening goedgekeur om te verseker dat die NWU se vergoeding markverwant is.
- ❑ 'n Besprekingsdokument oor 'n geïntegreerde talentbestuurstrategie vir die werwing, ontwikkeling en behoud van hoog presterende personeel is ontwikkel, en sal gedurende 2011 op verskillende interne forums gedebatteer word.
- ❑ 'n Individuele sorg- en ondersteuningsprogram vir bestuurders is gedurende 2010 ontwerp en sal vanaf 2011 geïmplementeer word. Dit sluit monitering en afrigting in, maar ook 'n kontinuum van ingrepe wat vir die ondersteuning van bestuurders met 'n verskeidenheid werksplekuitdagings en -behoeftes gebruik kan word.

## SLOT

Die NWU het lank reeds die tradisionele administratiewe benadering tot mensehulpbronne agtergelaat ten gunste van 'n proaktiewe, strategiese benadering wat mensekapitaalontwikkeling beklemtoon.

Getrou aan sy naam verseker die portefeulje dat die universiteit in staat is om die talent van sy bestaande personeelkomplement aan te wend terwyl die vaardigheidsbasis deur gerigte werwing van buite lewendig gehou word. Benewens die lok en behoud van vaardige bestuurders, akademici en beroepslui het die NWU aansienlike vordering gemaak met die bou van 'n organisatoriese kultuur wat getrou bly aan die instelling se belofte van 'Innovasie deur diversiteit'.

**MNR VL MOTHOB**  
UITVOERENDE DIREKTEUR: MENSEKAPITAAL

# VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: KORPORATIEWE SAKE EN VERHOUDINGE



ME PHUMZILE MMOPE

“

MEDIAMONITERING HET GETOON DAT GUNSTIGE DEKKING VAN DIE NWU ONGUNSTIGE DEKKING GEDURENDE 2010 IN 'N BEDUIDENDE MATE OORSKADU HET. VAN DIE 1 062 MEDIA-ITEMS WAT ONTLEED IS, WAS 1 049 GUNSTIG EN 13 ONGUNSTIG.

”

Die universiteit se grootste bate en terselfdertyd sy grootse potensiële risiko is sy reputasie. Om die NWU se reputasie te bou, te handhaaf en te beskerm en reputasierisiko doeltreffend te bestuur, het Korporatiewe Sake en Verhoudinge die organisasie se reputasie-, belanghebbers- en krisis-bestuurstrategie ontwikkel.

Aangesien 'n hoeksteen van hierdie strategieë die strategiese en proaktiewe bestuur van verhoudinge met belanghebbendes is, het Institusionele Bestuur in 2010 strategiese befondsing toegewys ter ondersteuning van die ontwikkeling van die NWU se belanghebbersprofiel.

Met dit in gedagte is deelnemende sessies met die kampusbestuurskomitees van die Mafikeng-, Potchefstroom- en Vaaldriehoekskampus gehou, wat 'n inklusiewe beeld van groepe of individue met 'n belang in die universiteit se doelstellings voorsien het. Hierdie belanghebbendes is daarna in vier vlakke gekategoriseer, soos wat in die tabel op p67 aangetoon word.

Ná voltooiing van die profileringsproses vir belanghebbendes het Korporatiewe Sake en Verhoudinge die grondwerk vir samewerking met die drie kampusse in 2011 gefinaliseer ten einde Vlak 1-belanghebbendes by 'n persepsie-oudit te betrek. Die resultate sal gebruik word om 'n geïntegreerde reputasie- en belanghebbersbestuurstrategie te ontwikkel, asook 'n interne en eksterne handelsmerkposisioneringsveldtog.

## STRATEGIESE HANDELSMERKPOSISIONERING

Korporatiewe Sake en Verhoudinge het toesig gehou oor die uitrol van die amptelike handelsmerk sedert 2007, en dit is in 2010 afgehandel. Die proses het die verhoging van handelsmerkbewustheid op die drie kampusse ingesluit, asook die bekendstelling van innovasies soos die visuele taal en 'n gedeelde ontwerpdiens deur Graphikos, 'n interne ontwerpstudio.

In Februarie 2010 het die universiteit se Raad die handelsmerkbeleid goedgekeur, wat daarop gerig is om handelsmerkbestuursprosesse en toepassings regdeur die Institusionele Kantoor en die drie kampusse te stroomlyn. 'n Prosedure vir die hantering van sekondêre logo's is ook ontwikkel en geïmplementeer.

Ander noemenswaardige projekte wat gedurende die handelsmerkuitrol voltooi is, het die volgende ingesluit:

- ❑ Die skepping van 'n gedeelde versameling beelde (“images”) waartoe die bemerkings- en ander afdelings toegang kan verkry om 'n samehorige visuele identiteit te bou en te handhaaf wat by die wese van die NWU se handelsmerk en handelsmerkposisionering aanklank vind.
- ❑ Voltooiing van die binnekant van die Institusionele Kantoor, en die ontwikkeling van 'n ontwerpriglyn, aangesien die projek belangstelling elders in die universiteit ontlok het.

## Die NWU se interne en eksterne belanghebbendes en hul wisselende vlakke van belang by die universiteit



Vlak 1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Studente</li> <li>• Personeel</li> <li>• Werkgewers/besigheid/nywerheid</li> <li>• Eweknieë en navorsingsinstansies</li> </ul>
Vlak 2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ouers</li> <li>• Departement van Onderwys en Opleiding</li> <li>• Hoër Onderwys Suid-Afrika</li> <li>• Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid</li> <li>• Skole (voornemende studente)</li> <li>• Donateurs/borge/beskermhare</li> <li>• Media</li> </ul>
Vlak 3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Regering</li> <li>• Alumni/Konvokasie</li> <li>• Senaat/Raad</li> <li>• Bestuur</li> <li>• Professionele rade/akkrediteringsmaatskappye</li> <li>• Plaaslike regering/burgerlike organisasies</li> <li>• Afrikaanse gemeenskap</li> </ul>
Vlak 4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Suid-Afrika</li> <li>• Fakulteite</li> <li>• Provinsiale Regering</li> <li>• Internasionale ontwikkelingsinstansies</li> </ul>

- Om 'n rol te speel in die ontwerp en produksie van die universiteit se seremoniële drag is die akademiese hiërgargie gestroomlyn en belyn. Die produksie van die togas is in 2010 voltooi, ná 'n omvattende raadplegende ontwerp- en goedkeuringsproses gedurende die vorige jaar. Die gradeplegtigheidstogas en doktorale drag is ook oor die drie kampusse heen gestandaardiseer.

## INTERNE KOMMUNIKASIE

Interne kommunikasie was 'n prioriteit in 2010, as gevolg van die voortgesette proses van stroomlyning en belyning van aktiwiteite tussen die Institusionele Kantoor en die drie

kampusse. 'n Eksterne fasiliteerder het gehelp om die belyningsproses te dryf, wat sessies met fokusgroepe wat 'n dwarsdeursnee van personeel verteenwoordig het, behels het.

Waardevolle terugvoer is ontvang wat betref alle interne kommunikasiekanale wat gebruik is en gapings is geïdentifiseer. Sekere kommunikasiehulpmiddels is aangepas om te verseker dat personeel kennis neem van belangrike kwessies. Die proses sal gedurende 2011 voortgesit word.

Die hoofkanale van interne kommunikasie wat gedurende die jaar gebruik is, was:

- Die interne nuusbrief Eish!, waarvan sewe uitgawes gepubliseer en versprei is.
- Elektroniese media soos die daaglikse elektroniese kennisgewing aan personeel, bekend as @NWU, die maandelikse nuusbrief van die visekanselier en dringende en krisiskommunikasiebulletins, asook e-kaarte en uitnodigings.
- 'n Nuusbrief van Institusionele Bestuur, wat tot stand gebring is om bestuurders by te staan met die kommunisering van belangrike besluite ná elke vergadering van die Institusionele Bestuur.

As 'n bemarkingshulpmiddel vir personeel, veral vir akademici en senior bestuurders wat met hul eweknieë buite die universiteit in interaksie is, is die NWU Korporatiewe Profiel in Julie 2010 in Afrikaans en Engels gepubliseer.

'n Opsomming van een bladsy in Setswana is ingesluit, asook 'n uitvoerblad met hoëronderwysinligting.

## WEBHERONTWIKKELING

Die NWU-webwerf word herontwikkel om aan alle fakulteite en departemente 'n elektroniese teenwoordig te verleen wat op datum is en die beeld van die universiteit bevorder. Die herontwikkelde webwerf word in fases uitgerol. Dit het vroeg in 2010 begin met hoëvlak organisatoriese inligting en geselekteerde inhoud van drie akademiese fakulteite, een van elke kampus.

Die volgende fase sal vroeg in 2011 begin en sal inligting van alle akademiese fakulteite en ondersteuningsdepartemente behels. Die laaste fase, wat uit studentspesifieke bladsye, 'n virtuele toer en interaktiewe sosiale media bestaan, sal gedurende 2011 afgehandel word.



## EKSTERNE KOMMUNIKASIE

Om die NWU onder eksterne sleutelbelanghebbendes te posisioneer, is 'n reklameveldtog weer eens in vier nasionale Sondagkoerante asook in vier nasionale dagblaaie van stapel gestuur. Die sleutelboodskappe was "Waardes deur visie", die feit dat die NWU opgetree het as gashere vir Spanje, die weners van die 2010-Sokkerwêreldbeker, en die NWU se posisionering as 'n toonaangewende universiteit in Suid-Afrika. Die respons was oorkoepelend positief.

Mediamonitoring het getoon dat gunstige dekking van die NWU ongunstige dekking gedurende 2010 in 'n beduidende mate oorskadu het. Van die 1 062 media-items wat ontleed is, was 1 049 gunstig en 13 ongunstig. Die gunstige dekking het uit 530 gedrukte, 446 uitgesaaide en 73 aanlynmedia-items bestaan, terwyl nege gedrukte, een uitgesaaide en drie aanlynmedia-items die ongunstige dekking uitgemaak het. Hierdie syfers sluit die 2 316 items uit wat as feitelik of gebalanseer gekategoriseer is.

Die meeste van die gunstige dekking het daaruit gespruit dat die Potchefstroomkampus van die NWU gedurende die 2010-Sokkerwêreldbeker die tuisbasis vir Spanje was, asook uit die aantal akademiërs wat as kundiges op hul gebiede aangehaal is of wat by nasionale aktiwiteite betrokke was. Verskeie sportprestasies, insluitende die NWU se prestasie in die Universteitsport. Suid-Afrika-kompetisie, het ook tot die positiewe dekking bygedra.

Die meeste van die negatiewe publisiteit wat ontvang is, was oor die herbenoeming van 'n koshuis op die Mafikengkampus na die voormalige Bophuthatswana-leier, dr Lucas Mangope, en die beoogde onthulling van 'n borsbeeld van hom.

Wat ook tot die ongunstige dekking bygedra het, was die kommentaar van prof Kadar Asmal oor die samesmelting van hoërondewysinstellings en sy bewering dat die voormalige Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys onwillig was om te transformeer. Hierdie en ander kleiner voorvalle is as ongunstig vir die Mafikeng- en Potchefstroomkampus uitgelig. Daar was gedurende 2010 geen ongunstige dekking vir die Vaaldriehoekkampus nie.

In eksterne kommunikasie was een van die hoogtepunte die NWU se borgskap van die 2010 Nasionale Persklub se Joernalis van die Jaar-kompetisie.

Korporatiewe publikasies is ook regdeur 2010 gebruik om die universiteit se handelsmerk te vestig en sy strategiese sleutelboodsappe te verstewig. Die gedrukte vlagskippublikasies was:

- ❑ Die 2009-jaarverslag, wat op 30 Junie 2010 aan die Departement van Onderwys voorgelê is. Daarna is 'n glansweergawe vir belanghebbendes in Engels en Afrikaans gepubliseer, met bestuursopsommings in Afrikaans, Engels, Setswana en Sesotho.
- ❑ "Pocket statistics", 'n uitvoubrosjyre wat 'n opsomming van bestuursinligting bevat het.
- ❑ Twee uitgawes van die alumnipublikasie NWU & U, wat aan alle Konvokasieledere en die alumnikantore van die drie kampusse versprei is.
- ❑ Die gewilde z-vouer, wat deur senior bestuur en akademici as 'n bemerkingshulpmiddel gebruik word en wat inligting oor die Institusionele Kantoor en die drie kampusse bevat.

## VERSTEWIGING VAN BELANGHEBBERS-VERHOUDINGS

Die NWU het voortgegaan om gesonde verhoudings met verskillende belanghebbendes uit te bou of te vestig. Altesaam 12 netwerkdinees is regdeur die land gehou, insluitende twee met die NWU se Raad van Donateurs. Die dinees, aangebied deur dr Theuns Eloff, die visekanselier, was geleenthede om strategiese verhoudinge te smee, sakeontwikkelingsvennootskappe aan te gaan en meningsvormers oor die NWU se prestasies en uitdagings in te lig. Vir die eerste keer is netwerkdinees vir plaaslike sakemense in Mafikeng, Potchefstroom en Vanderbijlpark aangebied.

Dr Eloff het ook 19 ontbytvergaderings met personeellede op die Mafikeng-, Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus en in die Institusionele Kantoor gehou. Dit was daarop gerig om interne kommunikasie te fasiliteer, veral wat betref personeel se bydrae tot prestasies van die universiteit.

## SLOT

Aan die einde van die jaar is daar weer eens 'n oorsig en herstrukturering van samestelling van die Institusionele Bestuur gedoen. As gevolg hiervan sal die departement Korporatiewe Sake en Verhoudinge in 2011 vir twee bykomende funksies verantwoordelik wees, naamlik die Konvokasie en alumni, asook Institusionele Bevordering.

Hierdie ontwikkeling bied opwindende uitdagings aan die departement. Bo en behalwe die rol van die handhawing van 'n samehangende handelsmerkidentiteit en die fasilitering van doeltreffende kommunikasie, sal die afdeling die voorreg hê om wedersyds voordelige vennootskappe tussen die NWU en sleutelgroepe belanghebbendes uit te bou en te verstewig.



**ME PP MMOPE**  
UITVOERENDE DIREKTEUR: KORPORATIEWE SAKES  
EN VERHOUDINGE

# VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: NAVORSING EN INNOVASIE



PROF FRIKKIE VAN NIEKERK

“  
DIE NWU WORD ONDER  
DIE SES TOPUNIVERSITEITE  
IN SUID-AFRIKA  
GEREKEN VIR SOVER  
DIT TOTALE NAVORSINGS-  
UITSET BETREF. OM SY  
AANSIEN OP DIE LANG  
TERMYN TE VERSTEWIG,  
GAAN DIE UNIVERSITEIT  
VOORT OM IN DIE  
ONTWIKKELING VAN  
NAVORSINGSKAPASITEIT,  
TOERUSTING EN INFRA-  
STRUKTUUR TE BELÊ.”

Die navorsings- en innovasie-missie van die NWU is om ooreenkomstig nasionale prioriteite relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte voort te bring en te handhaaf, en innoverende oplossings te bied vir uitdagings waarvoor die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld te staan kom.

Kritieke suksesfaktore vir die verwesenliking van hierdie missie sluit die volgende in:

- ❑ Skepping van 'n instaatstellende omgewing vir navorsingspersoneel, verbetering van die kwalifikasieprofiel van hierdie personelede, en ontwikkeling van personeelkapasiteit.
- ❑ Verbetering van die navorsingsprofiel van die NWU wat betref totale navorsingsuitset, produktiwiteit en gefokusde uitnemendheid.
- ❑ Die vind en vestiging van 'n doeltreffende meganisme om die deurvloei van nagraadse studente te meet en te verbeter, en om spesifiek die waargeneemde afname in inskrywings van PhD- en meestersgraadstudente om te swaai.
- ❑ Monitering van die implementering en verfyning van die navorsingsentiteitemodel, terwyl kwaliteitsversekeringsprosesse en -meganismes ook verfynd word.

## HOOGTEPUNTE IN NAVORSING EN INNOVASIE

Benewens talle aanprysings wat personeel en navorsingsnisareas ontvang het, is hoogtepunte regdeur die spektrum van die universiteit se navorsings- en innovasieaktiwiteite aangeteken:

- ❑ Vordering is gemaak met die totstandbrenging van samewerkende navorsingsbevoegdheidsentrums en -platforms, soos die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) se Waterstofinfrastruktuur-bevoegdheidsentrum (Potchefstroomkampus saam met die Wetenskaplike Nywerheidsnavorsingsraad (WNNR)), die DWT-Nasionale Metabolomikaplatvorm (Potchefstroomkampus) en die DWT-Bevoegdheidsentrum vir Inheemse Kennisstelsels (Mafikengkampus saam met die Universiteit van Venda en die Universiteit van Limpopo).
- ❑ Goedkeuring is ontvang om nuwe samewerkende navorsingsentiteite gehuisves deur die NWU tot stand te bring, naamlik die DWT se Nasionale Voorkliniese Geneesmiddel-onwikkelingsplatform en die Sentrum vir Uitnemendheid in Gevorderde Vervaardiging.
- ❑ Die NWU was weer eens die topverdiener in die Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne vir die Nywerheid (THRIP) van die Nasionale Navorsingstigting (NNS). 'n Goeie THRIP-prestasie is 'n aanduiding van 'n begrip van drievoudigheleik-verhoudings waar hoëronderwysinstellings, die private sektor en die openbare sektor by volhoubare, innoverende samewerking betrokke raak.
- ❑ Die Gemeenskapsbetrokkenheidsportefeulje is tot stand gebring en die NWU se Maatskaplike Ontwikkelingstrust het momentum gekry. Suksesvolle werksinkels is gehou om volhoubare bestuur en verslagdoening aan sleutelrolspelers bekend te stel.

- Die NWU het R25 miljoen van sy eie fondse in navorsings-toerusting belê. Die bedrag het R10 miljoen vir die vervanging van verouderende toerusting ingesluit.
- 'n Spesiale fonds is tot stand gebring vir die aanstelling van navorsingsprofessors en het reeds sy waarde getoon deur die NWU-navorsingsprofiel te verstewig.
- Tydens die jaarlikse prestigedinee op 29 Oktober 2010 het die universiteit die prestasies van sy toppresterende navorsers gevier, waaronder die mees produktiewe junior en senior navorser en die mees produktiewe navorsingsentiteit.

## NAVORSINGSTATISTIEK

Sleutelnavorsingsaanwysers vir die jaar was die getal artikelekwivalente wat gepubliseer is, die getal navorsers met NNS-graderings, meesters- en doktorsale inskrywings en graadverwerwings, en postdoktorale genootskappe wat toegeken is.

Die tabel hieronder gee 'n uiteensetting van navorsingsuitset in die sleutelkategorieë sedert 2004:

## PUBLIKASIE-UITSETTE

Die NWU se gesubsidieerde publikasie-uitset bestaan uit geakkrediteerde vaktydskrifartikels, boeke en konferensieverrigtinge-publikasies. Totale publikasie-uitset vir die jaar het op 578,24 eenhede te staan gekom, wat 'n toename van 22% teenoor die vorige jaar se 452,5 eenhede is. Van die vaktydskrifartikels wat gepubliseer is, het 53,8% (275 eenhede) in die vaktydskrifte van die Instituut vir Wetenskaplike Inligting (IWI) verskyn, vergeleke met 35,5% in 2009. Per capita-uitset, wat verwys na artikels wat per akademikus per jaar gepubliseer is, het van 0,49 in 2009 tot 0,55 in 2010 gestyg. Die mikpunt is om dit tot 0,60 eenhede in die komende akademiese jaar te verhoog.

NAVORSINGSUITSET	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010 (ONGEOUDITEER)
Artikelekwivalente	272	318	352	358	471	409	510,75
Konferensieverrigtinge-publikasies	3	8	8	13	18	34	43,04
Boeke	0	0	2	5	13	5	24,44
Totale artikelekwivalente gepubliseer	275	326	361	376	513	448	578,24
Getal NNS-gegradeerde navorsers	73	85	82	95	103	116	117
Meestersgrade toegeken	626	700	765	618	583	659	633
Navorsingsmeestersgrade	262	293	384	313	281	369	353
Navorsingsmeestersgrade, geweeg	262	293	384	313	281	369	353
Doktorsgrade toegeken	87	82	110	124	100	123	129
Doktorsgrade	261	246	330	372	300	369	387
Totale navorsingsuitset	798	865	1 074	1 061	1 083	1 190	1 318
Postdoktorale genote	9	17	18	34	38	48	69





Die volgende tabel en grafieke reflekteer die universiteit se publikasie-uitset tussen 2005 en 2010.



#### MAFIKENG KAMPUS

FAKULTEIT	2005	2006	2007	2008	2009	2010
Geestes- en sosiale Wetenskappe	2	4	2	5	2,33	8,40
Landbou, Wetenskap en Tegnologie	3,03	8,03	5,58	16,43	26,85	37,48
Handel en Administrasie	1,66	1	0,5	2,2	1,63	1
Regte	1	0	2	1,5	1	5
Opvoedkunde	0	0	0	1	0	0
Viserektor	0	0	0	0	0,5	0
Ander (Sentrum vir Akademiese Ontwikkeling)	0	0	0	0	0	1
<b>Totaal</b>	<b>7,69</b>	<b>13,03</b>	<b>10,08</b>	<b>26,13</b>	<b>32,31</b>	<b>52,88</b>

#### POTCHEFSTROOMKAMPUS

FAKULTEIT	2005	2006	2007	2008	2009	2010
Ander (kampusrektor)	0	0	0	1	0	0,75
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte	36,7	49,16	39	66,5	62,74	52,99
Natuurwetenskappe	50,55	54,55	58,08	79,16	54,57	80,35
Teologie	46,17	55,67	49	60,67	55,17	66,83
Opvoedingswetenskappe	17,25	12,83	16,73	20,13	37,08	36,33
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	21,42	35,86	23,67	42,44	28,83	42,63
Regte	23,82	24,32	30,32	31,83	22,50	15,83
Ingenieurswese	16,45	15	10,67	13,67	8,65	9,5
Gesondheidswetenskappe	67,67	65,91	93,34	89,71	64,48	90,79
<b>Totaal</b>	<b>280,03</b>	<b>313,3</b>	<b>320,81</b>	<b>405,11</b>	<b>334,02</b>	<b>396,04</b>

#### VAALDRIEHOEKKAMPUS

FAKULTEIT	2005	2006	2007	2008	2009	2010
Ander (kampusrektor)	0	0	0	0,5	0	0
Geesteswetenskappe	30,16	25,17	27,34	35,78	40,75	57,83
Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie	0	0	0	3,5	5,87	4
<b>Totaal</b>	<b>30,16</b>	<b>25,17</b>	<b>27,34</b>	<b>39,78</b>	<b>46,62</b>	<b>61,83</b>

#### INSTITUSIONELE KANTOOR

<b>Totale NWU-vaktydskrifartikels</b>	<b>318,38</b>	<b>351,5</b>	<b>358,23</b>	<b>473,77</b>	<b>413,56</b>	<b>510,75</b>
---------------------------------------	---------------	--------------	---------------	---------------	---------------	---------------

Boeke	2005	2006	2007	2008	2009	2010
Mafikeng	0	0	0,09	0,25	0,17	2,83
Potchefstroom	0,23	1,55	5,95	4,31	4,31	21,21
Vaaldriehoek	0	0	0,09	0,26	0,08	0,41
<b>Totale NWU-boeke</b>	<b>0,23</b>	<b>1,55</b>	<b>6,13</b>	<b>4,82</b>	<b>4,56</b>	<b>24,45</b>

KONFERENSIEVERRIGTINGE-PUBLIKASIES	2005	2006	2007	2008	2009	2010
Mafikeng	0	0	0	3,67	3,67	3,09
Potchefstroom	7,58	7,8	10,91	30,38	29,79	32,97
Vaaldriehoek	0	0	0,5	0	0,92	6,98
<b>TOTAAL KONFERENSIEVERRIGTINGE-PUBLIKASIES</b>	<b>7,58</b>	<b>7,8</b>	<b>11,41</b>	<b>34,05</b>	<b>34,38</b>	<b>43,04</b>
<b>TOTALE BOEKE/ KONFERENSIEVERRIGTINGE-PUBLIKASIES</b>	<b>7,81</b>	<b>9,35</b>	<b>17,54</b>	<b>38,87</b>	<b>38,94</b>	<b>67,49</b>
<b>TOTAAL NWU</b>	<b>326,19</b>	<b>360,85</b>	<b>375,77</b>	<b>512,64</b>	<b>452,5</b>	<b>578,24</b>

#### □ Meesters- en doktorsgrade

Sedert 2006 was daar 'n afwaartse tendens in die getal meestersgrade wat toegeken is, met 'n soortgelyke afname in doktorsgrade wat oor die afgelope twee jaar toegeken is. Aangesien nagraadse navorsingsgrade 'n belangrike element van navorsingsuitset uitmaak, beoog die NWU om die dalings teen 2012 om te swaai. Vir die totale getal meesters- en doktorsgrade, raadpleeg die tabel op p71.

#### □ NNS-graderings

Die NWU het die akademiese jaar met 116 NNS-gegradeerde navorsers begin en het in Februarie 2010 het die universiteit 26 graderingsaansoeke by die NNS ingedien. Van die agt aansoeke om nuwe graderings, is vyf aanvaar. In die geval van die 18 hergraderingsaansoeke wat ingedien is, het die NNS 17 goedgekeur. Intussen het drie gegradeerde navorsers die NWU verlaat. Dus het die NWU aan die einde van Desember 2010 altesaam 117 gegradeerde navorsers gehad. Die tabel hier langsaan gee die besonderhede weer van gegradeerde navorsers per kategorie op elk van die NWU-kampusse soos op 31 Desember 2010.

## ONTWIKKELING VAN NAVORSINGS-KAPASITEIT

Die NWU word onder die ses topuniversiteite in Suid-Afrika gereken wat totale navorsingsuitset betref. Om sy aansien op die lang termyn te verstewig gaan die universiteit voort om in die ontwikkeling van navorsingskapasiteit, toerusting en infrastruktuur te belê.

Befondsing word beskikbaar gestel sodat personeel die werwing van hul doktorsgrade kan versnel. Dosente wat hul doktorsgrade gedurende 2010 voltooi het, kon van hulle tyd hiervoor beskikbaar maak deur aansoek te doen om befondsing om plaasvervangende dosente te betaal. Hierbenewens is befondsing

#### NNS-gegradeerde navorsers in 2010:

KAMPUS	KATEGORIE	2009	2010
Mafikeng	C	1	2
	L	1	1
	Y	1	1
<b>Totaal</b>		<b>3</b>	<b>4</b>
Potchefstroom	A	2	2
	B	12	11
	C	70	70
	L	3	3
	P	1	1
	Y	20	20
<b>Totaal</b>		<b>108</b>	<b>107</b>
Vaaldriehoek	Y	3	3
	C	2	3
<b>Totaal</b>		<b>5</b>	<b>6</b>
<b>NWU totaal</b>		<b>116</b>	<b>117</b>

beskikbaar gestel vir die redigering, druk en bind van doktorsale proefskrifte. 'n Bedrag van altesaam R1,775 miljoen is in 2010 hiervoor goedgekeur. Die NWU het weer eens gedurende 2010 beduidende beleggings in geboue-infrastruktuur gemaak. Altesaam R15,7 miljoen is bestee aan nuwe toerusting om die navorsingsprogram te ondersteun, en R855 000 aan navorsing-ondersteuningspersoneel. 'n Verdere bedrag van altesaam R6,78 miljoen is bestee om verouderde toerusting te vervang.

In 2010 het die NWU 'n omvattende program ter erkenning van navorsingsuitsette op alle vlakke van stapel gestuur en goedgekeur. Tydens 'n gala-dinee is die prestasies van die verskillende toppresterende navorsers erken:

- ❑ 14 navorsers wat patente suksesvol geregistreer het;
- ❑ die ontvangers van die S2A3- en Absa-bronsmedaljes vir die beste meestersgraad wat op die onderskeie kampusse ingedien is;
- ❑ 23 navorsers wat 'n NNS-gradering of -hergradering behaal het;
- ❑ vier personeellede wat vir hul kreatiewe uitsette erkenning ontvang het;
- ❑ drie personeellede en drie navorsingsgroepe wat erkenning vir hul vindingrykheid en innovasie ontvang het;
- ❑ twee sentrums en vyf personeellede wat erkenning vir hul verbintenis tot gemeenskapsbetrokkenheid ontvang het;
- ❑ vyf personeellede vir uitsonderlike leierskap en bydraes tot internasionale organisasies; en
- ❑ die mees produktiewe junior en senior navorser en die mees produktiewe navorsingsentiteit.

Ander kapasiteitsbou-inisiatiewe gedurende die jaar was:

- ❑ Die uitrol van verdere modules van die nasionale navorsingsinligtingbestuurstelsel, InfoEd.
- ❑ 'n Bedrag van R2,7 miljoen is aan aanvullende beurse vir meesters- en PhD-studente in die skaars vaardighede bestee.
- ❑ 'n Bedrag van R9,3 miljoen is uitbetaal aan navorsers in die Institusionele Toekennings vir Navorsingsuitnemendheid (ITNU-) aansporingskema.
- ❑ Saadbefondsing vir nuwe entiteite en verskeie ander kapasiteitsbouskemas het R660 000 beloof.
- ❑ 'n Aantal opleidingswerkwinkels is op die drie kampusse en by die Institusionele Kantoor aangebied. Altesaam 397

deelnemers het dit bygewoon en die onderwerpe het geleenthede vir publikasie, wetenskapskommunikasie en befondsing ingesluit.


## POSTDOKTORALE GENOTE

Die postdoktorale program het uitstekend gegroei sedert 2006, toe daar slegs 18 deelnemers was. Teen 2010 het die getal postdoktorale genote tot 57 toegeneem, wat die sukses van die verbeterings wat sedert 2006 aan die program aangebring is, weerspieël. Die onderstaande tabel toon die getal postdoktorale genote per kampus vir 2010. 'n Totale bedrag van R9 020 856,06 is in 2010 aan postdoktorale genootskappe bestee, vergeleke met R882 326 toe die program in 2004 van stapel gestuur is.

## DIE NAVORSINGSENTITEITE-MODEL

Daar is vier entiteitkategorieë, wat begin met intreevlakstrukture bekend as nisareas, tot by die topvlak, naamlik sentrums van uitnemendheid. Gedurende die jaar het die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie (IKNI) drie voorleggings vir die totstandbrenging van nuwe navorsingsentiteite geëvalueer en twee goedgekeur. Die nuwe fokusarea op die Vaaldriehoekskampus word genoem Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET), terwyl die nuwe nisarea op die Mafikengkampus Voedselsekureit en Veiligheid in die Noordwes-provinsie genoem word. Die status van twee entiteite is opgegradeer, met die Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART) wat 'n fokusarea geword het, en die Eenheid vir

Groei in postdoktorale genootskappe sedert 2004, per kampus



TITEL	VLAK	KAMPUS
Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV)	SvU	Potchefstroom
Sentrum vir Ruimtenavorsing	SvU	Potchefstroom
Eenheid vir Energiestelsels	Eenheid	Potchefstroom
Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid Afrikaanse Samelewing	Eenheid	Potchefstroom
Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika	Eenheid	Potchefstroom
Eenheid vir Tale en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks	Eenheid	Potchefstroom
Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur	Eenheid	Potchefstroom
Eenheid vir Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat	Eenheid	Potchefstroom
Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR)	Eenheid	Potchefstroom
WorkWell: Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	Eenheid	Potchefstroom
Eenheid vir Geneesmiddelnavorsing en -ontwikkeling	Eenheid	Potchefstroom
Chemiese Hulpbronveredeling	Fokusarea	Potchefstroom
Sosiale Transformasie	Fokusarea	Potchefstroom
Onderrig-leerorganisasies	Fokusarea	Potchefstroom
Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART)	Fokusarea	Potchefstroom
Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET)	Fokusarea	Vaaldriehoekcampus
Bevolking en Gesondheid	Nisarea	Mafikeng
Voedselsekuriteit en Veiligheid in die Noordwes-provinsie	Nisarea	Mafikeng
Sosio-ekonomiese Impak van Toerisme	Nisarea	Potchefstroom
Opvoedkundige Tegnologie vir Doeltreffende Onderrig, Leer en Fasilitering	Nisarea	Potchefstroom
Fisiese Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek)	Nisarea	Potchefstroom
Musikale Kunste van Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings	Nisarea	Potchefstroom
Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MGSA)	Nisarea	Potchefstroom

Ruimtesfika, wat tot 'n sentrum van uitnemendheid opgegra-deer is.

Die NWU het die jaar met 22 navorsingsentiteite afgesluit, bestaande uit twee sentra van uitnemendheid, nege navorsingseenhede, vyf fokusareas en sewe nisareas. Dit word in die tabel hierbo gelys.

## NAVORSINGSBEFONDSING

### NNS-befondsing

Daar was 'n beduidende toename in befondsing vanaf die NNS in 2010, soos die onderstaande tabel aantoon. Die aanvanklike bedrag wat vir 2010 toegeken is, was ongeveer 10% meer as in 2009. Die aanpassings wat egter gedurende 2010 gemaak

ITEM	BEDRAG	AANGESUIWERDE	TOEKENNING	BESKIKBAAR GESTEL
2009	R20 640 899	R8 636 477	R29 273 760	R24 363 956
2010	R22 979 510	R16 707 198	R39 686 708	R33 800 388

FAKULTEIT	NAVORSINGSENTITEIT/SENTRUM	2009: TOTAAL	2010: THRIP	2010: BEDRYF
Ingenieurswese	Energiestelsels	R 24 950 250	25 545 154	36 220 350
Natuurwetenskappe	Bedryfswiskunde en Informatika	R 1 535 625	1 310 382	3 386 000
<b>Totaal</b>		<b>R26 485 875</b>	<b>26 855 536</b>	<b>39 606 350</b>

is, was ongeveer dubbel die 2009-syfer, wat beteken dat die finale bedrag wat in 2010 toegeken is, ongeveer 30% meer as die 2009-bedrag was.

## THRIP-BEFONDSING

Die fondse wat in 2010 vir THRIP-projekte verdien is, word in die tabel hierbo gelys. Dit is belangrik om daarop te let dat alle THRIP-geld wat van die NNS ontvang word, 'n bydrae vanaf die nywerheid vooronderstel.

- Ontwikkeling van kommersiële modelle.
- Bystand met befondsingsaansoeke vir projekte en navorsingsleerstoele.
- Bystand met IE- en kommersialiseringsaangeleenthede betreffende THRIP, die Innovasiefonds en ander befondsingsaansoeke.
- Bestuur van bestaande lisensiëringsooreenkomste en herbedinging van oneffektiewe lisensiëringsooreenkomste.
- Bemaking van tegnologieë en die bou van netwerke.
- Oprigting en mentorskap van newemaatskappye.

## BESTUUR VAN INTELLEKTUELE EIENDOM (IE)

Bestuur van intellektuele eiendom is die verantwoordelikheid van die Kantoor vir Tegnologieoordrag en Innovasiesteun (TO&IS), wat gedurende 2010 op die volgende gefokus het:

- Tegnologieoordragsteun.
- Bystand met die beskerming van intellektuele eiendomsreg.

### Patentportefeulje

Sedert die DWT begin het om universiteite se patentvervolgingskoste te subsidieer, het die NWU die maksimum subsidie ontvang. Dit is as gevolg van die hoëkwaliteit-patentregister wat die regs-kantoor 'n aantal jare gelede ontwikkel het, en die pogings tot kommersialisering deur die TO&IS-kantoor. Die subsidie het die R1-miljoenmerk oortref vir patente wat in 2009 geregistreer is.

OPENBAARMAKINGS, INDIENINGS EN REGISTRASIES:	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010
Openbaarings	0	0	7	8	6	11	11
Voorlopige RSA-aansoeke	3	4	6	3	4	5	8
RSA finaal toegestaan	6	5	3	4	1	5	1
Totale getal RSA-gepatenteerde uitvindings	17	22	25	29	30	35	36
Getal patente in medebesit ingesluit by RSA	0	0	0	0	0	0	4
Eerste internasionaal toegekende patente	2	1	0	1	1	5	1
Totale getal eerste internasionaal gepatenteerde uitvindings	6	7	7	8	9	14	15
Getal lande in portefeulje	0	0	0	47	47	47	47
Modelle geregistreer (vanjaar/totaal)	1/1	1/2	0/2	0/2	0/2	0/2	0/2
Planttelersregte (vanjaar/totaal)	0/4	0/4	0/4	0/3	0/3	0/3	0/3

\* Let daarop dat een uitvinding in talle lande geregistreer kan wees maar hier as slegs een uitvinding gerapporteer word. Die NWU het nege VSA-geregistreerde patente tot op datum en agt hangende VSA-patente.

## Patentondersteuning

JAAR ONTVANG	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010
Bedrag aan NWU toegeken	R717 226	R763 380	R674 202	R813 584	R770 743	R1 233 269	hangende
Getal individue	6	10	2	4	9	2	hangende
Totaal aan individue toegeken	R120 000	R202 000	R50 000	R85 000	R160 000	R40 000	hangende

\*Die Innovasiefonds van die DWT ondersteun die NWU deur tot 50% van die koste van patentering te betaal en aansprings aan individuele uitvindings toe te ken. Steun is ontvang vir finale RSA-toegestaande indienings die vorige jaar.

Die Tegnologieoordragkantoor het aan die ontwerp en funksionaliteit van die nuwe InfoEd-databasis deelgeneem. Hierdie stelsel sal as die enkele databasis vir patentinligting en relevante kommersialiseringsooreenkomste dien. Die eerste twee modules vir tegnologieoordrag is tydens 'n gesamentlike werkswinkel in Stellenbosch goedgekeur en die proses van massapulasie van die databasis het begin.

Die tabel op p76 sit die status van die verskillende komponente van die NWU se intellektuele portefeulje uiteen.

## KOMMERSIALISERING

Kommersialisering verwys na kontraknavorsing, innovasieooreenkomste, dienste waarvoor koste gehef word en gesamentlike tegnologieontwikkelingsprojekte.

### □ Noordwes-Wetenskapspark (NWWP)

Die Noordwes Provinsiale Regering het dié projek as 'n prioriteitsprojek vir die provinsie goedgekeur. Veranderinge in die provinsiale kabinet het tot 'n onbepaalde vertraging in die infrastruktuur van die projek gelei. Die totstandbrenging van sommige van die 10 tegnologie- en ekonomieseontwikkelingsprogramme van die Wetenskapspark gaan steeds voort. Een program, die Noordwes Lewende Laboratoriums, word reeds uit 'n tydelike kantoor in die stad Potchefstroom bedryf. Die sakeplan vir 'n veel groter program, 'n streeksinnovasiesentrum in die Noordwes-provinsie, word oorweeg. Die oorblywende agt programme is in verskillende ontwikkelingsstadiums en sal voltooi word wanneer die wetenskapsparkprojek eers amptelik van stapel gestuur is.

### □ Ooreenkomste

Die TO&IS-kantoor het 39 kontrakte gedurende 2010 hanteer, wat agt meer as die vorige jaar is.

'n Nuwe kontrakprosedure is met die kampusviserektore beding wat lynbestuur bemagtig om verantwoordelikheid vir die bestuur van hul kontrakte te aanvaar.

### □ Kommersialisering van patente

Die Tegnologie-oordragkantoor het die volgende patente aktief gedurende die jaar gekommersialiseer:

- Ontstekingstelsel
- Lukraakgetalgenereerder-apparaat
- Tablette teen halitose
- Elektriese omheining gebaseer op die Mosfet-tegnologie
- Osoongenerator
- Pheroid-gebaseerde vaksien

Die TO&IS-kantoor het die uitvindings van sewe nuwe patente bygestaan met die bewys van die konsepte voordat daar met die bemerking begin sal word.

### □ Bemerking, netwerking en opleiding

Die universiteit het voortgegaan met die uitruil van kennis en idees oor innovasie met ander universiteite, nywerheidsforums en sakevennote. Die Noordwes-Wetenskapspark se sakemodel het gedurende 2010 prominent in die NWU se netwerkkattiwiteite gefigureer. Onder andere is die senior bestuur van verskeie private ondernemings persoonlik omtrent die wetenskapspark-projek ingelig en is 'n opsomming van 'n referaat oor die onderwerp deur die Internasionale Vereniging van Wetenskapspare vir lewering in Junie 2011 aanvaar.

Die Tegnologieoordragkantoor het verseker dat sy personeel op die hoogte van wetgewende en regulatoriese ontwikkelings op die gebied van innovasie bly. Gedurende 2010 het lede van die span opleiding en seminare oor die nuwe Wet op Intellektuele Eiendomsregte en die nuwe Maatskapywet bygewoon.

## KWANTITATIEWE KOMMERSIALISERINGSUITSETTE

### Lisensiëring, tantiëme en produkverkope

	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010
Nuwe lisensie-ooreenkomste	7	3	2	0	1	1	0
Ooreenkomste beëindig	1	1	1	1	0	0	0
Totale aktiewe ooreenkomste	10	12	12	11	12	14	14
Totale tantiëme-inkomste (produkverkope uitgesluit)	R860 387	R1 153 931	R1 427 496	R1 363 754	R875 520	R1 593 006	R2 144 448
Tantiëme aan uitvindings uitgekeer	R160 852	R141 440	R173 070	R129 836	R66 418	R31 026	R66 548
Bruto inkomste uit produkverkope gegrond op eie IP	R1 523 415	R2 228 050	R4 262 250	R2 843 634	R2 518 276	R1 026 251	R1 530 243

### Newemaatskappye (onafhanklik, geassosieer en filiale)

	2004	2005	2006	2007	2008	2009	2010
Nuwe newemaatskappye	1	1	3	1	1	1	0
Totale tegnologie-newemaatskappye sedert 1999	9	10	13	14	15	16	16
Tegnologie-newemaatskappye steeds aktief	9	9	11	11	12	13	13
Nuwe beleggings in maatskappye (insluitende newemaatskappye)	1	1	2	0	0	0	0
Getal onttrekkings/disinvesterings	1	1	0	1	0	1	1
NWU-filiale en geassosieerde maatskappye teen jaareinde	5	5	7	6	6	5	4
Inkomste verkry uit disinvesterings	0	R250 000	0	0	0	Ondersteuning	R76 000

## GEMEENSKAPSBETROKKENHEID

By die NWU word gemeenskapsbetrokkenheid omskryf as aktiwiteite wat die personeel en studente van die universiteit onderneem om behoeftige individue of sektore van die gemeenskap op te hef. Om te verseker dat gemeenskapsbe-

trokkenheid by die NWU impak het en volhoubaar is, word dit gekoördineer deur die Gemeenskapsbetrokkenheidskantoor, wat binne die navorsings- en innovasieportefeulje geleë is. In 2010 het die kantoor, ten spyte van die impak van die ekonomiese resessie, hul poging verskerp om die NWU as 'n voorkeurvennoot vir gemeenskappe, korporasies en



Die Mafikengkampus het 'n nuwe wetenskapsentrum geopen wat tot voordeel van leerders en onderwysers van laer- en hoërskole, studente en die publiek sal strek. Die voormalige minister van Wetenskap en Tegnologie, me Naledi Pandor, het die sentrum amptelik geopen. Hier demonstreer prof Jan Smit (regs) een van die eksperimente aan haar en prof Dan Kgwadi, die rektor van die Mafikengkampus (links).

staatsagentskappe te posisioneer. 'n Prominente tema vir die jaar was die ontwikkeling van maatskaplike entrepreneurs, geskoei op die maatskaplike entrepreneurskapsprogramme van die Wêreldbank en eBio. As deel hiervan het die NWU twee beurse geborg vir studente wat hul diplomas in bestuur en sakebestuur doen. Een van hierdie studente het 'n artikel 21-maatskappy genaamd Mosaic SA tot stand gebring (voor-

heen bekend as Hope Village Development). Mosaic voorsien pleegfamilies van weeskinders van behoorlike behuising, werksgeleenthede en vaardigheidsopleiding. Hierdie projek was een van die suksesvolste weeskindersorg-ontwikkelingsprojekte tot op datum, met 'n jaarlikse omset van R1 miljoen gedurende die eerste jaar. Nog 'n sleutelfokus was die ontwikkeling van strategiese planne en beleid om rigting en



inligting vir die gemeenskapsbetrokkenheidsplanne van die kampusse te voorsien. Twee hoëvlak-werkswinkels is gehou om 'n gedeelde begrip en terminologie wat betref korporatiewe maatskaplike verantwoordelikheid onder top- en middelbestuurders by die NWU te verseker. Dit is veral belangrik dat hulle op volhoubare ontwikkeling en op doeltreffender monitoring en impakverslagdoening konsentreer. Werk is ook voortgesit aan die ontwikkeling van strukture om met interne en eksterne belanghebbendes in gesprek te tree. Die NWU se Forum vir Voortgesette Samewerking in Ontwikkeling (FVSO) het ook die leiding geneem deur die opleidingsbehoefte van nie-regeringsorganisasies en gemeenskapslede te identifiseer sodat opleidingskursusse vir hulle in 2011 aangebied kan word.

Die Gemeenskapsbetrokkenheidskantoor is deel van die breër proses van ontwikkeling van toepaslike norme vir gemeenskapsbetrokkenheid deur die universiteit. Dit het deelname aan die Suid-Afrikaanse Forum vir Hoëronderrwyse-gemeenskapsbetrokkenheid (SAFHOGB) en internasionaal aan die Talloires Network ingesluit.

#### ❑ Die NWU Maatskaplike Ontwikkelingstrust

Die doel van die NWU Maatskaplike Ontwikkelingstrust (NWU MOT) is om volhoubare ontwikkeling te ondersteun. Tot op datum is inkomste van R900 000 in die Trust se rekening inbetaal en is 'n verdere R350 000 vir klein projekte ingesamel. 'n Aantal korporatiewe ondernemings was vennote in projekte op die drie kampusse en het gesamentlik meer as R2 miljoen oor verskeie jare bygedra.

#### ❑ Bevordering van gemeenskapsgebaseerde navorsing

Talle inisiatiewe vir gemeenskapbetrokkenheid bied lewensvatbare geleenthede vir navorsing. Met hierdie besef is die NWU besig om gemeenskapsgebaseerde navorsing in die Navorsingsentiteit-bestuursmodel in te bou. Dit het tot gevolg gehad dat voorleggings oor volhoubare ontwikkeling aan die DWTgemaak is, en die insluiting van gemeenskapsbetrokkenheid-aktiwiteite by die navorsing wat vir die Provinsiale Departement van Maatskaplike Ontwikkeling gedoen word. Ander voorbeelde is die gesamentlike tender met Ages (Pty) Ltd aan die Tlokwe-stadsraad vir die herlewing van die Ikageng-onderwysprojek en 'n projek wat in Mpumalanga saam met African Foundation (Pty) Ltd aan die gang is.

#### ❑ Gemeenskapsbetrokkenheid-aansporingsprogram vir personeel

Die NWU het 'n aansporingsstelsel ingestel wat die bydrae van

personeel tot korporatiewe maatskaplike belegging erken. Daar is gedurende 2010 aan die volgende sentrums, projekte en individue erkenning verleen:

- Die Sentrum vir Gemeenskapsreg, Mafikengkampus, vir die voorsiening van regsdiens aan die gemeenskap.
- Die Sentrum vir Dieregesondheidsstudies, Mafikengkampus, vir die voorsiening van dieregesondheidsdiens aan die gemeenskap.
- Dr Mbuthi Hlophe, Departement Chemie in die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Mafikengkampus, vir die voorsiening van skoon water aan die gemeenskap van Madibogo.
- Die Ikateleng-projekspan, wat al drie kampusse verteenwoordig, vir die voorsiening van aanvullende opleiding aan skoolleerders en onderwysers oor die afgelope 22 jaar. Die span het bestaan uit prof Tinie Theron (wat die projek in 1988 geïnisieer het), prof Piet Prinsloo, mnr Chris Windell, mnr Darius Mhulatshi en mnr Edwin Nkosapantsi.
- Prof Leon van Rensburg, Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -Bestuur vir die Mononthsa-projek by Impala Platinum.
- Prof Japie Kroon, Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Potchefstroomkampus, vir sy ondersteuning aan die Students in Free Enterprise-program (SIFE-program).
- Prof Annamarie Kruger, Direkteur: Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHer), Potchefstroomkampus, vir haar betrokkenheid by die Farm Labour and General Health-projek (FLAGH-projek).

#### ❑ Gemeenskapsbetrokkenheid-vennootskappe

Met die wete dat veel meer deur vennootskappe bereik kan word as deur enige organisasie op sy eie, het die NWU kragte saamgesnoer met eendersdenkende vennote wat betref verskillende gemeenskapbetrokkenheidsinisiatiewe.

'n Voorbeeld hiervan is die Dr Kenneth Kaunda Resource Centre, wat gedurende 2010 as 'n Artikel 21-maatskappy tot stand gebring is om opleiding, entrepreneurskap en persoonlikeontwikkelingsdiens na die Dr Kenneth Kaunda-distriksmunisipaliteit uit te rol. Die belanghebbendes sluit die Dr Kenneth Kaunda-stadsraad, die departemente van Onderwys, Maatskaplike Welsyn en Ontwikkeling, en Toerisme en Ekonomiese Ontwikkeling, die Tlokwe-stadsraad, Anglo Gold Ashanti, die Vigs-konsortium 'n NRO genaamd Dede'lingom, die Jeughulpbronsen-



Die Jonker-broers, dosente in Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus, het ses modelle van hul wêreldklas-sweeftuig, die JS1 Relevation, na die Wêreldswieftuig Kampioenskap in Hongarye geneem, waar vier van die JS1-sweeftuie onder die eerste tien geëindig het. Hier sit mnr Attie Jonker in die sweeftuig, met mnr Johan Bosman (links) en sy broer, mnr Uys Jonker (regs).

trum, Hospies, die NWU se Regshulpsentrum, Students in Free Enterprise (SIFE) en ander NWU-fakulteite in. Nog 'n vennootskap, hierdie keer in die stimulering van onderneemingsontwikkeling, was dié tussen die NWU en die Noordwes-Instituut vir Handwerk en Ontwerp (NWIHO). In 2010 het die NWU twee pryse van R5 000 elk vir die algehele wenner van die sogenaamde Platawards en die wenner van die kategorie handwerk en ontwerp geborg.

Die Gemeenskapsbetrokkenheidskantoor was die sentrale kontakpunt vir aansoeke om borgskappe by die National Lottery

Distribution Trust Fund (NLDTF), asook vir die monitoring van projekte wat deur die NLDTF geborg is:

- Die totale bedrag wat vir kuns- en kultuurprojekte toegeken is, was R3 197 742.
- Befondsing vir sport- en rekreasieprojekte het R4 410 622 beloop.

## MAATSKAPLIKE VOLHOUBAARHEID

Die NWU glo dat sy kundigheid op alle vlakke geïmplementeer behoort te word en in alle navorsings-, innovasie- en

opleidingsaktiwiteite geïntegreer moet word. Hierdie benadering ondersteun die konsep van volhoubaarheid soos deur King III voorgeskryf. Projekte word tans oor dissiplines heen gekoppel om alle gemeenskapsbehoefes te verreken, insluitende die behoefte om omgewingsprobleme die hoof te bied. Hierdie projekte sluit opleiding, onderwys, werkskeppingsondernemings, infrastruktuur en kapasiteitsbou in.

'n Goeie voorbeeld van hierdie geïntegreerde benadering in aksie is die Farm Labourers and General Health-projek (FLAGH). FLAGH, wat in Rysmierbult en Vyfhoek gebaseer is, het ongeveer 60 landelike vroue bemagtig om groente te kweek, hul families te voed en 'n naaldwerkkoöperasie te vorm waarvan die produkte landswyd verkoop word. Die NWU het verder ook 'n smeltoond vir glas voorsien, wat lede van die projek in staat gestel het om glas te begin herwin en te leer hoe om glaskrale van hoë gehalte in die Venesiese styl te produseer, wat hulle sal verkoop.

Ander inisiatiewe is die Mononthsa-kompos- en -rehabilitasieprojek, wat saam met Implats en Mosaic SA ontwikkel is. Dit fokus op dagsorg, vroeë kinderontwikkeling, groentetuine en baksteenvervaardiging vir die bou van huise.

Binne die NWU is daar 'n toenemende bewustheid van die belangrikheid van herwinnings- en kragbesparingsinisiatiewe. Dit sal in 2011 uitgebrei word en verslagdoeningsprosesse sal verfyn word ná die voltooiing van werksinkels oor volhou-

baarheid en programme vir vaardigheidsontwikkeling. Verskeie inisiatiewe vir herwinning is onder studenteleiding aan die gang en sal in 'n universiteitswye poging tot volhoubaarheid ingesluit word.

## SLOT

Die NWU bly op koers om sy navorsings- en innovasievermoëns te versterk in ooreenstemming met sy oogmerk op die langer termyn, naamlik om te ontwikkel in 'n instelling waar onderrig-leer en navorsing-innovasie gebalanseer is.

Terwyl die navorsingsfokus op die Potchefstroomkampus verder versterk is, is goeie vordering ook gemaak met die ontwikkeling van navorsingsaktiwiteite op die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus. Die aantal NNS-gegradueerde navorsers en die totale navorsingsuitset op alle kampusse het steeds egalig gegroei.

Die verblydendste was die waarneembare toename in toewyding tot navorsing, innovasie en gemeenskapsbetrokkenheid onder die personeel van die NWU.



**PROF F VAN NIEKERK**

UITVOERENDE DIREKTEUR: NAVORSING EN INNOVASIE

# VERSLAG VAN DIE UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE



PROF JOHAN ROST



DEUR OMSIGTIGE  
FINANSIËLE BEPLAN-  
NING, BESTUUR EN  
VERSLAGDOENING, HET  
HIERDIE PORTEFEULJE  
GEHELP OM TE  
VERSEKER DAT SKOON  
OUDITEURSVERSLAE  
DIE NORM IS, DAT  
FINANSIËLE PRAKTYKE  
ETIES EN AANSPREEKLIK  
IS, EN DAT DIE  
UNIVERSITEIT STEEDS  
SY GOEIE NAAM AS 'N  
FINANSIEEL VOLHOUBARE  
INSTELLING BEVEILIG.



Die rol van die portefeulje Finansies en Fasiliteite is om die doeltreffende funksionering van die NWU se kernbesigheid te ondersteun deur sy finansies te bestuur en die universiteit se fisiese infrastruktuur en inligtingstechnologiesels te voorsien en in stand te hou.

## FINANSIES EN FASILITEITE MET 'N OOGOPSLAG

Finansies en Fasiliteite bestaan uit drie afdelings, naamlik Fisiese Infrastruktuur en Beplanning, Inligtingstechnologie, en Finansies. Hul funksies is soos volg:

- ❑ Finansies: Doeltreffende en effektiewe finansiële bestuur, wat die bestuur van die kontantvloeï en geldmarkaktiwiteite van die NWU insluit.
- ❑ Fisiese Infrastruktuur en Beplanning: Bestuur alle fisiese infrastruktuur, insluitende makro-instandhoudingsprogramme en die beplanning en oprigting van nuwe geboue.
- ❑ Inligtingstechnologie: Bestuur die universiteit se inligtingstechnologiesels, -programme en -infrastruktuur.

## FINANSIES

In die bestuur van die NWU se finansies fokus die Direkoraat Finansies sterk op die maksimalisering van inkomste ten einde groei van bates ter ondersteuning van die kernbesigheid te verseker. Om dit te bereik, hou die Direkoraat 'n doeltreffende en effektiewe stelsel van finansiële bestuur en verslagdoening asook toepaslike finansiële beleid en prosedures in stand en word hoë vlakke van finansiële beplanning gehandhaaf. Verder verseker die uitvoerende direkteur ook dat 'n risiko-evalueringsproses gevolg word ten einde risikoverligtingstrategieë by die prestasieooreenkomste van die Institusionele Bestuur in te sluit.

Akkurate finansiële inligting van hoë gehalte is 'n voorvereiste vir goeie finansiële beplanning, bestuur en risikobestuur. Met hierdie doel voor oë voorsien die Direkoraat Finansies 'n hoëvlak finansiële adviesdiens aan senior bestuur, wat die ontleding van finansiële verhoudings en bestedingstendense vir adviesdoeleindes insluit.

Nakomingsgedrewe finansiële bestuur was in 2010 'n belangrike fokus. Terselfdertyd is sorg gedra om 'n balans tussen nakoming enersyds, en gebruikersvriendelikheid vir kliënte en diegene wat op die laer vlakke van die NWU vir finansiële administrasie verantwoordelik is andersyds, te skep. Hierdie balans het verseker dat doeltreffende finansiële dissipline en beheermaatreëls regdeur die organisasie toegepas word. Dit is hierdie benadering wat sedert die samesmelting in 2004 vir die NWU ongekwalifiseerde ouditeursverslae verseker het.

### ❑ Gesentraliseerde verkryging en betaling

Vir die doeleindes van beheer en doeltreffendheid het die NWU 'n

gesentraliseerde verkrygings- en betalingsafdeling. Hierdie afdeling het meer as 103 000 fakture, meer as 61 000 betalings en meer as 52 000 bestellings verwerk.

Foute en navrae betreffende betalings en verkryging is deur gereelde opleiding-ingrepe tot die minimum beperk. 'n Hoogs doeltreffende diensleweringstelsel is in stand gehou om indienings van eise en administrasie van die versekeringsportefeulje te hanteer.

#### □ Finansiële verslagdoening en stelselbestuur

Die finansiële state en verslae is in ooreenstemming met die Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaard (IFRS) en die voorskrifte van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) opgestel. Die jaarlikse gekonsolideerde finansiële state, soos deur PricewaterhouseCoopers geouditeer, is weer betyds afgelewer vir goedkeuring in Junie 2011 deur die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee en die NWU-Raad.

Kwartaalike bestuurstate het senior bestuur van die nodige inligting vir die doeleindes van besluitneming voorsien. Die direktoraat het behoorlike bestuur van die Oracle ERP-stelsel sekeriteitsmatriks verseker en het weer eens 'n skoon rekord vir gemagtigde toegang en transaksies behaal. Verskeie funksies en verslae van die Oracle ERP-stelsel is verbeter, wat

optimale funksionering van die finansiële verslagdoeningstelsel verseker het. Opleiding, hulp en ondersteuning ten opsigte van die algemene grootboek is aan alle finansiële gebruikers voorsien.

#### □ Beplanning en begroting


Die Direkoraat Finansies het verseker dat die finansiële planne in die Institusionele Plan geïmplementeer en gemoniteer is. Die direktoraat het ook 'n doeltreffende begrotingsproses beplan en bestuur ten einde 'n gelykbreek-, billike en geïntegreerde 2011-begroting te verseker. Verskillende vlakke van bestuur was by die opstel van die 2011-begroting betrokke, wat in November 2010 deur die Raad goedgekeur is.

Die grafiek hieronder verduidelik die 2011-begrotingstoewysing vir strategiese imperatiewe.

#### □ Geldmark

Die kontantvloei van die NWU word op 'n daaglikse basis deur die geldmarkafdeling bestuur, wat tot gevolg gehad het dat addisionele inkomste gegenereer word. Soos in vorige jare het die geldmarkbestuurder beter presteer as die normportefeulje wat deur die konsultante en aktuarisse van Absa bepaal is, binne die beleggingsperke wat deur die Raad gestel word. Die verskil van 3,4% per jaar tussen die werklike opbrengs en

Strategiese imperatiewe: 2011-begroting (R miljoen)



die normopbrengs kan ten volle toegeskryf word aan selektionsbesluite wat die geldmarkbestuurder geneem het. Hierdie prestasie het 'n "wins" van ongeveer R18,7 miljoen vir die portefeulje tot gevolg gehad. Projekte om te verseker dat finansiële hulpbronne vermeerder is vir verdere belegging in navorsingsaktiwiteite van die universiteit is ook suksesvol gedryf.

#### ❑ Belastingdienste

In 2010 is Belastingdienste in die direktoraat tot stand gebring om behulpsaam te wees met advies oor Suid-Afrikaanse Inkomstebelasting, BTW en werknemersbelastingnakoming, sowel as om nakoming van die toepaslike wetgewing te verseker. Die twee belastingkundiges voer BTW- en LBS-oudits uit en doen aanbevelings oor die verbetering van interne beheermaatreëls en belastinghantering. Op hierdie wyse word die finansiële risiko's waarvoor die NWU te staan kom verminder.

#### ❑ Cachetpark-winkelkompleks

Die direktoraat het Cachetpark, die NWU se winkelkompleks, wat deur studente, personeel en lede van die publiek gebruik word, suksesvol bestuur. In 2010 het hierdie kompleks 'n netto inkomste van R4,8 miljoen opgelewer.

Die fasiliteite sluit 'n supermark, boekwinkel, mediese sentrum, drukwerk- en kopieerwinkel, bankgeriewe, restaurante, 'n haarkapper, 'n apteek, 'n sportwinkel en 'n fiksheidsentrum in.

#### ❑ Interne audit

As 'n onafhanklike, objektiewe gerusstellings- en konsultasiediens rapporteer Interne Oudit administratief aan die Uitvoerende Direkteur: Finansies en Fasiliteite, en funksioneel aan die voorsitter van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee, met 'n direkte kommunikasielyn na die visekanselier en die voorsitter van die Raad. In 2010 het Interne Oudit spesiale ondersoeke oor verslagdoeningsonreëlmatighede uitgevoer en twee

opleidingsessies oor bedrogvoorkoming vir personeellede aangebied. Die afdeling was verantwoordelik vir jaareindeprosedures, ter voorbereiding vir die jaarlikse eksterne oudit en opvolg-oudits. Waar ook al moontlik, het die eksterne ouditeure hoë vlakke van vertroue geplaas op die interne ouditoorsigte wat uitgevoer is, wat 'n verlaagde tarief vir die eksterne oudit tot gevolg gehad het.

Vir die NWU se finansiële verslae, sien asseblief bladsy 122.

## FISIËSE INFRASTRUKTUUR EN BEPLANNING

#### ❑ Kapitaalbesteding aan nuwe en opgraderingsprojekte in 2010

Hierdie afdeling was verantwoordelik vir 'n kapitaalbestedingsprogram van altesaam R228 miljoen in 2010.

Hiervan is R121 miljoen uit die HOO-toewysing befonds en het R107 miljoen uit die universiteit se hulpbronne gekom. Ongeveer 45% van totale kapitaalbesteding vir die jaar is aan Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging-kontraakteurs (BGSEB-kontraakteurs) uitbestee.

Die projekte wat die Raad in 2009 goedgekeur het en wat in 2010 in bedryf gestel of voltooi is, word hieronder bespreek:

#### Mafikengkampus

Op die Mafikengkampus is R58,2 miljoen aan kapitaalprojekte bestee. Ingesluit by die besteding van hierdie projekte was die opgradering van die outomatiese sentrale noodkragstelsel.

Van die groter projekte wat in 2010 op hierdie kampus-onderneem is, was vir onderrig-leer- en studente- en sportgeriewe, soos in die volgende tabel getoon word.

PROJEK	BEDRAG	BRON VAN BEFONDSING
Wetenskapsonderwysgebou vir die Wetenskapskompleks	R12m	DHOO-projek
Lesinglokale vir die Wetenskapskompleks (finale voltooiing vroeg in 2011)	R6m	DHOO-projek
Studentekoshuise vir voorgraadse studente (216 beddens)	R16m	DHOO-projek
Studentekoshuise vir nagraadse studente (220 beddens)	R19,1m	DHOO-projek
Opgradering van die Modiri Molema-koshuis	R2,4m	NWU
Nuwe rugby- en krieketveld	R1,7m	Lotto

### Potchefstroomkampus

Op hierdie kampus het kapitaalprojekte vir die jaar R33,7 miljoen beloop, insluitende die NWU-Puk Sports Village, wat die Spaanse nasionale sokkerspan, wenners van die 2010-Sokkerwêreldbeker, gehuisves het.

Die tabel hieronder gee besonderhede van die groter projekte betreffende onderrig-leer-, sport- en studentegeriewe wat in 2010 gebou of opgradeer is.

ring gemaak met die skepping van 'n kultuur van begrip vir beroepsgesondheid en veiligheid. Oudits en opleiding is gedoen ten einde bestuurders in staat te stel om spesifieke beroepsgesondheid- en veiligheidsingrepe by hul prestasieooreenkomste in te sluit.

### Vooruitsig op 2011

In 2010 het die NWU-raad 'n aantal bouprojekte goedgekeur wat in die komende akademiese jaar 'n aanvang sal neem of



PROJEK	BEDRAG	BRON VAN BEFONDSING
NWU-Puk Sports Village	R17m	NWU
Vernuwing van fasiliteite vir Gesondheidswetenskappe	R2,8m	DHOO-projek
Vernuwing van ruimtes vir Lewenswetenskappe	R3,5m	DHOO-projek
Opgradering van Excelsior-koshuis	R4,7m	NWU
Opgradering van Nellie Swart-kombuis en -eetkamer	R1m	NWU
Hombre- en Caput-koshuis – opknapping van dakke	R1m	NWU
Ferdinand Postma-biblioteek (gegrond op die 10-jaarplan)	R1m	NWU
Ekonomiese Wetenskappe (gegrond op die 10-jaarplan)	R0,6m	NWU
Verskuiwing van ringbal- ("korfbal"-) bane	R0,4m	NWU
Gebou vir die Teologiese Skool	R1,1m	NWU

### Vaaldriehoekskampus

Op hierdie kampus het die totale kapitaalbesteding vir 2010 op R21,7 miljoen te staan gekom. Die bedrag van 15,9 miljoen is bestee aan 'n akademiese gebou vir die Tegniese Opleiding vir Onderwysers-kompleks, 'n DHOO-projek. Die res van die bedrag van R5,8 miljoen is aan die nuwe studentesentrum (R2,9 miljoen) en studentekoshuise vir nagraadse studente (R2,9 miljoen) bestee.

#### □ Kleiner opknappings en makro-instandhouding in 2010

Bo en behalwe die groot kapitaalprojekte wat onderneem is, het Fisiese Infrastruktuur en Beplanning ook oor 'n aantal kleiner projekte en die algemene 10-jaarplan vir makro-instandhouding van die universiteit toesig gehou. Altesaam R30,7 miljoen is bestee.

#### □ Beroepsgesondheid en veiligheid

Met die steun van die koördineerders vir beroepsgesondheid en veiligheid op al die kampusse is daar in 2010 goeie voorde-

voortgesit sal word. Sommige van die projekte wat goedgekeur is, sal uit die oorblywende R91 miljoen van die DHOO-toewysing befonds word, en die res deur 'n kombinasie van NWU- en eksterne befondsing.

### INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Terwyl daar na die talle daaglikse IT-vereistes van die universiteit omgesien is, het Inligtingstegnologie aan 'n aantal strategiese en internasionale inisiatiewe gewerk.

Internasionaal was 'n groot inisiatief die NWU se deelname aan die normbepalingskonferensie van die Association of Commonwealth Universities in Edmonton, Kanada.

In nog 'n belangrike internasionale projek het die NWU sy verwantskap met die Quali-gemeenskap uitgebrei. Dit is 'n gemeenskapshulpbronkonsortium wat hoofsaaklik uit universiteite in die Verenigde State bestaan en wat 'n administratiewe programtuursuite vir hul lede ontwikkel.

Plaaslik was daar drie groot IT-projekte van strategiese waarde:


- ❑ 'n Eksterne oudit is gedoen deur Holistic Human Resources, ten einde gebruikerstevredenheid met IT-dienste op alle kampusse te bepaal.
- ❑ Die IT-span het aan die behoeftes van die Spaanse Nasionale Sokkerspan en die vergesellende mediagroep by die NWU-Puk Sports Village in Potchefstroom se internet- en kommunikasiebehoeftes voorsien.
- ❑ Die NWU het as gashere opgetree vir 'n driedaagse konferensie van IT-bestuurders in die tersiêre sektor, met 'n aantal gaste uit Australië.

Intussen het die Inligtingstegnologiespan meer ontwikkelingsprojekte as ooit tevore in 2010 hanteer. Dit was in reaksie op die immer groeiende vraag van die universiteitsgemeenskap na nuwe toepassings, nuwe funksionaliteite en uitbreidings van bestaande toepassings.

#### **Verbetering van besigheidsdoeltreffendheid**

Waar ook al moontlik het Inligtingstegnologie gefokus op die lewering van IT-oplossings wat die NWU in staat stel om doeltreffender en meer koste-effektief te funksioneer. Die doeltreffendheidsverwante projekte wat in 2010 uitgevoer is, het die volgende ingesluit:

- ❑ In November 2010 het die NWU, ten einde begrotings- en verslagdoeningsvermoëns uit te brei, begin met die implementering van die IDU-begrotingsprogrammatuur, wat deur IDU Budgeting Software, ontwikkel is. Dit is vir nie-finansiële bestuurders ontwerp en ontwikkel en maak voorsiening vir intydse begroting, voorspelling en verslagdoening, en dit vervang die huidige spreibladgebaseerde proses.
- ❑ Deur die implementering van voorfronttegnologieë soos Drooms en Ajax is die Varsite-studentestelsel se webregistrasieproses in so 'n mate verbeter dat akademiese reëls vir registrasie intyds toegepas kan word. Dit sal studente in staat stel om aanlyn te registreer en sal lang toue en knelpunte gedurende registrasietyd voorkom.
- ❑ Die argitektuur van Share, die NWU se unieke implementering van die Alfresco Enterprise Content Management-stelsel (ECM-stelsel) is vereenvoudig. Dit het tot gevolg gehad dat die koste van databerging tot 30 maal goedkoper geword het as wat voorheen die geval was.
- ❑ 'n Nuwe stelsel is in gebruik geneem om die studiegidsproduksieproses te bestuur. Na verwagting sal dit tyd en werk ten opsigte van die verspreiding van studiegids aan studente bespaar.





### Akademiese en studentesteun

Daar was sterk groei in die getal studente wat van die eFundi-e-leerplatform gebruik maak om toegang tot hul studiegidse te verkry, hulpbronne te vind, toetse te skryf, aankondigings te lees, huiswerk in te dien, ens. Ontledings van tendense het getoon dat die platform toenemend gebruik word deur studente wat nie op die NWU-perseel is nie.

Daar was ook 'n beduidende groei in gelyktydige aantekenslae vir elke maand vanaf 2009 tot 2010. In die besige maande van Mei en Oktober het ongeveer 2 300 studente die stelsel op enige spesifieke tydstip gedurende die dag gebruik. Die maksimum getal studente wat die stelsel gebruik, is ongeveer 20 500.

### Suid-Afrikaanse en internasionale navorsingsnetwerke

Gedurende November 2010 het die NWU 'n weeklange opleidingsessie aangebied om meer hoërondewysinstellings in staat te stel om deel van die internasionale navorsingsnetwerk te word. Die Suid-Afrikaanse netwerk bestaan reeds sedert Julie 2009 as funksionele nasionale infrastruktuur, en die NWU was een van vier universiteite wat aanvanklik by die netwerk aangesluit het.

Gedurende die opleidingsessie by die ENB-Hoëprestasie-instituut vir Sport het die NWU die geleentheid gehad om 'n aanbieding te doen oor van die groter projekte wat by die universiteit aan die gang is, wat strek vanaf taalnavorsing tot ingenieurswese.

### Diensbestuursverbeterings

'n Aansienlike hoeveelheid werk is in 2010 gedoen om die bestuur van studenterekenaarlokale te verbeter en die IT-insident-rapportering in die geheel te stroomlyn.

Die NWU het 'n nuwe bestuursinligtingstelsel vir rekenaarlaboratoriums geïmplementeer. Dit word Veralab genoem, en is in staat om intyds inligting oor laboratoriumgebruik, rekenaarbeskikbaarheid, toepassingsgebruik en studentebesprekings van rekenaars te voorsien.

Om IT-insidentrapportering te verbeter, het Inligtingstechnologie begin om die Remedy-verslagdoenings- en nasproingstelsel te implementeer, wat die internasionaal erkende IT Information Library-raamwerk (ITIL-raamwerk) gebruik. Nog 'n projek wat in 2010 aan die gang was, was die implementering van 'n nuwe inhoudontwikkelingstelsel vir personeelopleidingsmate-

riaal, wat 'n groot verskeidenheid opleidingsgeleenthede tot gevolg gehad het waar gebruikers teen hulle eie pas kan werk en 'n vorm van akkreditering ontvang vir modules wat geslaag word.

### Ondernemingsargitektuur-verbeteringe

Die volgende verbeterings is gedurende 2010 aangebring:

- Implementering van 'n moderne en gestandaardiseerde Intel/Linux-stelsel, wat verbeterde diensvlakke en prestasie van die studentestelsel-databasis wat op die nuwe platform gehuisves word, tot gevolg gehad het.
- Die byvoeging van die eerste fase van die IT-profielbestuurstelsel by die Diensgeoriënteerde Argitektuurstrategie. Dit word beskou as 'n mylpaal onderweg na verbeterde dienste, verhoogde sakebuigsaamheid en infrastruktuurbetroubaarheid.
- Die voltooiing van navorsings- en ontwikkelingswerk vir die nuwe NWU se draadlose of radionetwerk, waarvan die eerste deel gedurende Desember 2010 geïmplementeer is.

### Nuwe bergingsargitektuur

Om in die onlangse groei in die vraag na bergingsvermoë in die NWU se multikampusomgewing te voorsien is 'n Vlak 2-bergingsopsie in 2010 geïmplementeer. Dit sal die koste van kommoditeitsberging met meer as 99% verlaag.

Die Vaaldriehoekskampus se datasentrums is opgegradeer, met die doel om in die verhoogde vraag na datasentrumdienste te voorsien en aan nuwe regulatoriese vereistes te voldoen. 'n Soortgelyke projek is by een van die datasentrums in Potchefstroom aan die gang.

Gedurende 2010 is 'n groot aantal koshuiskamers by die netwerk gevoeg. Op die Potchefstroomkampus is alle studentekoshuiskamers nou van kables voorsien, terwyl die getal kamers in kampsukoshuise op die Mafikengkampus wat aan die netwerk verbind is, van 256 tot 692 verhoog is.

Op die Vaaldriehoekskampus was daar 168 netwerkpunte by die Thutuka-koshuis en 863 by die Faranani-koshuis.

### Toekomstige ontwikkelings

Die gesonde IKT-infrastruktuur, produkportefeulje en dienste wat tans in produksie is, sal die NWU in staat stel om addisionele funksionaliteit uit te brei en te bou, terwyl die bruikbaarheid van dit wat beskikbaar is, terselfdertyd verhoog word. Sleutelstrategieë en -projekte in hierdie verband is:



- ❑ Die geleidelike uitbreiding van die draadlose netwerk, gebaseer op die verskillende prioriteite op die kampusse. Die bestaande netwerk sal nie vervang word nie, maar sal na mobiele gebruikers uitgebrei word.
- ❑ Voortgesette deelname aan die Quali-ontwikkeling. Die NWU het 'n samewerkende Quali-ontwikkelingsprojek van drie jaar met vennote in die Verenigde State aangegaan. Hierdie internasionale blootstelling sal help om die langtermynvolhoubaarheid en internasionale mededingendheid van die universiteit se sakestelsels te verseker.
- ❑ Ontwikkeling van 'n nuwe Ruimtebestuurstelsel, wat voltooiing nader en bestem is om in 2011 geïmplementeer te word.
- ❑ Meer doeltreffende magtiging en voorsiening van IT-dienste deur die Identiteitbestuurstelsel-vernuwingsprojek.
- ❑ Beter eindgebruikersproduktiwiteit deur programmatuur-opgraderingsprojekte vir 2011.

## SLOT

Die portefeulje Finansies en Fasiliteite is trots op hul bydrae daartoe om te verseker dat die NWU 'n aanspreklike, doel-

treffende en finansiële lewensvatbare universiteit is. Oor die afgelope sewe jaar het die portefeulje die instelling se beleggings in nuwe of verbeterde fisiese infrastruktuur en inligtingstechnologiesestelsels bestuur, wat die NWU in staat gestel het om sy kernbesigheid in goed gevestigde fasiliteite te bedryf.

Net so het die portefeulje, deur omsigtige finansiële beplanning, bestuur en verslagdoening, gehelp om te verseker dat skoon ouditeursverslae die norm is, dat finansiële praktyke eties en aanspreklik is, en dat die universiteit steeds sy goeie naam as 'n finansiële volhoubare instelling beveilig.

**PROF IJ ROST**  
UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE



# KAMPUSOORSIG

- 92** KAMPUSOORSIG – MAFIKENG
- 100** KAMPUSOORSIG – POTCHEFSTROOM
- 112** KAMPUSOORSIG – VAALDRIEHOEK

“ONTHOU, JY IS NET SO STERK SOOS DIE SWAKSTE  
SKAKEL IN JOU KETTING EN NET SO GOED SOOS  
WAT ANDER MENSE SÊ JY IS.”

□ PROF HERMAN VAN SCHALKWYK, Rektor: Potchefstroomkampus



## KAMPUSOORSIG – MAFIKENG



PROF DAN KGWADI



MET HIERDIE KUNDIGHEIDSGEBIEDE IN ONDERRIG-LEER EN NAVORSING, GERUGSTEUN DEUR 'N STERK REKORD IN GEMEENSKAPSBE-TROKKENHEID EN KOMMERSIËLE IMPLEMENTERING VAN KUNDIGHEID, SAL DIE KAMPUS STEEDS 'N SLEUTELVENNOOT IN VAARDIGHEIDSONTWIKKELING BINNE DIE STREEK EN DAARBUITE BLY.



2010 was 'n jaar van vooruitgang vir die Mafikengkampus, met opwindende akademiese aktiwiteite en 'n lewenskragtige studentelewe. Die suksesvolle werwing van senior akademiese en 'n verbetering in personeelkwalifikasies het tot 'n merkwaardige kwaliteitsversekeringsproses vir die kampusprogramme bygedra.

Personeel met meesterskwalifikasies het 50% bereik, en diene met PhD's het in 2010 tot 34% toegeneem, terwyl daar ook 'n beduidende styging in NNS-gegradeerde navorsers was.

Die kampus plaas 'n hoë waarde op gelykheid en diversiteit soos weerspieël deur die samestelling van sy personeel en studente, wat 'n opvallende teenwoordigheid van internasionale studente insluit.

Die dinamiese studentelewe is vergestalt in die suksesse wat tydens die toernooie van Universiteitsport Suid-Afrika (USSA) behaal is, asook in die kampus se leierskap in verskeie sportkodes.



PROF MOGEGE MOSIMEGE  
Viserektor: Akademie,  
Onderrig-Leer en Navorsing



PROF SEVID MASHEGO  
Viserektor:  
Kwaliteit en Beplanning



MNR ROBERT KETTLES  
Kampusregistrateur



MNR KOOS DEGENAAR  
Direkteur: Departement  
Bemarking en Kommunikasie



MNR ETIENNE MOSTERT  
Direkteur: Finansies



MNR LESTER MPOLOKENG  
Uitvoerende bestuurder:  
Kanoor van die Rektor





**MNR JOSEPH SATHEKGE**  
Bestuurder: Studentesake



**PROF PETRUS BOTHA**  
Dekaan: Fakulteit Geestes- en  
Sosiale Wetenskappe



**PROF MELVIN MBAO**  
Dekaan: Fakulteit Regte



**PROF DAWID GERICKE**  
Dekaan: Fakulteit Opvoedkunde



**PROF SONIA SWANEPOEL**  
Dekaan:  
Handel en Administrasie



**PROF MASHUDU MASELESELE**  
Dekaan: Fakulteit Landbou,  
Wetenskap en Tegnologie

## KAMPUSHOOGTEPUNTE

- ❑ Die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie (FLWT) het as gashere vir twee besoekende akademici van die Johns Hopkins-universiteit in die Verenigde State opgetree. Hulle is kundiges in gemeenskaps- en vrouegesondheid, asook in geslagsgebaseerde geweld.
- ❑ Regstudente blink steeds uit in verskeie Skynhof- en Hofsaakverdedigingskompetisies. Die spanne van me Tharisai Mugunyani en mnr Daniel Masvosvere, wat gelei is deur advokaat Kesolofetse Lefenya, het tiende uit meer as 70 regs fakulteite geëindig wat aan die Afrika-skynhofkompetisie oor Menseregte deelgeneem het wat in Oktober 2010 in Cotonou in Benin gehou is. Mnr Masvosvere is sewende geplaas op die lys van beste orators/advokate van alle Engelssprekende orators. Die algehele persentasie vir die kampus was 73,8%.
- ❑ Navorsingsuitset vir die kampus het in 2010 verdubbel en al vyf fakulteite het 'n navorsingsprofessor aangestel.
- ❑ Die totstandbrenging van die Nisarea Voedselveiligheid en -sekuriteit in die Noordwes-provinsie is bedoel om armoede en honger te verlig, met spesiale klem op inheemse voedsel en boerderybedrywighede. Dit is die tweede navorsingsnisarea vir die kampus.
- ❑ Die Sentrum vir Toegepaste Bestraling, Wetenskap en Tegnologie ("CARST") het as gasheer vir 'n besoekende professor in Kernfisika van die Universiteit van Ghana opgetree.
- ❑ Die Verpleegkunde-departement het as gashere opgetree vir 'n vakkundige van Noord-Carolina, Verenigde State. Die besoek deur 'n kundige in Inheemse Kennisstelsels in Verpleegkunde is deur die Mediese Navorsingsraad (MNR) befonds.
- ❑ Drie personeellede van die kampus se Verpleegkunde-departement, naamlik me Annah Mahlasela Rakhudu, me Kathleen Khomotso Direko en me Margaret Masilo, het die Johns Hopkins-universiteit vanaf die einde van Julie tot Desember 2010 besoek in 'n swaeltertprogram, as deel van hul doktorsale studies. Die projek is deur Atlantic Philanthropies befonds, wat 'n stigting is met sy basis in die Verenigde State en wat tot die verbetering van die lewens van mense verbind is.
- ❑ Sewe personeellede van Verpleegkunde en drie van die Provinsiale Departement van Gesondheid het die Somerinstituut oor Probleemgebaseerde Leer by die McMaster-universiteit in Kanada bygewoon. Dit is deel van die kampus se samewerkingsooreenkoms met daardie universiteit.



### STUDENTE-INSKRYWINGS IN 2010

Voorgraads	7 260
Geleentheidstudente	10
Honneurs	481
Nagraadse diplomas en sertifikate	158
Meesters	533
Doktoraal	112
<b>Totaal</b>	<b>8 554</b>



### DIPLOMAS EN GRADE IN 2010 TOEGEKEN

Sertifikate en diplomas	868
B-grade	1 017
Honneursgrade	256
Meestersgrade (insluitende MBA)	104
Doktorsgrade	10
<b>Totaal</b>	<b>2 255</b>

## ONDERRIG-LEER-AKTIWITEITE

Die sterk toename in die getal akademici op die Mafikengkampus wat Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU) ontvang het, is bewys van die stappe wat onderweg na onderriguitnemendheid gedoen is.

Gedurende die vorige jaar was slegs drie akademici ITOU-wenners, maar in 2010 het agt akademici toekennings ontvang – 'n besliste verbetering. Die kampus spreek gelukwense uit aan die agt wenners, naamlik prof Jacobus Nicolaas Cronje, me Kelebogile Revelation Felicity Mokgele, dr Tebogo Edith Mabile, mnr David Kawadza, dr Eva Manyedi, prof Pieter Malan, advokaat Koboro Jeffrey Selala en mnr Ramokgadi Walter Nkhumise.

Nog goeie nuus vir die gehalte van onderrig-leer op die kampus was die aankondiging dat vyf dosente Toekennings vir Inspirerende Onderrig van R50 000 elk, geborg deur Rapport, gewen het. Hulle was dr Nomomde Phetlho-Thekiso, dr Ozineli



### SAMESTELLING VAN VOORGRAADSE STUDENTE IN 2010

Eerstejaars	Kontak	2 006
	Afstand	125
Seniors	Kontak	5 036
	Afstand	1 387

Gradeplegtighede is op 22 tot 24 April en op 8 en 9 Oktober 2010 gehou. Altesaam 2 255 sertifikate, diplomas en grade is in 2010 toegeken.



### GEGRADUEERDES PER FAKULTEIT IN 2010

Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie	379
Fakulteit Handel en Administrasie	514
Fakulteit Natuurwetenskappe	874
Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe	385
Fakulteit Regte	103
<b>Totaal</b>	<b>2 255</b>

Ruzvidzo, me Myrtle Erasmus, me Janet Hanna en dr Freddy Khunou.

Verder het vyf naaswenners R10 000 elk en 'n sertifikaat van die rektor se kantoor ontvang. Hulle is dr Johannah Seduku, dr Ashmore Mawire, me Myrtle Erasmus, me Janet Hanna en advokaat Koboro Selala.

Die Sentrum vir Akademiese Ontwikkeling (SAO) het die weg vir voortgesette verbetering in kapasiteit in onderrig-leer gebaan en eksterne diensverskaffers het werksinkels vir akademiese personeel aangebied. Interne werksinkels is aangebied oor die skryf van studiegidse, ITOU, die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND), alternatiewe universiteitsonderrigmetodes, asook oor navorsing en publisering. Die eksterne werksinkels het op evaluering, moderering en evaluering van ontwerp gefokus.

Ander hoogtepunte in onderrig-leer vir die jaar was dat:

- 274 fasiliteerders in aanvullende onderrig ("SI") opgelei is;

- ❑ 326 modules in die eFundi-databasis ingesluit is; en
- ❑ Die Skool vir Landbou hulle gereed gemaak het om nuwe programme in 2011 te begin aanbied nadat dit deur die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS) goedgekeur is.

## NAVORSINGSAKTIWITEITE

NNS-graderings is 'n sleutelaanwyser van navorsingsvordering. Dit is vir die Mafikengkampus aangenaam om te berig dat die getal NNS-graderings van drie in die vorige jaar tot vyf in 2010 toegeneem het. Prof Chaudy Masood Khalique van die Wiskunde-departement in die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie (FLWT) het 'n C2-gradering ontvang, en prof Eno Effiong Ebenso van Chemie in dieselfde fakulteit is op C1 gegradeer.

Die navorsers met bestaande NNS-graderings is prof Simeon Materechera van FLWT, prof Haripersad Sewlall van die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe en prof Oladejo Justus Olowu van die Regsfakulteit.

Soos in die vorige akademiese jaar is 'n doelbewuste poging aangewend om die kampus se navorsingsaktiwiteit deur navorsingsdae en werksinkels te verbeter. Die volgende is 'n aantal van die hoogtepunte van hierdie aktiwiteite in 2010:

- ❑ 'n Navorsingsdag is by die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie gehou, waar 48 referate aangebied en 21 vir publikasie aanvaar is. Die vier beste studenteaanbieders het pryse ontvang.
- ❑ Die Skool vir Omgewings- en Gesondheidswetenskappe het werksinkels in navorsingsmetodologie vir nagraadse studente gehou, en ook 'n navorsingsdag vir derdejaarstudente in Biologie. Verteenwoordigers van die Black Lawyers Association het 'n reeks werksinkels oor hofsakverdediging vir die Regsfakulteit aangebied. Hierdie werksinkels het die deelnemers blootgestel aan die tegnieke van litigasie, insluitende die kuns van kruisondervraging in die hoër howe.
- ❑ Die Sentrum vir Akademiese Ontwikkeling se boekpublikasie is op 30 September 2010 gedurende 'n werksinkel oor navorsing en publikasie bekendgestel. Die titel is Fundamentals of Scientific Research and Publishing, met dr Mamolahluwa Amelia Mokoena en dr Livingstone Makondo as gesamentlike redakteurs.

## IMPLEMENTERING VAN KUNDIGHEID

Soos op die ander NWU-kampusse, bestaan implementering van kundigheid op die Mafikengkampus ook uit twee elemente, naamlik gemeenskapsdiens en kommersialisering van kundigheid. In 2010 het hierdie kampus sukses in beide komponente behaal.





In die geval van gemeenskapsbetrokkenheid was die primêre temas voedselsekureit, regsdiens vir hulpbehoewende mense, dieregesondheid, en opleiding in Afrikatale.

Die volgende is 'n bondige opsomming van die belangrikste gemeenskapsbetrokkenheid-aktiwiteite per fakulteit in 2010:

**Skool vir Landbouwetenskappe in die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie:**

- Die Dale Beighle-sentrum vir Dieregesondheidstudies het 'n toekenning vir gemeenskapsuitreiking van die NWU se Institusionele Kantoor ontvang vir hul werk in die bystaan van gemeenskappe met die gesondheid van produksie- en metgeseldiere.
- Gesinstuine is in Molelwane tot stand gebring om spinasie en die saailinge van ander groen blaargroente te kweek.
- 'n Uitreikingsprogram is aan die gang gesit om een maand oue Afrika-kuikens aan arm gemeenskappe rondom Mafikeng te voorsien. Die eerste kuikens is aan sommige gesinne in Lonely Park beskikbaar gestel en die gesinne is ten opsigte van teeltegnieke gemoniteer en geadviseer.
- Dr Mbhuti Hlophe van Chemie het 'n toekenning ontvang vir die voorsiening van skoon water aan die Madibogogemeenskap.

**Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe:**

- Die subskool Maatskaplike Werk was by verskillende gemeenskapsprojekte betrokke, soos die Letsha la Eleroi MIV/Vigs-ondersteuningsgroep, DEAF South Africa en die Noordwes-welsynsforum. Derdejaar- en vierdejaarstudente het ook vir hul ondervindingsopleiding aan gemeenskapsprojekte deelgeneem.
- Dr Mercutio Motshedi is deur die Nasionale Minister van Maatskaplike Ontwikkeling aangestel om in die Suid-Afrikaanse Raad vir die Maatskaplikediens-professies te dien. Hy het ook in die Noordwes Provinsiale Gesondheidsraad gedien.
- Me Mokgadi Molope is die voorsitter van die Noordwes-netwerk teen Vrouemishandeling en neem ook aan die A re Ageng-komitee deel.
- Die subskool Ontwikkeling het 'n simposium oor die Wet op Seksuele Oortredings van 2007 gehou, in vennootskap met die Noordwes-netwerk teen Vrouemishandeling en die Noordwes-vervolgingsgesag.
- Klasse in Setswana is aan verskeie groepe gebied, insluitende dokters van die Mafikengse Provinsiale Hospitaal en graad 12-leerders by verskeie hoërskole. Me Eileen Elizabeth Pooe, mnr Mogami Philemon Rakgokong en me Theriso



Tsambo is as lede van PanSAT se Nasionale Taalliggaam vir Setswana aangestel. Me Tsambo is ook aangestel as kommissaris vir Setswana as 'n Oorgrens-voertaal in die Akademie vir Afrikatale ("ACALAN"), 'n inisiatief deur die state van die Afrika-Unie.

- Prof Recias Malope het 'n memorandum van verstandhouding met die Departement Afrikatale aan die Universiteit van Botswana opgestel, wat vir die uitruil van kundigheid voorsiening maak.
- Die subskool Kommunikasie het 'n plaaslike radiostasie geadviseer oor hul korporatiewe identiteit en bestuurstruktuur en het met organisasies soos die Nasionale Instituut vir Elektroniese Media van Suid-Afrika oor internskappe onderhandel.

#### **Sentrum vir Gemeenskapsreg, Regsfakulteit:**

- Altesaam 29 werkwinkels oor gemeenskapsreg is aangebied.
- Mnr Tumelo Phetoe was 'n mede-aanbieder van 'n werkwinkel oor polisiëring en menseregte-kapasiteitsbou vir 700 lede van die Suid-Afrikaanse Polisie, 'n kapasiteitsbou-werkwinkel oor huishoudelike geweld vir 18 lede van die Aganang-gemeenskap en 'n gemeenskapbewusmaking-werkwinkel oor huishoudelike geweld vir 56 onderwysers.
- Mnr Simon Rasikhalela het gedurende November 2010 werkwinkels en opleiding in samewerking met die Potchefstroomkampus aangebied by alle Parareglu-advieskantore (PAK's) wat deur die Potchefstroom- en Mafikengkampus gediens word.

Twee ander belangrike gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte is in samewerking met 'n Suid-Koreaanse universiteit aangebied.

Tydens die eerste hiervan het die Mafikengkampus en Hanseo-universiteit 'n mentorskapsprogram vir leerders by Lokalengskole aangebied en 22 leerders finansiële ondersteun vir hul skoling. In die tweede projek het die Hanseo-universiteit en die kampus 200 lemoenbome vir Lokaleng-huishoudings geplant en 'n kweekhuis vir groentetuine gebou.

Benewens gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte sonder winsbejag is daar aan die kampus ook kommersieel gebaseerde kontrakte toegeken, dikwels op grond van mededingende tenders. In die besonder het die Direktoraat Navorsing van die Provinsiale Regering Noordwes mededingende navorsingsprojekte aan prof Melvin Mbaob, prof Philip Francis Iya en mnr Phazha Jimmy Ngandwe van die Regsfakulteit toegeken.

## STUDENTESAKE

### □ Sportaktiwiteite en prestasies

Die Sokkerinstituut het vir die tweede jaar agtereenvolgens in 2010 Universiteitsport Suid-Afrika (USSA) se Sokkerkampioenskap gewen. Dit is die eerste keer dat 'n instansie die toernooi in opeenvolgende jare wen.

Sewe spelers is vir die USSA Nasionale Span gekies. Vyf spelers het USSA tydens die SAB-o-21 SAFA Nasionale Toernooi verteenwoordig en agt spelers het USSA by die Konfederasie van Universiteits- en Kollegesportverenigings se spele in Botswana verteenwoordig.

Ander USSA-prestasies was die drie goue en twee silwer medaljes wat die kampus vir aërobiese oefeninge gewen het, tesame met een goue en twee silwer medaljes vir boks, 'n brons medalje vir liggaamsbou en twee silwer en vyf brons medaljes vir karate.

Op nasionale vlak is 11 studente vir USSA of Suid-Afrikaanse spanne in basketbal, pluimbal, boks, tafeltennis, sagtebal en rolstoeltennis gekies.

### □ Kulturele aktiwiteite en prestasies

Kuns en kultuur speel 'n belangrike rol in die lewe van die kampus as deel van 'n diverse universiteit. Gedurende 2010 het die kampus weer jaarlikse feeste en skoue aangebied, soos die kampus se Buitenshuise Kuns- en Handwerkkuitstalling, die Skou vir Nuwe Talent vir eerstejaarstudente en die Skou vir Nuwe Kultuur.

### □ Aktiwiteite van die Verteenwoordigende Kampusstudenteraad

Die Verteenwoordigende Kampusstudenteraad (VKSR) het deur die koördineringskantoor 'n openbare interfaakultêre studentedebat tussen studente in Geestes- en Sosiale Wetenskappe (GSW) en Regstudente gereël. Met die toestemming van die VKSR het die South African Students Congress (SASCO) 'n sogenaamde "graduate alive"-geleentheid by die studentesentrum aangebied. Die doel was om studente aan te moedig om hul grade tydig en vry van MIV/Vigs-infeksie te voltooi.

Die 2010/11-VKSR is op 10 September 2010 ingehuldig en 'n induksiewerkwinkel is vir die lede asook al die akademiese en nie-akademiese substrukture gehou.

### □ Studentewelstand en berading

Die kampus het 'n omvattende verskeidenheid ondersteuningsdienste en -strukture in plek geplaas om vir studentewelstand voorsiening te maak en studente by te staan om wyse keuses te maak wat studie en loopbane betref. Die Loopbaan-sentrum het studente met verskillende aangeleenthede bygestaan, soos die opstel van 'n CV, onderhoudvoering en om werk te soek.

'n Werkswinkel is aangebied om eerstejaarstudente te help om by die kampuslewe aan te pas, en portuurhelpers is opgelei om hul medestudente by te staan. Daar was twee eweknie-helpers in elke koshuis en studenteberaders het maandelikse nabetraging met hulle gehou.

Die Eenheid vir Gestremdes het 21 studente met verskillende gestremdhede geregistreer. Fakulteite en eenhede het ten nouste met die Koördineerder vir Gestremdheid saamgewerk, wat aanbiedings oor die kwessie van gestremdheid aan vierdejaarstudente in Maatskaplike Werk gedoen het.

By die kampuskliniek het beide professionele verpleegsters resepteringslisensies ontvang en is medisynevoorsiening ná meer as twee jaar weer deur die Mafikengse Provinsiale Hospitaal ingestel. Die kliniek het 'n besige program van gesondheidsorg-bewusmakingsveldtogte, immunisering en psigososiale ondersteuning gehad. In Augustus was daar 'n uitbreking van terugkerende griep, wat met 'n 100%-sukseskoers behandel is. Ongeveer 70 mense is teen H1N1 (varkgriep) geïmmuniseer.

Die kliniekverpleegsters het vrywillige MIV/Vigs-berading en -toetsing uitgevoer, en verskeie geleenthede is aangebied om bewustheid te verhoog en studente te bemagtig om hulself teen infeksie te beskerm.

## PRESTASIES WAT BETREF DOELSTELLINGS VAN DIE KAMPUSPLAN

Internasionale samewerking was 'n belangrike strategiese doelstelling vir die kampus, wat 'n uitruilprogram met die Hanseo-universiteit in Suid-Korea het en 'n memorandum van verstandhouding met die Delaware State University in die Verenigde State onderteken het.

Die Dekaan van die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie het verskeie instansies in Ghana, die Verenigde State en Italië besoek met die oog op samewerkingsreëlings.

Die kampus het ook geleenthede vir nasionale samewerking nagestreef. In die besonder het die Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie met die Mediese Navorsingsraad en die WNNR oor die gebruik van nano-filtrering in die produsering van skoon water vir landelike gemeenskappe saamgewerk.

Op provinsiale vlak het samewerkingsinisiatiewe die volgende ingesluit:

- Mpumalanga se Departement Landbou, Landelike Ontwikkeling en Grondadministrasie het 22 nuwe studente ten volle befonds vir BSc-grade in Dieregesondheid.
- Nog 10 studente is ten volle deur die Departement van Landbou van Limpopo befonds vir BSc-grade in Dieregesondheid.
- Noordwes se Provinsiale Departement van Landbou het 40 voorligtingsbeamptes vir opleiding in BSc Landbou (Dierewetenskap, Gewaswetenskap en Landbou-ekonomie) gestuur.

## ANDER PRESTASIES

- Die kampus het in 2010 25 aansoeke om kortkursusse by die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS) voorgelê.
- Twee Eksterne Programevaluerings (EPE's) is vir Chemie en Wiskunde gedoen.
- Vyf ná-EPE-midsiklusbesoeke het plaasgevind, naamlik by Vervoerekonomie, Verpleegkunde, Toerisme, Dierewetenskap en Ontwikkelingstudies.
- 'n Portuuroorsig is vir die Toelatingskantoor gedoen.
- Programme in Landbouwetenskap het herkurrikulering ondergaan.
- Altesaam 446 internasionale studente uit 19 lande is in 2010 op die Mafikengkampus geregistreer.
- Gedurende die somer- en lentegradeplegtighede in April en Oktober het 2 008 studente gegradueer. Dit het 13 PhD's ingesluit, waarvan agt in April toegeken is, wat 'n kampusrekord was. 'n Eredoktorsgraad is ook aan prof Recias Malope van die Fakulteit Geestes- en Sosiale Wetenskappe toegeken.
- Die Kampusgholfdag is heringestel en 80 spelers het ingeskryf. Die geld wat ingevorder is, het gegaan vir die rektor se Maaltyd per Dag-projek om behoeftige studente by te staan.
- Gedurende Mei en Julie 2010 is twee galadinees vir alumni in Pretoria en Nelspruit aangebied, wat deur altesaam 300 mense bygewoon is.



- Die hoogtepunt van die jaar was die kampus se 30e verjaarsdag. Dit is gevier deur aktiwiteite soos 'n pretdraf, 'n vlotoptog deur die dorp, en sport- en kultuuraktiwiteite. Die twee hoofaktiwiteite was die prestigelesing deur dr Lucas Mangope en die Tuiskomsdinee vir Alumni. Ongeveer 800 mense het hierdie geleentheid bygewoon.

## ONTWIKKELINGS OP KAMPUS

- Drie akademiese personelede is bevorder: Prof Mashudu Maselesele tot volprofessor, en dr Eva Manyedi en mnr Fritz Kgotle tot senior lektor.
- Vier personelede het in 2010 PhD's ontvang: Dr Ramokoni Eunice Gopane (Biologie), dr Rene Phetlhu (Verpleegkunde), dr Cornelia Kedidimetse Lebopa (Dierewetenskap) en dr Ben Muatjetjeja (Wiskunde).
- Die kampusrektor, professor Dan Kgwadi, het 'n eredoktorsgraad in Bestuur van dr Ham Kee-Sun, die president van die Hanseo-universiteit in Suid-Korea, ontvang.
- Die volgende infrastruktuurprojekte/ontwikkelings is voltooi:
  - Die ou kafeteria is in 'n Wetenskapsentrum omskep, wat amptelik deur die Minister van Wetenskap en Tegnologie, me Naledi Pandor geopen is.
  - 'n Noodkragvoorsieningskamer met drie groot kragopwekkers en die kampuswye netwerk.
  - Verskuiwing van kantore en van die res van die personeel van die Skool vir Landbou vanaf Molelwane Farm na die Dieregesondheidsentrum op die kampus.
  - Die parkeerterrein by die Dieregesondheidsentrum en die pad wat die sentrum met die Wetenskapsgebou verbind.
  - Opgradering van die Wetenskapsgebou (betaal uit samesmeltingsfondse).
  - Opgradering van die Modiri Molema-koshuis.
  - Nuwe voorgraadse koshuis (220 beddens).
  - Oudiovisuele toerusting is in die groot Sentrale Lesingsale geïnstalleer.
  - Die omskepping van wasserye in die koshuise tot slaapkamers, wat altesaam 88 bykomende kamers geskep het, en die bou van nuwe ten volle toegeruste wasserye.

## SLOT

Die kampus het 'n uitnemende rekord wat betref hulp met die vervulling van die aspirasies van en uitreiking na studente uit benadeelde agtergronde. Deur die kundigheid van personeel by sentrums soos die Ipelegeng-gesinsentrum, Gemeenskapsregsentrum, Wetenskapsentrum, Sokkerinstituut en die Sentrum vir Inheemse Kennisstelsels het die kampus gesonde samewerkende verhoudinge met plaaslike, nasionale en internasionale gemeenskappe gebou.

Die huidige fokus is op 'n matige groei in voorgraadse programme en verbreding van toegang tot wetenskap en tegnologie.

Van die programme wat die kampus aanbied is die volgende uniek:

- Dieregesondheid
- Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie
- Inheemse Kennisstelsels
- Vervoerekonomie
- Sportwetenskap

Die goedgekeurde navorsingsnisareas vir die kampus is.

- Bevolking en Gesondheid
- Voedselveiligheid en -sekuriteit in die Noordwes-provinsie

Met hierdie kundigheidsgebiede in onderrig-leer en navorsing, gerugsteun deur 'n sterk rekord in gemeenskapsbetrokkenheid en kommersiële implementering van kundigheid, sal die kampus steeds 'n sleutelvennoot in vaardigheidsontwikkeling binne die streek en daarbuite bly.

**PROF DAN KGWADI**  
KAMPUSREKTOR: MAFIKENG

# KAMPUSOORSIG – POTCHEFSTROOM



PROF HERMAN VAN SCHALKWYK



DIE JAAR 2010 WAS  
IN BAIE OPSIGTE 'N  
JAAR VAN NUWE  
BEGINPUNTE.  
DIE KATALISATOR  
WAS DIE BESLUIT VAN  
DIE KAMPUS, SOOS  
DEUR DIE KAMPUS-  
SENAAT ONDERSTEUN  
EN ONDESKRYF,  
OM HULSELF AS 'N  
NAVORSINGSGERIGTE  
ENTITEIT TE  
HERPOSISIONEER.



Die jaar 2010 sal in die geskiedenis opgeteken word as die jaar waarin Suid-Afrika die Sokkerwêreldbeker suksesvol aangebied het. Wat dit selfs opwindender vir die NWU gemaak het, was dat die Potchefstroom-kampus die Spaanse wenspan in die Wêreldbeker gehuisves het. Hulle het hul sukses gedeeltelik toegeskryf aan die feit dat hul basiskamp in Potchefstroom was, en dit het hernude belangstelling, plaaslik sowel as internasionaal, in die sportfasiliteite van die kampus gewek.

In 2010 is 'n nuwe kampusrektor aangestel, naamlik prof Herman van Schalkwyk, voormalige dekaan van Natuur- en Landbouwetenskappe van die Universiteit van die Vrystaat. Dit het gelei tot 'n evaluering van die aktiwiteite en rol van die kampus binne die NWU, die provinsie en die land. Die besluit is geneem om die kampus duideliker as 'n navorsingsgerigte kampus te herposisioneer, waar onderrig-leer en navorsing wedersyds versterkend optree. Hierdie posisionering weerspieël die kampus se gereedheid om met hul navorsing in nasionale behoeftes te voorsien en tot die land se ontwikkeling by te dra.

Gevolgtik het die kampus begin met die herontwikkeling van hul doelstellings, bedrywighede en aktiwiteite, en is daar spesifieke teikens vir 2011 tot 2013 gestel.



## STUDENTE-INSKRYWINGS IN 2010

Voorgraads	29 771
Geleentheidstudente	123
Honneurs	8 317
Nagraadse diplomas en sertifikate	1 253
Meesters	1 845
Doktoraal	656
<b>Totaal</b>	<b>41 965</b>



## SAMESTELLING VAN VOORGRAADSE STUDENTE IN 2010

Eerstejaars	Kontak	3 565
	Afstand	321
Seniors	Kontak	14 302
	Afstand	23 777



**PROF MARIËTTE LOWES**  
Viserektor:  
Onderrig-Leer



**PROF AMANDA LOURENS**  
Viserektor: Navorsing en  
Beplanning



**PROF JAN SWANEPOEL**  
Dekaan: Fakulteit  
Lettere en Wysbegeerte



**PROF KOBUS PIENAAR**  
Dekaan: Fakulteit  
Natuurwetenskappe



**PROF FIKA JANSE  
VAN RENSBURG**  
Dekaan: Fakulteit Teologie



**PROF BARRY RICHTER**  
Waarnemende dekaan:  
Opvoedingswetenskappe



**PROF ELSABÉ LOOTS**  
Dekaan: Fakulteit Ekonomiese en  
Bestuurswetenskappe



**PROF FRANCOIS VENTER**  
Dekaan: Fakulteit Regte



**PROF JOHAN FICK**  
Dekaan: Fakulteit Ingenieurswese



**PROF MARLENE VILJOEN**  
Dekaan: Gesondheidswetenskappe



**ME DOROTHY AUGUST**  
Kampusregistrateur



**MNR BOBO VAN  
DER WESTHUIZEN**  
Hoofdirekteur:  
Finansies en Fasiliteite



**PROF HENDRÉ REYNEKE**  
Studentedekaan



**MNR THEO CLOETE**  
Direkteur: Departement  
Bemarking en Kommunikasie



### DIPLOMAS EN GRADE IN 2010 TOEGEKEN

Sertifikate en diplomas	6 389
B-grade	2 674
Honneursgrade	1 932
Meestersgrade (insluitende MBA)	482
Doktorsgrade	107
<b>Totaal</b>	<b>11 584</b>



### GEGRADUEERDES PER FAKULTEIT IN 2010

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte	266
Fakulteit Natuurwetenskappe	469
Fakulteit Teologie	154
Fakulteit Opvoedingswetenskappe	7 453
Fakulteit Regte	263
Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	1 431
Fakulteit Ingenieurswese	271
Fakulteit Gesondheidswetenskappe	1 277
<b>Totaal</b>	<b>11 584</b>

Meer as 11 000 sertifikate, diplomas en grade is by 45 gradeplegtighede toegeken, wat op die volgende plekke en datums plaasgevind het:



STAD/DORP	DATUM
Potchefstroom	1-17 Maart
	12-14 Mei
	23 Julie
	16, 22 en 23 September
	29-30 November
	3 Desember

### EKSTERNE PLEGTIGHEDE

Upington	25 Februarie
Cedar College	27 Maart
Polokwane	26 Julie en 6 Desember
Durban	28 Julie en 8 Desember
Oos-Londen	30 Julie en 10 Desember
Londen, Verenigde Koninkryk	2 Oktober
Ongwediwa, Namibië	16 November
Windhoek, Namibië	18 November
George	1 Desember
Witrivier	7 Desember



## KAMPUSHOOGTEPUNTE

- ❑ Gedurende die herfsgradeplegtigheid in Mei is 'n eredoktorsgraad toegeken aan prof Koos van Rooy vir sy werk as 'n bybelvertaler in Suid-Afrika, sy innoverende denkwys as 'n teoloog en sy bydrae tot Missiologie.
- ❑ Die nasionale Departement Wetenskap en Tegnologie (DWT) het prof Alta Schutte as die wenner van die Vroue in Wetenskap-toekenning ("WISA") gekies in die kategorie vir jong vroue wat hulle in die lewenswetenskappe onderskei het.
- ❑ Die Konserwatorium, tuiste van die Skool vir Musiek, het hul halfeeu herdenk. Presies 50 jaar gelede het die voormalige PU vir CHO die eerste universiteit in die land met 'n eie konserwatorium geword.
- ❑ Die enigste suksesvolle aansoek vir befondsing deur die Europese Unie vir 'n nuwe navorsingstudie oor volhoubare voeding in Afrika was dié van die Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing ("AUTHeR") en die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV).
- ❑ Die Akademie vir Wetenskap en Kuns het drie akademië van die Potchefstroomkampus vereer vir hul navorsing. Hulle was prof Bennie van der Walt (Skool vir Filosofie), prof Paul Styger (Skool vir Ekonomie) en prof Jaap Helberg (Teologie).
- ❑ Die kampus het die Departement van Handel en Nywerheid se Sentrum van Uitnemendheid in Gevorderde Vervaardiging-laboratorium geopen.
- ❑ Die doktorsproefskrif van dr Pieter Fick, 'n nagraadse student van die Fakulteit Ingenieurswese, is tydens 'n internasionale ingenieurskompetisie van die American Society of Engineering Managers (ASEM) as een van die drie bestes in die wêreld aangewys.
- ❑ Die Sentrum vir Tekstegnologie (CTexT™), in samewerking met verskeie taalvennote, het speltoetsers vir nege Suid-Afrikaanse tale voltooi, vir gebruik in Microsoft® Office-programme, soos Microsoft Word®.
- ❑ Die NWU het twee aktuarisse, mnr Robert Maxwell en me Janette Larney, as akademië by die Sentrum vir Bedryfswiskunde en Informatika (BWI) aangestel. Dit is die eerste keer dat aktuarisse deel van die akademiese personeel uitmaak.
- ❑ Die Eriksonia edgei-skoenlapperspesie is vernoem na dr David Edge, 'n buitengewone senior dosent van die Skool vir Omgewingswetenskappe en Ontwikkeling in die nagraadse program vir Biodiversiteit en Bewaringsekologie.
- ❑ Een van die universiteit se A1-navorsers en Direkteur van die Skool vir Fisika, prof Marius Potgieter, is genooi om in die bestuurskomitee van die Internasionale Ruimteweerinisiatief (IRWI) te dien. Die Nasionale Navorsingstigting het hom ook genomineer om die Suid-Afrikaanse ruimtewetenskapsgemeenskap tydens die algemene vergadering van COSPAR in Bremen, Duitsland, te verteenwoordig.
- ❑ 'n Dosent in die Skool vir Chemiese en Mineraal-ingenieurswese, prof Sanette Marx, was die enigste wetenskaplike van Afrika wat genooi is om as 'n konsultant by die Voedsel- en Landbou-organisasie (VLO) in Rome, Italië, te dien.
- ❑ Die kampus het die jaarlikse konferensie van die Nasionale Vereniging vir Afstandsonderrigorganisasies in Suid-Afrika (NVAOOSA) aangebied.



## ONDERRIG-LEER-AKTIWITEITE

In die meeste fakulteite het strukture onveranderd gebly. 'n Bykomende skool is in die Fakulteit Teologie tot stand gebring, naamlik die Skool vir Voortgesette Teologiese Studie. 'n Ooreenkoms is ook aangegaan om voorsiening te maak vir die betrokkenheid van die fakulteit op Mafikeng deur Teologie as 'n onafhanklike bestuurseenheid tot stand te bring. Voorbereidings is getref vir die oprigting van 'n nuwe sentrum in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe om nagraadse studente in die maatskaplike, teologiese en opvoedkundige wetenskappe op te lei.

### □ Toelatingsbeplanning

Op grond van kapasiteit in die verskillende fakulteite is meer akkurate beplanning vir die toelating van eerstejaarstudente gedoen. In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is die inname van eerstejaarstudente tot 400 beperk. Net so, in die lig van die beperkings op ruimte en personeel, het die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurwetenskappe 950 eerstejaarstudente aanvaar, 44 meer as die 2009-inname.

Sekere programme is in groter aanvraag as wat die huidige kapasiteit van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte kan toelaat. Daar is byvoorbeeld 160 studente vir Grafiese Ontwerp geregistreer, terwyl slegs 40 aanvaar kan word. Spesifieke strategieë is ontplooi om hierdie kwessie die hoof te bied.

Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe het 260 eerstejaarstudente aanvaar, vergeleke met 198 die vorige jaar. Hierdie groei word toegeskryf aan die vraag na intreevlakstudie in Maatskaplike Werk, Menslike Bewegingskunde en Psigologie, sowel as vir die Diploma in Sportwetenskap.

In die Fakulteit Opvoedingswetenskappe is dit 'n prioriteit om te verseker dat die nagraadse onderwysertifikaat (NGOS) 'n lewensvatbare program is. Nadat slegs 114 studente in 2010 hiervoor geregistreer het, is die werwingsteiken vir 2011 op 150 gestel. Teen die einde van die oorsigjaar het meer as 200 studente vir 2011 aansoek gedoen, waarvan ongeveer 50 die Skoolgebaseerde Program wil volg.

Daar was 'n egalige groei in die Baccalaureus in Opleiding- en Ontwikkelings-program (BOO-program). Vir 2010 het altesaam 61 studente vir die kwalifikasie geregistreer, vergeleke met 12 in 2006 toe die program tot stand gebring is. In die BEdHons-program het die getal voltydse studente in 2010 met 40% gestyg.

Geregistreerde studente in die Nasionale Professionele Onderwysdiploma (NPOD), Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS), BEdHons en BEd-opgradering (Afstandsl eer) het in 2010 op ongeveer 22 000 gestabiliseer. Aktiewe studente per eksamen geleentheid is na raming ongeveer 12 000.

### □ Programbestuur

In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is 'n aantal nuwe programme tot stand gebring, insluitende die B-graad in Sosiale Wetenskappe en die BA-graad in Erfenis- en Kultuurtoerisme.

Die Fakulteit Ingenieurswese het sy programme hersien nadat die Ingenieursraad van Suid-Afrika (IRSA) bevind het dat die programme kredietgewys oorlaai was. Die implementering van die nuwe programme het in 2010 plaasgevind. 'n Nuwe honneurskurrikulum in Omgewingsgeologie is tot stand gebring.

### □ Programbelyning

Die kampus het die impak gemoniteer van die programbelyningsproses wat die NWU in 2009 onderneem het. Een van die uitwerkings van die programbelyningsproses is dat dit die getal kredietpunte aansienlik verminder het, en dus ook die kontakonderrigtyd van die eerstejaarsmodules in Wiskunde in die besonder. Terselfdertyd het die skoolstelsel weer eens swak resultate in Wiskunde op matriekvlak opgelewer. Dit beteken dat die vakgroep Wiskunde en Toegepaste Wiskunde deur 'n steeds wyer wordende gaping tussen die skool en universiteit in die gesig gestaar word.

Die kampus het in 2010 stappe gedoen om hierdie probleem die hoof te bied. Eerstens moes alle eerstejaars wat minder as 70% vir matriek-Wiskunde in 2009 gekry het, 'n verpligte verfrissingskursus aan die begin van die eerste semester van 2010 deurloop. Tweedens is daar, met die bystand van Bedryfswiskunde en Informatika (BWI) en Ingenieurswese, beter fasiliteerders aangestel om studente by te staan.

### □ Kwaliteitsversekering

Aangesien die kampus besig was met die infasering van die belynde programme gedurende 2010, het hulle besluit om nie vir die volgende drie jaar programme intern of ekstern te evalueer nie. Die kampus gebruik egter steeds die drie vlakke van kwaliteitsversekeringsmeganismes wat in plek is om die kwaliteit van leerprogramlewering te verseker. Hierdie vlakke bestaan uit die hooffakulteitvlak, waar die fakulteitsraad kwaliteit verseker, die onderrigkomitees wat as fakulteitskomitees dien, en op die skoolvlak, waar die skoordirekteure met



die vakvoorsitters, programmeiers en dosente saamwerk om kwaliteit te verseker. Die eksamenvraestelle en antwoordboeke van alle uitreevlakmodules is ekstern gemodereer volgens die universiteit se voorskrifte.

#### □ **Onderzoek na opleiding in Regte**

'n Opname van persepsies oor die stand van onderrig in die Regsfakulteit is uitgevoer. Die finale bevindinge is aangekondig en verskeie aspekte is vir verdere aandag geïdentifiseer, insluitende die behoefte om regsopleiding op 'n meer praktiese wyse aan te bied.

Aktiewe samewerking is aan die Raad op Hoër Onderwys verleen in hul ondersoek na die kwaliteit van regsopleiding in die land.

#### □ **Personeel- en studenteprestasies in onderrig-leer**

##### **Fakulteit Lettere en Wysbegeerte:**

- Die vagmaep Grafiese Ontwerp in die Skool vir Kommunikasiekunde is as die beste ontwerpskool in die land genomineer. Personeel en studente in hierdie vagmaep het verskeie toekennings verower, onder andere: Lories-toekennings, Pendoring, SAAP I Ideas that matter, die IPSA Gold Pack Awards, SA Raad vir Ontwerp, Think Ahead-toekennings in Grafiese Ontwerp, toekennings van die Internasionale Vereniging vir Tipografiese Ontwerpers en die Suid-Afrikaanse Banknoot-kompetisie.

- Personeel van CText™ het die 'outomatiese masjienvertaalstelsel', Autshumato, voltooi en van stapel gestuur en het 'n kontrak van R5 miljoen van die Departement Kuns en Kultuur ontvang.

##### **Fakulteit Ingenieurswese:**

- Vir die CyberJunkyard-kompetisie wat deur Siemens, FESTO Suid-Afrika en LappKabel aangebied is, het studente 'n sokkerspelmasjien ontwerp en gebou wat die sokkertema wat vir die 2010-kompetisie gekies is, weerspieël het.
- 'n Ingenieurstudent het die algehele eerste plek in die jaarlikse 2010-studenteprojekkompetisie van die Suid-Afrikaanse Instituut vir Elektriese Ingenieurs (SAIEI) verower. Sy inskrywing was 'n temperatuurbeheerde oond wat vir die montering van elektroniese komponente gebruik word.

##### **Fakulteit Gesondheidswetenskappe:**

- Dr Adrie Roux van die vagmaep Maatskaplike Werk is as een van die 15 mees inspirerende dosente van die NWU benoem, en prof Dries Marais van die Skool vir Farmasie het 'n merietetoekening ontvang.

##### **Fakulteit Natuurwetenskappe:**

- 'n Kontrak is met Absa onderteken om die BWI-beursskema vir nog vyf jaar te verleng, met 'n verhoging van die

jaarlikse bedrag van R1 475 000 tot R3 900 000 (waarvan R500 000 vir die vergoeding van 'n administrateur bestem is).

- Absa het 'n verdere R1 miljoen per jaar vir vyf jaar goedgekeur om die NWU se Aktuariële Program te befonds. Die eerste beurs is toegeken aan 'n aktuariële student wat in 2009 die beste student in die Vrystaat was.

#### **Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe:**

- Die uitslae van die NWU in Geoktrooieerde Rekenmeesterskap (GR) was weer eens uitsonderlik, met 'n slaagsyfer van 81%, vergeleke met die land se gemiddelde van 73%.
- Een van die kampus se studente het die kwalifiserende eksamen met lof geslaag, en die vakgroep Belasting was tweede in die land.
- Vier NWU-studente was onder die top 20 in die na-graadse afdeling van die jaarlikse Nedbank-Ou Mutual-begrotingskompetisie.
- Vier van die honneursstudente in Geoktrooieerde Rekenmeesterskap was onder die 30 studente wat van dwarsoor die land genooi is om die 2010-netwerkgeleentheid van die SAIGR-studenteleierskapberaad by te woon.
- 'n Span van die program vir Bestuursrekeningkunde het 23 ander Suid-Afrikaanse spanne in die Global Business Challenge uitgestof. Tydens die internasionale been in Maleisië het die span vierde uit 14 spanne geëindig.
- Die Skool vir Rekeningkundige Wetenskappe was instrumenteel in die stigting van die Instituut vir Kommersiële Forensiese Praktisyne in Johannesburg om die kommersiële forensiese professie te reguleer en te koördineer. Prof Jan van Romburgh van hierdie skool is tot die direkteur verkies. In hierdie stadium is die NWU die enigste universiteit in Suid-Afrika wat 'n BCom- en honneursgraad in Forensiese Wetenskap bied.
- Twee meesterstudente van die Skool vir Ekonomie is gekies vir die SAVUSA Skills-program aan die Vrije Universiteit in Amsterdam. Albei studente is gekies om die Reserwebank se Kadet-program, waarvoor slegs 20 kandidate aanvaar is, in 2011 by te woon.

#### **Fakulteit Opvoedingswetenskappe:**

- Ná voorlegging van voorstelle oor nuwe beleid wat vir die Grondslagfase in Suid-Afrika beplan word, is twee dosente, dr Charmaine Uys en prof Hennie Steyn, genooi om voor die nasionale portefeuljekomitee vir basiese onderwys in Kaapstad te verskyn om hul voorstelle uiteen te sit.

- Die Skool vir Voortgesette Onderwysersopleiding (SVO) het 'n uitstekende verslag ontvang ná 'n internasionale oudit deur vier kundiges in oop afstandsl eer. Dit is die derde positiewe verslag wat hulle sedert 2007 ontvang het.
- Afgevaardigdes van 11 lande het die internasionale konferensie bygewoon van die Nasionale Vereniging vir Afstandsonderrigorganisasies in Suid-Afrika, wat in September 2011 op die Potchefstroomkampus gehou is.
- Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het prof Philip van der Westhuizen as sameroeper van die keuringskomitee vir die Stals-Prys in Onderwys, Bewegingskunde en Rekreasie vir 2010 tot 2013 aangestel.

## NAVORSINGSAKTIWITEITE

Die kampus het sy komplement van NNS-gegradeerde wetenskaplikes van 108 na 116 opgeskuif. Dit beteken dat ongeveer 11% van die doseerpersoneel gegradeerde navorsers is. In 2010 was daar 42 postdoktorale genote aktief binne die verskillende navorsingsentiteite.

Nie minder nie as vier navorsingsleerstoele is in die Fakulteit Ingenieurswese gevul, insluitende die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstool in Kerningenieurswese, wat deel van die Suid-Afrikaanse Navorsingsleerstoele-inisiatief ("SARChI") uitmaak.

Prof Pieter Rousseau is in hierdie leerstoel aangestel en sal as programleier optree. Die ander navorsingsleerstoele wat gevul is, was die DWT-Leerstool in Waterstofingenieurswese (prof Manie Vosloo), die DWT-Leerstool in Hernubare Energie (prof Sanette Marx) en die DWT-Leerstool in Steenkooltegnologie (prof Ray Everson).

Die navorsingseenheid Gereformeerde Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Gemeenskap het die NWU-toekenning vir die mees produktiewe navorsingseenheid by die universiteit ontvang. Verskeie ander navorsers het toekennings van die NWU vir internasionale patente, innovasie, kreatiewe uitsette, gemeenskapsbetrokkenheid en uitsonderlike leierskap in internasionale organisasies ontvang.

In 2010 is alle fakulteite en navorsingseenhede genooi om aansoek te doen vir addisionele databasisse wat noodsaaklik is vir doeltreffende navorsing. 'n Bedrag van net minder as R3 miljoen is beskikbaar gestel vir databasisse soos SciFinder, CABI, RILM, PsycArticles en Scopus.



Die Potchefstroomse atleet, me Sunette Viljoen, het 'n nuwe Suid-Afrikaanse en Afrika-rekord opgestel by die Josef Odlozil-gedenkbyeenkoms in Praag in die Tsjeggiese Republiek.

## IMPLEMENTERING VAN KUNDIGHEID

Die kampus dra steeds deur gemeenskapsbetrokkenheid en gekommersialiseerde aktiwiteite kundige kennis aan individue en groepe buite die universiteit oor.

### □ Gemeenskapsbetrokkenheid


Terwyl alle fakulteite op die kampus in 2010 by gemeenskapsbetrokkenheid-projekte sonder winsbejag betrokke was, was dié wat by gesondheidsdienste betrokke was, besonder aktief:

- 'n Hipertensiekliniek is op die kampus tot stand gebring, waar gesofistikeerde meettegnieke gebruik word om na die bloeddruk en kardiovaskulêre gesondheid van lede van omliggende gemeenskappe te help omsien.
- Bystand met kwaliteitsversekering in die bestuur van asma en diabetes is aan primêregesondheidsorgklynieke in die dr Kenneth Kaunda-distriksmunisipaliteit voorsien.
- Navorsers van verskeie dissiplines het aan die grootste gemeenskapsontwikkelingsprojek in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, die FLAGH-program, deelgeneem en hul kennis gebruik om armoede te verlig. Vooruitgang gedurende 2010 het gelei tot die registrasie van die LIFEPLAN®-program, wat mensontwikkeling en lewensvaardighede-opleiding gebruik om die gesondheid en welsyn van kwesbare mense te verbeter.
- Die Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUPHER) het 'n mylpaal bereik met hul Prospektive Urban and Rural Epidemiology-projek (PURE-projek), wat in 2005 begin het. Deelnemers word oor 'n tydperk van 12 jaar vir die ontwikkeling van siektes soos hoë bloeddruk, diabetes en koronêre hartvatsiektes gemoniteer. Teen 2010 het die projekspan data vir meer as 17% van die oorspronklike 2 000 deelnemers suksesvol ingesamel.

Daarby sal 'n skenking van musiekinstrumente ter waarde van ongeveer R350 000 van die VSA deur die Skool vir Musiek gebruik word vir musiekopleiding in gemeenskappe in die Potchefstroomgebied.

### □ Kommersieel gebaseerde aktiwiteite

Kommersieel gedrewe projekte sluit kontraknavorsing, konsultasies en ander derdegeldstroom-aktiwiteite in, wat inkomste vir die universiteit genereer. In 2010 het die Potchefstroomkampus R26,8 miljoen van die Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne vir die Nywerheid (THRIP) binne die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang. Die nywerheid het 'n verdere R39,6 miljoen bygedra.



'n Spesie diatome is vernoem na dr Jonathan Taylor, kurator van die Suid-Afrikaanse nasionale Diatoomversameling, wat by die Skool vir Omgewingswetenskappe en -Ontwikkeling gehuisves word.

Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) het die voorafkwalifikasiestatus van die Navorsingsinstituut vir Industriële Farmasie/ Sentrum vir Kwaliteitsversekering van Medisyne (RIIP®/CENQAM®) in 2009 hernu. Die laboratorium bly voorafgekwalifiseer en gelisensieer om as 'n derdeparty-toetslaboratorium vir die WGO en die Suid-Afrikaanse Medisynebeheerraad op te tree. Dit is ook die voorkeur-laboratoriumdiensverskaffer vir die Amerikaanse regering se Presidensiële Noodplan vir Vigsverligting (PEPFAR) en is verantwoordelik vir die kwaliteitsifting van alle aangekoopte antiretrovirale medisyne wat as deel van die PEPFAR-inisiatief versprei word. RIIP®/CENQAM® is 'n laborariumeenheid wat binne die struktuur vir Farmaseutiese en Biomediese Dienste van die Skool vir Farmasie bestuur word, en dit voorsien laboratoriumopleiding- en konsultasiedienste aan die farmaseutiese bedryf, medisyneuleringsowerhede en aankooporganisasies wêreldwyd.

Verskeie skole en akademiese departemente het met akademiese instellings, befonders, regerings, staatsdepartemente en private ondernemings saamgewerk.

- Die Fakulteit Gesondheidswetenskappe het deel geword van die bilaterale ooreenkoms tussen Hongarye en Suid-Afrika. Die wetenskaplikes wat betrokke is, is van die Biologiese Navorsingsakademie van Hongarye en, in Suid-Afrika, van die NWU, die Universiteit van Stellenbosch, die WNNR en iThemba-laboratoriums.
- Die gesamentlike Switserse/Suid-Afrikaanse bilaterale ooreenkoms vir navorsing wat in 2009 gesluit is, is verder uitgebrei. Die ooreenkoms sluit die ontwikkeling van antimalaria-middels in wat op Pheroid™-tegnologie gebaseer is.

Patentoordrag is 'n belangrike deel van die NWU se innoveringstrategie. Gedurende 2010 het die kampus die kommersialisering van die volgende patente aktief verder gevoer:

- Die Mosfet-gebaseerde ontstekingsstelsel: Dié intelligente vonkprop-ontstekingsstelsel voorsien beduidend doeltreffender bestuur van enjinontsteking, -emissie en -tydreëling. Ambixtra Technologies en die NWU werk met Europese vennote saam om 'n nuwe stelsel, gerig op hoëdruk-petrolenjins, te ontwikkel. 'n Gevorderde

prototipe is ontwikkel en word deur 'n onafhanklike internasionale agentskap getoets.

- **Tablette teen halitose:** Dit is goed deur kliënte van 'n tandarts gedurende lukraak toetse ontvang, en 'n be- markingstrategie word tans saam met 'n private instan- sie ontwikkel.
- **Voorlopige toetse oor elektriese omheinings,** gebaseer op die MOSFET-tegnologie, het gedui op die tegniese lewensvatbaarheid van 'n unieke kenmerk wat elektrie- se omheinings kan verbeter. 'n Volskaalse loodsstelsel word gebou om dit aan potensieële lisensiehouers te demonstree.

## STUDENTESAKE OP KAMPUS

Die studentedekaan en sy personeel, in samewerking met die verskillende afdelings, die Studenteraad en die bestuur van die koshuise, is verantwoordelik vir beplanning en uitvoering van die nie-akademiese deel van die studentelewe, insluitende sport en kultuur, koshuislewe, finansiële bystand en Jool.

### □ Sportaktiwiteite en prestasies

Die Potchefstroomkampus is goed bekend vir sy sterk prestasie op sportgebied en vir die gehalte van sy sportfasiliteite. Dit sluit die ENB-Hoëprestasie-instituut vir Sport in, wat 'n ge- raamde 1 500 internasionale atlete in 2010 ontvang het, en die NWU-Puk Sports Village, wat Spanje se Wêreldbeker-wenspan gehuisves het. In 2010 het die kampus ook die Wêreldgewigop- tel-kampioenskappe aangebied, wat meer as 230 deelnemers uit 36 lande gelok het.

As gevolg van die kampus se uitnemende sportfasiliteite het Swem Suid-Afrika die kampus as 'n strategiese vennoot geï- dentifiseer om swem as 'n professionele sport in die Noordwes- provinsie en nasionaal te help bevorder.

By nog 'n groot geleentheid het 50 van Suid-Afrika se top-sok- kerskeidsregters die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging (SAFA) se jaarlikse seminaar vir skeidsregters op die kampus aan- gebied. Dit is die vierde keer dat SAFA die NWU as die plek vir hierdie seminaar gekies het.

Die kampus het ook vir die eerste keer die NWU-Puk en Riaan Venter se Junior Internasionale Tennisfederasie-toer- nooi aangebied. Hierdie toernooi is deel van die internasio- nale junior kalender en het 'n gradering van twee, wat net laer as die Grand Slam-gradering is.

Die Internasionale Krieketraad (IKR) se eerste vrouekrieket-uit- daagtoernooi is ook op die kampus gehou.

Studente het daagliks talle geleenthede gehad om deel te neem aan en uit te blink in die hoofsportkodes, naamlik atle- tiek, hokkie, netbal, rugby, sokker en tennis, asook in kleiner kodes soos karate.

**Netbal:** Die netbalspan, onder die uiters bekwame leiding van Shelley Norris, 'n Nieu-Seelandse afrigter, het die USSA-toernooi gewen en die nasionale USSA-kampioene geword. Hulle lede het 42 provinsiale spelers, 12 nasionale netbaloefengroepspe- lers, vyf nasionale USSA-spelers en een nasionale Protea-speler ingesluit. 'n Student in Sportwetenskap is gekies vir die span wat in Delhi in Indië aan die Statebondspele deelgeneem het.

**Rugby:** Die eerste rugbyspan het die Universiteit van die Vry- staat vir die sesde opeenvolgende keer verslaan, met 'n oorwin- ning van 21–18 in Bloemfontein. Die span se skrumskakel is as Speler van die Jaar genomineer.

**Sokker:** Agt studente is vir die USSA nasionale sokkerspan gekies.

**Karate:** Die kampusspan, wie se afrigter deel van die nasionale USSA-afrigtingspan is, het die USSA-toernooi vir die 11e maal gewen.

**Atletiek:** Die atletiekspan was vir die agste keer in 17 jaar die USSA-kampioene. Nog 'n prestasie was dat twee atlete vir die spiesgooi-item in die Statebondspele in Indië gekies is, waar hulle onderskeidelik 'n goue en 'n brons medalje verower het. Een van hulle het ook 'n nuwe Suid-Afrikaanse en Afrikarekord vir spiesgooi by die Josef Odlozil-gedenkbyeenkoms in Praag in die Tsjeggiese Republiek opgestel. 'n Driesprongatleet is as die Senior Sportman van die Jaar bekroon, 'n spiesgooier as Junior Sportvrou van die Jaar en 'n tienkampatleet as Junior Sportman van die Jaar.

### □ Kulturele aktiwiteite en prestasies

Daar was gedurende die jaar 'n aantal uitstekende geleent- hede en prestasies wat betref kuns, musiek en kultuur:

- PUK-kunste, voorheen bekend as die Kultuurdeparte- ment, het vier konserte aangebied om hul 30e bestaans- jaar te herdenk.
- Artéma, die Instituut vir Kunsbestuur en – ontwikke- ling, het verdere leerderskappe aangebied, insluitende

'n leerderskap in vennootskap met die KKNK in Oudtshoorn. Hulle het ook 'n werkwinkel vir koorleiers, koororganiseerders en koormeesters in samewerking met die kunstesentrum van die Universiteit van Johannesburg aangebied.

- Die kampus het vir die vierde jaar agtereenvolgens die ATKV Nasionale Debatkompetisie vir universiteite gewen.
- 'n Derdejaar-sangstudent van prof Werner Nel by die Skool vir Musiek is vir die Wêreldjeugkoor gekies.
- Die Serenaders, 'n tradisionele Afrikakoor, het die Noordwes-streekskompetisie gewen en ook aan die nasionale koorfees in Pretoria deelgeneem. Dit was die tweede opeenvolgende jaar dat die Serenaders die eindronde van die Ou Mutual Nasionale Koorfees gehaal het.
- Studente van Vergeet-My-Nie-vrouekoshuis was die ATKV se nasionale universiteitserenade-wenners.
- Die Alabama-produksiehuis het die uiters suksesvolle "Persreën"-konserte aangebied, wat 'n huldeblyk was aan die musiek van alumnus Johannes Kerckorrel (alias Ralph Rabie).
- Studenteprojekte het die Eerstejaarstudentekonsent, die jaarlikse Kampustalentfees en verskeie serenade-kompetisies ("Ser"-kompetisies) ingesluit.
- Ná uitgebreide onderhandelings is die Koorakademie van Suid-Afrika nou deel van die NWU, onder die vleuels van die Potchefstroomkampus se Skool vir Musiek.

#### □ **Aktiwiteite van die Verteenwoordigende Kampusstudenterraad**

Gedurende 2010 het die Studenterraad op die kampus 'n toenemend betekenisvolle rol in die verbetering van die gehalte van studente en -aktiwiteite gespeel, doeltreffende wisselwerking met ander kampusstudenterrade gehad en gesonde werksverhoudinge met koshuisbesture, studenteverenigings en kampusbestuur ontwikkel. Omvattende opleiding in menseregte is aan die hele studente-leierskap-komplement voorsien.

Mnr Jaycee van Rooyen is as die nuwe voorsitter van die Verteenwoordigende Kampusstudenterraad vir die 2010/2011-termyn aangestel.

#### □ **Studenteberadingsdiens**

Die Studenteberadingsdiens het weer eens studente gehelp om grondige studie- en loopbaankeuses te maak, en het ge-

help met toelatingsvereistes en spesiale toelatings. Verder het hulle ook sielkundige berading voorsien en studente met gestremdhede gehelp, terwyl die ewekniehulpprogram, bekend as SOS, gehelp het om studente met 'n wye verskeidenheid probleme te ondersteun.

#### □ **Gesondheidsorgsentrum**

Die kampus se gesondheidsorgsentrum, wat 'n eenstopdiens aan studente en sommige personeel verleen, is deur 'n mediese dokter bestuur en beskik oor gekwalifiseerde mediese personeel, 'n maatskaplike werker en 'n voltydse sielkundige. 'n 24-uur-noodnommer is ingestel. Die Hoëronderrwys-MIV/Vigs-projek (HEAIDS), wat in normale kampusaktiwiteite geïntegreer is, is aan die einde van 2010 afgesluit. Die nuwe SANS 16001-program oor MIV/Vigs in die werksplek is van stapel gestuur.

#### □ **Finansiële Steundienste**

Danksy 'n ruim bydrae van die Nasionale Finansiële Hulpkema vir Studente (NSFAS) in 2010, 'n borgskap van R1,2 miljoen van die Rio Casino-groep en ander beurse van borge soos Hexagon Trust en HCI, was die eenheid in staat om alle kwalifiserende studente te help wat vir finansiële bystand ooreenkomstig die NSFAS-skema aansoek gedoen het. Finansiële Steundienste was ook in staat om behoeftige studente met fondse vir voedsel by te staan.

## PRESTASIES TEN OPSIGTE VAN DIE KAMPUSPLAN

Die meeste van die doelwitte van die Potchefstroomkampus, soos in die Kampusplan uiteengesit, is in 2010 bereik. Een van die grootste prestasies was die identifisering van spesifieke nis- en groei-areas.

Hierdie proses het die herbewoording van die missie van die Potchefstroomkampus tot gevolg gehad om dit 'n navorsingsgerigte kampus te maak waar onderrig-leer en navorsing wedersyds versterkend is.

In hierdie opsig is die volgende areas geïdentifiseer as nis- of groei-areas vir navorsing:

- Afrika-Eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing (AUTHeR)
- Studie van Antieke Tekste
- Bedryfswiskunde en Informatika
- Chemiese Hulpbronveredeling



- ❑ Onderrig in Chemie, Wiskunde en Fisika
- ❑ Datakommunikasie en Netwerke
- ❑ Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat
- ❑ Geneesmiddelnavorsing en -ontwikkeling
- ❑ Opvoedkundige Tegnologie vir Doeltreffende Onderrig, Leer en Fasilitering
- ❑ Energiestelsels
- ❑ Omgewingswetenskappe en -bestuur
- ❑ Menslike Metabonomika
- ❑ Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART)
- ❑ Taal en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks
- ❑ Materiale en Vervaardiging
- ❑ Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MGSA)
- ❑ Musikale Kunste in Suid-Afrika
- ❑ Verpleegkunde
- ❑ Voeding (SUV)
- ❑ Fisiese Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek)
- ❑ Leesgeletterdheid
- ❑ Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing
- ❑ Sosiale Transformasie
- ❑ Sosio-ekonomiese Impak van Toerisme
- ❑ Ruimtefisika
- ❑ Onderrig-leerorganisasies
- ❑ Visuele Kultuur
- ❑ WorkWell (navorsing en nagraadse onderrig oor die ekonomiese en bestuursuitdagings wat Suid-Afrika in die besonder en Afrika oor die algemeen in die gesig staar)

## ONTWIKKELINGS OP KAMPUS

- ❑ Twee nuwe kampusbestuuraanstellings is gemaak. Prof Herman van Schalkwyk is as kampusrektor en prof Amanda Lourens as Viserektor: Navorsing en Beplanning aangestel
- ❑ 'n Nuwe dekaan vir die Fakulteit Opvoedingswetenskappe, prof Robert Balfour, is vanaf 1 Januarie 2011 aangestel.

- ❑ Prof Cornelia Roux is as navorsingsdirekteur van die navorsingsfokusarea Onderrig-Leerorganisasies in die Fakulteit Opvoedingswetenskappe aangestel.

## SLOT

In baie opsigte was 2010 'n jaar van nuwe beginpunte. Die katalisator was die besluit van die kampus, soos deur die Kampussenat ondersteun en onderskryf, om hulself as 'n navorsingsgerigte entiteit te herposisioneer.

Die missiestelling vir die kampus is om 'n relevante, internasionaal aangeskrewe instelling te wees wat nie net navorsing van gehalte lewer nie, maar ook die lewensgehalte van die gemeenskap en die omgewing verbeter.

Dit is 'n eer om op dié tydstip deel van hierdie groot universiteit te wees. Ek is oortuig dat die Potchefstroomkampus wat betref studente en personeel oor die grondslag beskik om sy doelwitte te verwesenlik.

Ten einde uit te styg, sal meer internasionale netwerke geskep moet word, sal personeelontwikkeling op spesifieke gebiede nodig wees en sal infrastruktuur verder ontwikkel moet word. Die funksie van bestuur is om visionêr te wees en steun te bied waar nodig. Ek sien daarna uit om my vaardighede in hierdie opsig tot die voordeel van die kampus en die Noordwes-Universiteit aan te wend.

**PROF HD VAN SCHALKWYK**  
KAMPUSREKTOR: POTCHEFSTROOM



# KAMPUSOORSIG – VAALDRIEHOEK



PROF THANYANI MARIBA

“

DIE VAALDRIEHOEK-  
KAMPUS HET 'N  
UNIEKE MENGSEL  
VAN STUDENTE EN  
NAVORSINGSPROJEKTE  
WAT BYDRA TOT DIE  
DOELWITTE OM 'N  
GEBALANSEERDE  
ONDERRIG-LEER- EN  
NAVORSINGSINSTELLING  
TE WORD WAT RELEVANT  
IS IN DIE STREEK.

”

Or die afgelope ses jaar sedert die samesmelting het die Vaaldrie-  
hoekkampus in 'n dinamiese, diverse gemeenskap ontwikkel waar  
funksionele meertaligheid beoefen en multikulturalisme gevier word. Die  
aanstelling van prof Thanyani Mariba as die nuwe kampusrektor lui 'n  
nuwe era vir die kampus in, en die fokus is nou selfs sterker op volhoubare  
veranderingsbestuur.

Die kampus het inderdaad ongeëwenaarde groei in studentetalle geniet.  
Danksy intensiewe kapitaalbeleggings in fisiese infrastruktuur, sowel as  
soliede akademiese beplanning, is hierdie groei geabsorbeer sonder om  
mense- of fisiese kapasiteit onnodig onder stremming te plaas. Gegewe  
die immer stygende vraag na hoër onderwys, is daar 'n behoefte om stra-  
tegies vir die toekoms te beplan. Ontwikkeling van fisiese infrastruktuur en  
die behoud en werwing van personeellede van 'n hoë kaliber is noodsaak-  
lik vir toekomstige sukses.

Werksooreenkomste met verskeie nasionale en internasionale instansies is  
in plek. Hierdie samewerking verhoog nie net die kampus se navorsingska-  
pasiteit nie, maar dra ook by tot die implementering van kundigheid op  
'n groter skaal.



## STUDENTE-INSKRYWINGS IN 2010

Voorgraads	4 393
Geleentheidstudente	44
Honneurs	369
Nagraadse diplomas en sertifikate	84
Meesters	219
Doktoraal	104
<b>Totaal</b>	<b>5 213</b>



## SAMESTELLING VAN VOORGRAADSE STUDENTE 2010

Eerstejaars	1 216
Seniors	3 997

In 2010 is altesaam 1 244 diplomas en grade toegeken, vergeleke met 842  
in 2009. Die eerste groep studente in die Gevorderde Onderwysertifikaat  
(GOS) wat verdere onderrig en opleiding bygewoon het, in samewerking  
met die Gautengse Onderwysdepartement, het hul sertifikate tydens 'n  
gradeplegtigheid in Oktober ontvang.



### DIPLOMAS EN GRADE IN 2010 TOEGEKEN

Sertifikate en diplomas	477
B-grade	471
Honneursgrade	237
Meestersgrade	47
Doktorsgrade	12

Gradeplegtighede is van 4 tot 7 Mei en op 7 en 8 Oktober 2010 gehou.



**MNR BERTIE VISSER**  
Hoofdirekteur: Finansies en Fasiliteite



**PROF LINDA DU PLESSIS**  
Viserektor: Akademie, Kwaliteit en Beplanning



**ME ELBIE STEYN**  
Kampusregistrateur



**PROF TINIE THERON**  
Dekaan: Fakulteit Geesteswetenskappe



**PROF HERMAN VAN DER MERWE**  
Dekaan: Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstechnologie

### KAMPUSHOOGTEPUNTE

- Die kampus het prof Thanyani Mariba as die nuwe kampusrektor verwelkom.
- Die algehele slaagsyfer onder studente het met 0,5% tot 80% gestyg as gevolg van doelbewuste ingrepe soos die verbetering van die akademiese kwalifikasies van dosente, opleiding van nuwe akademiese personeel, verbeterde akademiese steundienste en die vestiging van 'n leerkultuur in die studentekoshuise.
- R31 miljoen is aan kapitaalverbeterings- en uitbreidingsprojekte bestee. Die jongste toevoegings tot die fisiese infrastruktuur sluit 'n nuwe akademiese gebou vir Opvoedkundige Wetenskappe in, wat bestaan uit 'n groot lesingsaal, 'n rekenaarlokaal, kantooruimte, chemie- en fisikalaboratoriums, lesinggeriewe vir die opleiding van tegniese onderwysers, 'n studentesentrum en 'n radiostasie.
- Die kampus se twee sakeondernemings, die Sasol-vulstasie en die Quest-konferensielandgoed, het begin om hul waarde as bronne van bykomende inkomste te toon, in ooreenstemming met die inkomstediversifiseringstrategie.
- Die kampus het 'n Diamond Arrow-toekening van Professional Management Review ontvang as die bes bestuurde hoërondewysinstelling in die Vaal-driehoekgebied.
- Meer as 10 000 name is in die databasis van kampusalumni ingesluit. In 2010 het die Alumnikantoor op die BCom-vakgroep gefokus, wat die oudste akademiese groepering op die kampus is en tot 1963 terugdateer.
- Die langverwagte teiken van 5 000 geregistreerde studente is in 2010 oortref, toe daar 5 213 geregistreerde studente op die kampus was.



## ONDERRIG-LEER-AKTIWITEITE

As gevolg van die Sokkerwêreldbeker in 2010 moes die akademiese jaar verkort word. Dit het egter nie 'n negatiewe impak op akademiese prestasie gehad nie en die akademiese jaar is sonder onderbreking voltooi.

Altesaam 1 216 eerstejaarstudente is op die kampus verwelkom en in die geheel het die getal geregistreeerde studente van 4 506 in 2009 tot 5 213 in 2010 toegeneem. Hierdie studente was nie net uit die direkte omstreke van die kampus afkomstig nie, maar ook uit nege lande in Afrika en ses in Europa.

As gevolg van die styging in studentetalle het die vraag na studente-akkommodasie die aanbod ver oorskry. In 'n poging om die druk in 'n mate te verlig, is daar met bouwerk aan bykomende koshuiseenhede begin.

Die algehele slaagsyfer het tot 80% gestyg. Dit bevestig dat die verskeidenheid ingrepe om die deurvloei te verhoog en die uitvalkoers te verminder, suksesvol was. Die modules in akademiese geletterdheid, AGLA en AGLE, is vir alle eerstejaarstudente geïmplementeer om hul lees, skryf- en studievaardighede te verbeter. Die slaagsyfer vir hierdie twee modules was 68% en 70% onderskeidelik, wat 'n geweldige verbetering was op die prestasie van studente in die modules AFNL 116 en ENGL 116 wat voorheen aangebied is. Die aanstelling van dr Gustav Butler, 'n kundige op die gebied van akademiese geletterdheid, het tot hierdie sukses bygedra.

Die fokus op geletterdheidsvaardighede het in die tweede semester verskerp toe 'n nuwe leesprogram, READ ON, geïmplementeer is. Afrikaanssprekende studente het steeds Academix gebruik. 'n Skryflaboratorium is tot stand gebring om studente te help met argumentvoering, parafering, verwysing en konseptuele strukturering van enige soort akademiese skryfopdrag.

Aanvullende onderrig ("SI") bly een van die kragtigste maniere om steun aan studente te voorsien, en die proses om risiko-modules te identifiseer het dus voortgeduur. Die getal risiko-modules wat SI gebruik, het van 54% in die eerste semester tot 73% in die tweede semester gestyg. Aanvullende onderrig is in 116 modules aangebied en 100 leiers is in aanvullende onderrig opgelei.

Beduidende vordering is gemaak met die plan om strategies in Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie (WIT) te groei. Stu-

dente-inskrywings in die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie het van 8% van die totale inskrywings in 2008 tot 12% in 2010 toegeneem.

Hierdie fakulteit is strategies geposisioneer om 'n Sake- en Inligtingstegnologie-spilpunt te word. Met die oog hierop is 'n suksesvolle befondsingsaansoek ingedien by NUFFIC, 'n Nederlandse Befondsingsorganisasie wat kapasiteitsbou in hoër onderwys ondersteun, om 'n inkubator tot stand te bring en twee nagraadse kwalifikasies in hierdie fakulteit te herontwerp. 'n Bedrag van 1,8 miljoen euro (R17 712 000) is oor 'n tydperk van vier jaar, met ingang van 1 Februarie 2011, vir hierdie projek geoormerk.

Nog 'n veer in die hoed van die kampus was dat hulle deur Hewlett-Packard (HP) as een van die 30 opvoedkundige organisasies in 11 lande gekies is om 'n sogenaamde HP Catalyst-toelae in 2010 te ontvang. As 'n lid van die nuwe HP Catalyst "Measuring Learning" Consortium is die kampus deel van 'n elite kohort wat die toekoms van die onderrig en leer van Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese en Wiskunde sal ondersoek. Hierdie toekenning word op meer as VS\$150 000 (R1 000 000) gewaardeer.

Uitgebreide programme in BSc Data-ontginning en BSc Inligtingstegnologie is ingestel, tesame met dié in BCom Geotrooieerde Rekenmeesterskap en BCom Ekonomie en Risikobestuur. Hierdie programme is spesifiek vir matriculante wat andersins nie toegang tot tersiêre onderrig sou gehad het nie. In 2010 was die gemiddelde slaagsyfer in die uitgebreide BSc-programme 73,61%, en dié vir die uitgebreide BCom-programme 75,75%.

Die Program- en Kwalifikasie-mengsel (PKM) is verder uitgebrei met die instelling van drie BCom-programme, naamlik Finansiële Rekeningkunde, Risiko- en Beleggingsbestuur en Bemarkingsbestuur. Drie BSc-programme, naamlik Kwantitatiewe Risikobestuur, Inligtingstegnologie en Statistiek en Inligtingstegnologie en Ekonomie, is ook ingestel. Die eerste groep van 47 studente het vir 'n Diploma in Sportwetenskap geregistreer.

Nege dosente het aan die proses van die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemend (ITOU) deelgeneem, waarvan drie 'n Kategorie A-toekenning ontvang het, twee 'n Kategorie B en een 'n Kategorie C. Me Magda Kloppers het 'n Absa-brons medalje ontvang vir die navorsing wat sy vir haar meestersgraad in Opvoedkunde doen.



As deel van die Rapport-kompetisie het die studentegemeenskap vir die mees inspirerende dosent in elk van die fakulteite gestem. In die Fakulteit Geesteswetenskappe was dr Hannatjie Meintjies van die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe die wenner, en me Madelein Groenewald van die Skool vir Inligtingstegnologie was die wenner in die Fakulteit Ekonomiese en Inligtingstegnologie.

Die getal eFundi-lokaliteite wat tot stand gebring is, het beduidend tot 542 toegeneem. Die kampus het ook sommige van die lokale met persoonlikerespons-stelsels toegerus, wat studente in staat gestel het om aktief in die klaskamer betrokke te wees. 'n Eksterne programevaluering is in Geskiedenis en voorgraadse Sesotho gedoen.

Benewens hul normale begroting het die biblioteek 'n bykomende R1,3 miljoen ontvang. Uit hierdie toewysing kon 'n bykomende 2 214 boeke gekoop word, wat die totale boekversameling van die kampusbiblioteek op 55 758 titels te staan bring.

## NAVORSINGSAKTIWITEITE

Voorsiening vir navorsingsteun is in die 2010-begroting en die strategiese fonds gemaak. Die navorsingsontwikkeling- en

-steunstrategie vir die kampus is ten volle geïmplementeer en vordering word kwartaalliks gemoniteer. In albei fakulteite is navorsingsetiekkomitees tot stand gebring om te verseker dat alle navorsing en navorsingsvoorstelle aan die etiekvereistes voldoen.

Binne die fakulteite is stappe gedoen om navorsingskapasiteit te versterk.

- In die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie is 'n Direkteur: Navorsingsontwikkeling en twee navorsingsprofessore aangestel. Twee postdoktorale genote is ook aangestel.
- In die Fakulteit Geesteswetenskappe is 'n navorsingsprofessor aangestel.
- Die Skool vir Inligtingstegnologie het 'n Google-navorsingstoelae ten bedrae van VS\$67 900 (R500 000) ontvang om hul navorsings oor teks-na-spraak en stemherkenning in tale met gebrekkige hulpbronne te ondersteun.

Die kampus het ook goeie vordering met die totstandbrenging van navorsingsentiteite gemaak.

Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie is goed op pad na die totstandbrenging van 'n nis in Inligtingstegnologie en Ekonomie.





Die Vaaldriehoek-krieketspan het aan die A-liga van die USSA-spele deelgeneem en hul posisie in die liga behou.

In die Fakulteit Geesteswetenskappe is daar, onder die leierskap van prof Tinie Theron en prof Bertus van Rooy, die eerste formele versoek vir die totstandbrenging van 'n fokusarea op die Vaaldriehoek-kampus ingedien en goedgekeur. Hierdie fokusarea is getitel Verstaan en Verwerking van Taal In Komplekse Omgewings ("UPSET"). Die fokusarea se visie is om die toonaangewende nasionale sentrum te word vir die studie van taalpraktyk, meertaligheid en die gebruiksgebaseerde teoretiese raamwerke waarop die fokusarea se navorsing berus.

Navorsing word ook binne verskeie velde in samewerking met navorsingsentrums op die ander kampusse gedoen, naamlik Antieke Tekste, en die Kulturele Dinamiek van Water. Verder is prof Linda Theron 'n navorsingsgenoot van die Veerkragtigheidsnavorsingsentrum, wat leiers op die gebied van veerkragtigheidsnavorsing van ses kontinente byeenbring.

Die kampus is trots op die personeelle wat nasionale en internasionale erkenning ontvang het:

- Dr Lenie Holtzhausen van die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe is gekies om deel te neem aan die Raad op

Ekonomie-onderrig (REO) se Opleiding van Opleiers Suid-Afrika-program.

- Prof Mary Grösser van dieselfde skool het 'n toekenning vir die tydperk 2010 tot 2012 van die Nasionale Navorsingsstigting (NNS) ontvang vir navorsing oor "verbetering van kritieke denke".
- Prof Bertus van Rooy van die Skool vir Tale is as sameroeper van die NNS-evalueringspaneel vir Literêre Studie, Tale en Linguistiek aangestel. Hy is ook aangestel in die NNS se Uitvoerende Evalueeringskomitee as die nasionale verteenwoordiger vir Sosiale Wetenskappe. Prof Van Rooy het ook 'n B3-gradering van die NNS ontvang.

Prof Linda Theron van die Skool vir Opvoedkundige Wetenskappe is vir 'n tydperk van drie jaar as die nuwe voorsitter van die Opvoedkundige Vereniging van Suid-Afrika (OVSA) verkies. Die kampus was ook die gasheer vir die jaarlikse OVSA-konferensie.

Die akademiese profiel van die dosente het verbeter toe ses akademiese personeelle hul doktorsgrade en vier hul meestersgrade voltooi het.

Die navorsingsuitset vir 2010 het tot 61 artikels in geakkrediteerde vaktydskrifte verbeter, en akademiese personeel het 65 kongresreferate gelewer.

Die navorsingsuitset van die topnavorsers op die kampus het erkenning gekry toe prof Linda Theron die toekenning vir die top senior navorser van 2009 ontvang het, en dr Jako Gericke van die Skool vir Basiese Wetenskappe die toekenning vir die top junior navorser.

## IMPLEMENTERING VAN KUNDIGHEID

Die Skool vir Tale het 'n memorandum van samewerking met die Universiteit van Buea in die Kameroen aangegaan. Die hoofdoel van hierdie ooreenkoms is om 'n raamwerk vir studente- en personeeluitruiling te skep en om saam te werk in die onderrig van en navorsing oor onderwerpe wat onderskrifte en oorklanking, opleiding van opleiers, filmstudies en filmredigering insluit.

Die Skool vir Basiese Wetenskappe het 'n samewerkingsooreenkoms met Orbelin Kollege in die VSA gesluit om kundigheid te deel, samewerkende navorsing te doen en personeel en studente uit te ruil, ter onderskraging van beide instansies se verantwoordelikheid om tot maatskaplike ontwikkeling by te dra.

Die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie het uitruilprogramme tussen die Skool vir Ekonomiese Wetenskappe en Molde-universiteit in Noorweë, sowel as met die Universiteit van Bergen in Noorweë. Die skool werk ook saam met die Universiteit van Malawi om gesamentlike navorsing oor armoedeverligting te doen. 'n Ooreenkoms is met die stad Blantyre in Malawi gesluit met die oog op die uitvoering van plaaslike studies oor ekonomiese ontwikkeling.

Die kampus se Vaardigheidsontwikkelingseenheid (VOE) het voortgegaan om kortkursusse in projekbestuur, talle aspekte van bestuur en bestuursvaardighede, rekenaarvaardighede, arbeidsverhoudinge en die opleiding van onderwysers in Vroeë Kinderontwikkeling as deel van die Siyakhulisa-projek oor Vroeë Kinderontwikkeling aan te bied.

Skole in die Fakulteit Geesteswetenskappe was by talle gemeenskapsprojekte betrokke. Dit het die Ikateleng-projek vir graad 12-leerders ingesluit, asook die Siyakhulisa-projek vir Vroeë Kinderontwikkeling, sowel as Resilient Educators (Reds), 'n ondersteuningsprogram vir opvoeders wat deur MIV/Vigs geraak word.

## STUDENTESAKE

Die kampusradiostasie, befonds met 'n Lotto-toekenning, het ook voltooiing genader, en die enigste uitstaande bedryfsvereistes is om aan die administratiewe vereistes te voldoen. Studente in die BEd-programme het vrywillige werk by ouetehuse, kindertehuise, skuilings vir haweloses, die DBV en ander welsynsorganisasies in die onmiddellike omgewing van die kampus gedoen.

### □ Sportaktiwiteite en prestasies

Die 2010-doelstelling om die sportkodes vir vroue uit te brei en hul deelname aan mededingende sport te verbeter, het dividende afgewerp.

**Hokkie:** 'n Hokkieklub is gestig en by die Suid-Gautengse Hokkievereniging geaffilieer. Twee vrouespanne het aan die Johannesburg-liga deelgeneem. Die eerste span het hul ligakategorie gewen en sal in 2011 in 'n hoër kategorie deelneem.

**Netbal:** Die eerste netbalspan het aan die Gautengse Vaal-liga deelgeneem en as die algehele klubkampioen in die Vaal-streek geëindig. Drie studente is vir die Vaal-o-21-span gekies en sewe vir die Vaal-o-9-span. Gedurende die Juliereses het die eerste span aan die Sun City-uitnodigingsuitdaging deelgeneem, waar 18 universiteitspanne ingeskryf het.

**Sokker:** Vroue: Die vrouesokkerspan, die Thunderbirds, het hul laaste Universiteitsport Suid-Afrika- (USSA-) wedstryd met 25 doele gewen, maar is op grond van 'n tegniese reëling uit die uitspeelstryd uitgesluit. Die span het met 'n sterk klub van Evaton saamgesmelt, wat hulle in staat gestel het om aan die SASOL-liga deel te neem. Mans: Die mansokkerspan het aan die USSA-liga deelgeneem. Die klub het met die Sailor-sokkerklub saamgesmelt, wat hulle toelaat het om in die sterk SAB-streeksliga mee te ding.

**Krieket:** 'n Vrouekrieketklub is gestig en by USSA geaffilieer.

Mans: Die krieketspan het aan die A-liga van die USSA-spele deelgeneem en hul posisie in die liga behou. Drie lede van die klub is vir die Gauteng-distriktespan gekies.

**Rugby:** Die NWU Vaal-rugbyklub het vyf spanne gehad wat in die Noordwes-Luiperdsliga en die o-9-Leeusliga deelgeneem het. Die o-19-span was die klub se span van die jaar en het tweede in die Pirates Groot Uitdaging geëindig.



**Liggaamsbou:** Die liggaamsbouspan het aan die Internasionale Federasie van Liggaamsbouers (IFBB) 2010 Classic-kompetisie, die Sedibeng-nuwelingekampioenskap en die provinsiale kampioenskap deelgeneem. By die IFBB Sedibeng-kampioenskap is drie van die liggaamsbouers en die afrigter vir die IFBB Nasionale Kampioenskap gekies. By die Nasionale Kampioenskap het een van die studente die SA-titel in die liggewigkatogorie gewen. Gedurende Desember 2010 het die span aan die USSA-spele deelgeneem en in die algehele vierde plek geëindig.

**Dans:** Die NWU Vaal-dansklub het aan verskeie danskampioenskappe deelgeneem, ook die USSA-kampioenskap.

**Skaak:** Gedurende die jaar is 'n skaakklub gestig en die klub het aan plaaslike kompetisies deelgeneem.

#### □ Kulturele aktiwiteite en prestasies

Die kampus het as gashere opgetree vir die tweede Kultureel-/Erfenisfees om studente sensitief te maak vir kulturele diversiteit en kruiskulturele kennis en begrip te verbeter. Die honneursstudente in Arbeidsverhoudinge het die jaarlikse geleentheid aangebied wat op diversiteit in die werksplek fokus. Dit is deur die 2010-Wêreldbeker geïnspireer en ses verskillende kultuurgroepe is verteenwoordig.

#### □ Aktiwiteite van die Verteenwoordigende Kampus-Studenteraad

Die Verteenwoordigende Kampustudenteraad (VKSR) het aan al die bestuurstrukture op die kampus deelgeneem. Hulle het 'n "reik uit en gee"-funksie aangebied, tot die voordeel van die slagoffers van die Haïti-aardbewing en 'n plaaslike kinderhuis, Matwala Home. Die VKSR, in samewerking met die kampusklyniek, het die eerste Vaaldriehoek Cansa "Shavathon" aangebied. Studente het aan die vieringe van Mandela-dag deelgeneem en hul tyd vrywillig opgeoffer om twee plaaslike kindertehuise te besoek. Die VKSR vir 2010/11 is in Augustus 2010 verkies. Die verkiesing is sonder voorval afgehandel en die uitslag is deur die studentegemeenskap aanvaar. Die nuwe VKSR, 'n uiters diverse groep ten opsigte van ras en geslag, bestaan uit vyf vroue en nege mans. Gedurende Oktober 2010 het die studente-leierskap opleiding en oriëntasie bygewoon wat daarop gemik was om hul leierskapspotensiaal te ontsluit en hulle van die psigososiale dinamiek van leierskap in 'n tersiêre omgewing bewus te maak.

#### □ Studentewelstand en berading

Gedurende Mei 2010 is die Vaalkampuskomitee oor Studentesteundienste (VKKoSSD) tot stand gebring om kernaktiwiteite in onderrig-leer en navorsing te ondersteun deur 'n bevorderlike klimaat daarvoor te skep. Die komitee verseker dat alle studentesteundienste op die kampus gekoördineer word en dat daar vir studente met gestremdhede voorsiening gemaak word. 'n Welstandsdag vir studente is gesamentlik met die kampusportuurhelper-groep CH@s ("Connecting Helpers and Students") en die kampus se primêregesondheidsorg-klyniek georganiseer.

#### □ Kampusklyniek

Die klyniek het gedurende 2010 na hul nuwe, opgegradeerde perseel verskuif en het 1 487 pasiënte vir aandoenings soos bloeddrukprobleme, diabetes, verkoues en griep, maagaandoenings en geringe beserings behandel. Hulle het ook konsultasies gedoen oor gesinsbeplanning en reprodktiewe gesondheid, asook MIV/Vigs-voortoets- en natoetsberading en -toetsing.

#### □ Loopbaansentrum

Die Loopbaansentrum het 'n loopbaanskou aangebied waar 14 werkgewers verteenwoordig is. Die sentrum het ook 'n besoek aan die Staatswerksplek-loopbaanskou by die Coca-Cola Dome geborg wat deur 120 finalejaarstudente bygewoon is. Altesaam 317 studente is met loopbaanverwante navrae bygestaan, 102 studente is met hul CV's gehelp, en 72 studente het 'n CV- en onderhoudvoering-werkswinkel bygewoon. Die sentrum het ook met die Magnet Students and Professionals Survey gehelp.

### □ **Studenteberadingsdiens**

Die Studenteberadingsdiens het studente en potensiële studente met loopbaanbeplanning, toelatingstoetsing en spesiale toelatings bygestaan. Die departement het ook sielkundige beradingsdienste gelewer, gehelp met die opleiding van nuwe studente-leiers en werksinkels en motiveeringspraatjies oor akademiese ontwikkeling aangebied. Die portuurhulpverleningsprogram Ch@s, onder toesig van Studenteberadingsdienste, was suksesvol in die ondersteuning van studente met 'n wye verskeidenheid probleme.

## **PRESTASIES TEN OPSIGTE VAN DIE KAMPUSPLAN**

Gedurende 2010 het die kampus sy hulpbronne en kundigheid ingespan om die meeste van die doelstellings wat in sy Kampusplan uiteengesit word, te verwesenlik. Een van die belangrikste prestasies was die groei in studentetalle. Die langverwagte teiken van 5 000 geregistreerde studente is in 2010 oortref, toe daar 5 213 geregistreerde studente op die kampus was. Die kampus het ook goeie vordering gemaak met die totstandbrenging van navorsingsentiteite, soos die fokusarea getitel Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings ("UPSET"), wat in die Fakulteit Geesteswetenskappe tot stand gebring is.

## **ONTWIKKELINGS OP KAMPUS**

Twee belangrike senior aanstellings is in 2010 gemaak:

- Die nuwe kampusrektor, prof Thanyani Mariba, het op 1 Januarie sy aanstelling aanvaar.
- Prof Herman van der Merwe, voormalige direkteur van Telematiese Onderrig aan die Tshwane-universiteit vir tegnologie, het op 4 Januarie as die nuwe dekaan van die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie by die kampus aangesluit.

Gesonde personeelverhoudinge is regdeur die jaar gehandhaaf. Maandelikse vergaderings van die werksplekforum is gehou en die aangeleenthede wat geopper is, het onmiddellik aandag van bestuur ontvang. Die kampusrektor het gereelde personeelvergaderings gehou en het die fakulteite asook al die ondersteuningsdepartemente besoek.

Die afdeling studenteadministrasie wat vir die instandhouding van studentelêers verantwoordelik is, het 'n skoon interne ouditverslag ontvang. Om vir die toenemende vraag na akkom-

modasie deur studente voorsiening te maak, het die kampus 'n langtermynhuurkontrak vir akkommodasie van die kampus af aangegaan. Hierdie koshuis sal 336 studente huisves en sal as 'n universiteitskoshuis met 'n huisvader, 'n huiskomitee en 'n koshuistoetsingbestuur word. Akkommodasie vir 'n verdere 72 studente word op die kampus gebou en sal primêr vir postdoktorale genote en nagraadse studente gebruik word. Die Chasestelsel vir voorval- en bestuursverslagdoening is geïmplementeer en die personeel is in die gebruik van die stelsel opgelei. Die Starfleet-besigheidstelsel vir verkooppunt-voorraadbeheer is in die kafeteria geïmplementeer en sal mettertyd na al die kafeterias en die studentesentrum uitgebrei word.

## **SLOT**

Die Vaaldriehoekskampus het 'n unieke mengsel van studente en navorsingsprojekte wat bydra tot die doelwitte om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsinstelling te word wat relevant is in die streek, tot nasionale behoeftes bydra en internasionaal erken word. In die proses is die kampus besig om weg te beweeg van tradisionele leer na innoverende leerbenaderings, veral op die gebied van meertaligheid.

As daar na die algehele resultate van 2010 gekyk word, is dit duidelik dat die Vaaldriehoekskampus besig is om as 'n voorkeur-universiteitskampus te ontluik wat verbind is tot akademiese uitnemendheid en innovasie, en die lewering van graduandi wat die werksêreld as ambassadeurs van verandering en vernuwing betree. Deur die toewyding van die personeel stel die kampus studente in staat om 'n ryker lewe te lei, met doelgerigtheid en hoop en in die gees van Ubuntu.



**PROF TJ MARIBA**  
KAMPUSREKTOR: VAALDRIEHOEK





# FINANSIËLE OORSIG

- 122**      VERSLAG VAN DIE VOORSITTER VAN DIE FINANSIËLE KOMITEE EN UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE
- 130**      GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT SOOS OP 31 DESEMBER 2010
- 131**      GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VAN DIE NOORDWES-UNIVERSITEIT VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 DESEMBER 2010

“DIEGENE VAN ONS WAT DIE BEKOMMERNIS – EINTLIK DIE VERPLIGTING – DEEL OM BETER OPVOEDING AAN ALLE KINDERS TE VOORSIEN, MOET KRAGTE SAAMSPAN EN UIT EEN MOND PRAAT OOR HIERDIE MEES KRITIEKE KWESSIE VAN ONS GENERASIE.”

□ KGOSI LERUO MOLOTLEGI, NWU-Kanselier




# VERSLAG VAN DIE VOORSITTER VAN DIE FINANSIËLE KOMITEE EN UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE

Die finansiële oorsig vir die jaar geëindig 31 Desember 2010 word onder die volgende opskrifte aangebied:

## Winsgewendheid en groei


Die universiteit se opgehoopde reserwes het in die 2010 finansiële jaar verbeter weens 'n netto surplus van R37,2 miljoen (2009 hersaamgestel: R71,4 miljoen), wat 1,9% (2009 hersaamgestel: 3,9%) van die totale inkomste verteenwoordig. Die totale inkomste van die universiteit het met 9,6% tot R2 001,6 miljoen gestyg, terwyl die totale uitgawes met 11,9% tot R1 964,4 miljoen vir die 2010 finansiële jaar toegeneem het.

### TOTAAL (INGESLUIT ANDER OMVATTENDE INKOMSTE)




Hoewel die universiteit se opgehoopde reserwes in die 2010 finansiële jaar verbeter het, het die beskikbare fondse tot 21,2% (2009 hersaamgestel: 27,3%) van totale ekwiteit gedaal. Dit is hoofsaaklik die gevolg van oordragte van beskikbare fondse om beleggings in eiendom, aanleg en toerusting (EAT) te finansier.

### BESKIKBARE FONDSE: GEOORMERKTE FONDSE




Die totale inkomste van die universiteit uit herhalende aktiwiteite (uitgesonderd vervreemding van EAT, van die hand sit van beleggings en ander omvattende inkomste) het met 10,7% tot 'n totale inkomste van R2 007,3 miljoen toegeneem, terwyl die totale uitgawes uit herhalende aktiwiteite met 11,9% tot altesaam R1 964,4 miljoen vir die 2010 finansiële jaar toegeneem het. Die surplus van die 2010 finansiële jaar uit herhalende aktiwiteite verteenwoordig 2,1% (2009 hersaamgestel: 3,2%) van die totale herhalende inkomste.

## BEDRYFSAKTIEWEITE



Die universiteit se opbrengs (uit herhalende aktiwiteite) op aangewende kapitaal (totale bates minus bedryfslaste) het tot 2,4% (2009 hersaamgestel: 3,6%) gedaal. Dit is hoofsaaklik die gevolg van 'n groot belegging in EAT, terwyl 'n groot gedeelte van die toelae wat van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding vir hierdie doel ontvang is, as uitgestelde inkomste by laste ingesluit is.


## OPBRENGS OP AANGEWENDE KAPITAAL



Die universiteit se inkomste uit staatsubsidie verteenwoordig 44,6% (2009 hersaamgestel: 41,5%) van die totale inkomste. Die rede vir die styging in hierdie persentasie is hoofsaaklik toe te skryf aan 'n daling van 10,3% in derdegeldstroom-omset (navorsings- en ander kontrakte, entrepreneursaktiwiteit en private geskenke en toekennings). Dit verteenwoordig 2,3% van die 2009 herhalende omset en 'n styging in voorheen uitgestelde subsidie-inkomste van R15,8 miljoen wat nou erken is en wat 0,9% van die 2009 herhalende omset verteenwoordig.

Die studentverwante inkomste het met 15,6% vir die 2010-jaar toegeneem. Dit kan toegeskryf word aan die jaarlikse verhoging in klasgelde sowel as die toename van 10,5% in studentetalle (2009: 7,6%). Die totale studentverwante inkomste verteenwoordig 23,6% (2009: 22,4%) van die totale inkomste. Vir die 2010-jaar was daar 'n 7,5%-verhoging in klasgelde vir die Potchefstroom- en Vaaldriehoekcampus en 'n gemiddelde verhoging van 9,5% vir die Mafikengcampus, ten einde die gelde oor 'n tydperk van sewe jaar te harmoniseer sonder om bekostigbaarheid in die gedrang te bring.

## TOTALE INKOMSTE PER KATEGORIE




Totale uitgawes het met 11,9% gestyg.

Personeelvergoeding het toegeneem met 16,5% (2009 hersaamgestel: 14%). Die totale koste van personeeluitgawes was 51,8% (2009 hersaamgestel: 48,7%) van totale inkomste. Dit is hoofsaaklik die gevolg van 'n styging ten bedrae van R36,8 miljoen, wat 'n styging van 4,1% in die 2009-personeelvergoeding uitmaak.

Bedryfsuitgawes het toegeneem met 7,6% (2009 hersaamgestel: 7,8%) en verteenwoordig 41,7% (2009 hersaamgestel: 42,5%) van totale inkomste.

Ander uitgawes met betrekking tot depresiasie, amortisasie en finansieringskoste het met 3,3% toegeneem.

## TOTALE UITGAWES PER KATEGORIE



### □ Toegevoegde waarde


Soos in die verlede het die universiteit weer wesenlike waarde tot die ekonomie toegevoeg. Met betrekking tot die universiteit as 'n tersiêre instelling met die kernbesigheid van onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid (insluitende gemeenskapsdiens) kan die volgende uitgelig word:

- 15 084 (2009: 13 445) studente het gedurende 2010 grade en diplomas ontvang, wat 'n styging van 12,2% verteenwoordig.
- R64,1 miljoen (2009: R57,2 miljoen) is uit eie fondse as beurse aan studente toegeken, wat 'n styging van 12,2% verteenwoordig.
- Fondse wat uit geldstroom 1 aan transformasie as strategiese imperatief toegewys is, beloop R228,7 miljoen (2009: R138,4 miljoen). Die styging is hoofsaaklik toe te skryf aan 'n styging in bouprioriteite.

### □ Solvabiliteit

Die totale laste (R801,2 miljoen) uitgedruk oor opgehoopde reserwes (R1 252,4 miljoen) dui aan dat die universiteit se verhouding van skuld tot beskikbare fondse tot 0,64 (2009 hersaamgestel: 0,57) verhoog het. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan 'n styging van 53,5% (R76,9 miljoen) vergeleke met die vorige jaar se styging in uitgestelde inkomste.


## TOTALE LASTE: OPGEHOOPTE RESERWES



Die totale laste uitgedruk oor totale bates vir die 2010 finansiële jaar het tot 0,39 (2009 hersaamgestel: 0,36) toegeneem. Die totale laste word 2,56 maal (2009 hersaamgestel: 2,76 maal) deur totale bates gedek.

Solvabiliteitsverhoudings gee steeds 'n duidelike aanduiding dat die universiteit solvent is en in staat is om sy verpligtinge op die lang en die kort termyn na te kom.


## TOTALE LASTE: TOTALE BATES



## □ Likiditeit


Die bedryfskapitaalverhouding dui aan dat die bedryfslaste 2,02 maal (2009 hersaamgestel: 2,81 maal) deur die bedryfsbates gedek is. Indien die ontleding in randwaarde uitgedruk word, het die bedryfsbates met R95,0 miljoen vir die 2010 finansiële jaar afgeneem, terwyl bedryfslaste vir dieselfde tydperk met R31,1 miljoen toegeneem het. Die hoofrede vir die daling in die bedryfsbates is die gevolg van 'n daling in kontant en kontantekwivalente wat na langtermynbeleggings oorgeplaas is.

### BEDRYFSBATES: BEDRYFSLASTE



Die universiteit se verhouding van kontant en kontantekwivalente tot bedryfslaste het van 2,41 in 2009 tot 1,63 gedurende die 2010 finansiële jaar afgeneem, wat hoofsaaklik aan die oorplasing van kontant en kontantekwivalente na langtermynbeleggings toe te skryf is.

### KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE: BEDRYFSLASTE






## □ Hefboomfinansieringsverhoudings

Hefboomverhoudings ontleed die mate waarin langtermynfinansiering as 'n bron van finansiering gebruik word. Dit is 'n langer-termyn-aanduiding van likiditeit.


Nie-bedryfslaste verteenwoordig 31,2% (2009 hersaamgestel: 28,4%) van totale fondse wat aangewend is.

### NIE-BEDRYFSLASTE: NIE-BEDRYFSLASTE + EKWITEIT



Die totale nie-bedryfslaste uitgedruk oor ekwiteit vir die 2010 finansiële jaar het tot 45,4% (2009 hersaamgestel: 39,6%) gestyg.

### NIE-BEDRYFSLASTE: EKWITEIT




Die styging van 5,8% is hoofsaaklik toe te skryf aan die styging in die langtermyn gedeelte van uitgestelde inkomste ten bedrae van R71,8 miljoen.

## □ Kontantvloei

### Surplus gegeneer met betrekking tot kontantvloei

Die universiteit het 'n surplus van R37,2 miljoen vir die 2010 finansiële jaar gegeneer, en die netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite beloop R155,2 miljoen. Die totale netto kontantvloei het met R106,9 miljoen vir dieselfde finansiële jaar afgeneem as gevolg van 'n oordrag van kontant en kontantekwivalente na langertermynbeleggings. Vir die 2009 finansiële jaar het die netto kontantvloei met R45,1 miljoen toegeneem. Die NWU verkeer steeds in 'n uiters lewensvatbare kontantvloeisituasie.

## KONTANT EN KONTANTEKWIVALENTE & BELEGGINGS



## SLOT

Die universiteit was in staat om die volgende finansiële doelwitte gedurende die 2010 finansiële jaar te verwesenlik:

- Om totale bates met 12% te verhoog deur die toekenning wat van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding vir infrastruktuur ontvang is, sowel as eie fondse in eiendom, aanleg en toerusting te belê.
- Hoewel die netto surplus uit herhalende aktiwiteite tot 2,1% afgeneem het (doelwit: tussen 3% en 6%) as gevolg van die wêreldwye ekonomiese afswaai en daar dus 'n daling in derdegeldstroominkomste was, was die NWU in staat om gedurende die 2010 finansiële jaar 'n gesonde solvabiliteitstand en likiditeitsvlakke te handhaaf ten einde te verseker dat die NWU 'n lopende saak bly,
- Om beurse wat aan studente toegeken word te verhoog (beurse is met 12% vermeerder).

Die Raad en bestuur is saam daartoe verbind om die NWU op so 'n wyse te bestuur dat die gesonde finansiële stand in 2011 gehandhaaf sal word.

DR JJ VAN ZYL  
VOORSITTER: FINANSIËLE KOMITEE

PROF IJ ROST  
UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE

# NOORDWES-UNIVERSITEIT GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

soos op 31 Desember 2010

	2010		(Hersaamgestel) 2009	
	R'000	%	R'000	%
<b>BATES</b>				
<b>Nie-bedryfsbates</b>	<b>1 583 816</b>	<b>77,1</b>	<b>1 263 796</b>	<b>69,1</b>
Eiendom, aanleg en toerusting	852 063	41,5	709 064	38,8
Beleggingseiendomme	22 809	1,1	24 085	1,3
Ontasbare bates	10 931	0,5	17 559	1,0
Langtermynbeleggings	534 538	26,0	390 128	21,3
Pensioen- en Ongeskiktheidsreserwefondse - surplus	163 475	8,0	122 960	6,7
<b>Bedryfsbates</b>	<b>469 774</b>	<b>22,9</b>	<b>564 754</b>	<b>30,9</b>
Voorraad	16 196	0,8	14 397	0,8
Handels- en ander debiteure	75 521	3,7	65 414	3,6
Kontant en kontantekwivalente	378 057	18,4	484 943	26,5
<b>Totale bates</b>	<b>2 053 590</b>	<b>100,0</b>	<b>1 828 550</b>	<b>100,0</b>
<b>FONDSE EN LASTE</b>				
<b>Fondse beskikbaar</b>				
Opgelope fondse	1 252 412	60,9	1 165 466	63,7
<b>Totale laste</b>	<b>801 178</b>	<b>39,1</b>	<b>663 084</b>	<b>36,3</b>
<b>Nie-bedryfslaste</b>	<b>569 016</b>	<b>27,7</b>	<b>462 067</b>	<b>25,3</b>
Langtermynlenings	59 856	2,9	63 853	3,5
Na-aftreevoordele	307 901	15,0	268 750	14,7
Uitgestelde inkomste	201 259	9,8	129 464	7,1
<b>Bedryfslaste</b>	<b>232 162</b>	<b>11,4</b>	<b>201 017</b>	<b>11,0</b>
Handels- en ander krediteure	170 762	8,3	134 837	7,4
Huidige inkomstebelastingaanspreeklikheid	0	0,0	190	0,0
Huidige gedeelte: Langtermynlenings	5 983	0,3	6 515	0,4
Huidige gedeelte: Na-aftreevoordele	13 765	0,7	13 279	0,7
Huidige gedeelte: Uitgestelde inkomste	19 533	1,0	14 389	0,8
Studentedeposito's en vooruitbetaalde inkomste	22 119	1,1	31 807	1,7
<b>Totale fondse en laste</b>	<b>2 053 590</b>	<b>100,0</b>	<b>1 828 550</b>	<b>100,0</b>

# NOORDWES-UNIVERSITEIT GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

vir die jare geëindig 31 Desember

	2010 R'000	% van totale inkomste	(Hersaamgestel) 2009 R'000	% van totale inkomste
<b>HERHALENDE ITEMS</b>	<b>42 910</b>	<b>2,2</b>	<b>58 118</b>	<b>3,2</b>
<b>Inkomste</b>	<b>2 007 290</b>	<b>100,3</b>	<b>1 813 684</b>	<b>99,3</b>
Staatsubsidies en -toekennings	893 280	44,6	758 540	41,5
Onderrig- en ander gelde	472 338	23,6	408 581	22,4
Inkomste uit kontrakte (navorsing en ander)	115 513	5,8	131 140	7,2
Inwoning en voedseldienste	168 935	8,4	143 886	7,9
Dienste - entrepreneursaktiwiteit	218 902	10,9	236 494	12,9
Private skenkings en toekennings	28 746	1,5	37 033	2,0
Beleggingsinkomste	109 576	5,5	98 010	5,4
<b>Uitgawes</b>	<b>1 964 381</b>	<b>98,1</b>	<b>1 755 566</b>	<b>96,1</b>
Personeelvergoeding	1 036 377	51,8	889 576	48,7
Bedryfskoste	835 554	41,7	776 491	42,5
Depresiasie en amortisasie	77 826	3,9	74 834	4,1
Finansieringskoste	14 623	0,7	14 665	0,8
<b>NIE-HERHALENDE ITEMS</b>	<b>(5 669)</b>	<b>(0,3)</b>	<b>13 316</b>	<b>0,7</b>
<b>Inkomste</b>	<b>(5 669)</b>	<b>(0,3)</b>	<b>13 316</b>	<b>0,7</b>
Wins/(verlies) op verkoop van EAT	(18 322)	(0,9)	(765)	(0,0)
Wins/(verlies) op beleggings	10 624	0,5	1 287	0,0
Ander nie-herhalende inkomste	2 029	0,1	12 794	0,7
<b>Uitgawes</b>	<b>0</b>	<b>0,0</b>	<b>0</b>	<b>0,0</b>
<b>Netto surplus voor belasting</b>	<b>37 241</b>	<b>1,9</b>	<b>71 434</b>	<b>3,9</b>
Inkomstebelasting	0	0,0	30	0,0
<b>Surplus vir die jaar</b>	<b>37 241</b>	<b>1,9</b>	<b>71 404</b>	<b>3,9</b>
<b>ANDER OMVATTENDE INKOMSTE</b>	<b>49 705</b>		<b>44 981</b>	
Pensioen- en Ongeskiktheidsreserwefondse - surplus	40 515		17 377	
Netto waarde wins/(verlies) op beskikbaar-vir-verkoop finansiële bates (netto van belasting)	9 190		27 604	
<b>Totale omvattende inkomste vir die jaar</b>	<b>86 946</b>		<b>116 385</b>	

# LYS VAN AFKORTINGS



@NWU	Die daaglikse kennisgewings aan NWU-personeel
ACALAN	Afrika-akademie vir Tale
ACU	Association of Commonwealth Universities
AGLA	Module in akademiese geletterdheid (Afrikaans)
AGLE	Module in akademiese geletterdheid (Engels)
ANC	African National Congress
AO	Aanvullende Onderrig
AUTHeR	Afrika-eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidsnavorsing
BGSEB	Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging
BTW	Belasting op Toegevoegde Waarde
CEE	Raad op Ekonomie-onderrig
CH@S	Connecting Helpers and Students
CV	Curriculum Vitae
DBV	Dierebeskermingsvereniging
DHOO	Departement van Hoër Onderwys en Opleiding
DWT	Departement van Wetenskap en Tegnologie
eFundi	Die NWU se e-leerstelsel
Eish!	Die NWU se interne personeelnuusbrief
EKTS	Etiese Kode-taakspan
EPE	Eksterne Programevaluering
FDSO	Forum vir Deurlopende Samewerking in Ontwikkeling
FIFA	Fédération Internationale de Football Association
FLAGH	Farm Labour and General Health
FLWT	Fakulteit Landbou, Wetenskap en Tegnologie
FOTIM	Stigting van Tersiêre Instellings in die Noordelike Metropol
GSW	Geestes- en Sosiale Wetenskappe
HART	Hipertensie in Afrika-navorsingspan
HEAIDS	Hoëronderwys-MIV/Vigs-program
HESA	Hoër Onderwys Suid-Afrika
HOKK	Hoëronderwyskwaliteitskomitee
HP	Hewlett-Packard
IEASA	Internasionale Onderwysvereniging van Suid-Afrika
IFBB	Internasionale Federasie van Liggaamsbouers
IFIGVO	Institusionele Forum vir Indiësnemingsgelykheid en Vaardigheidsontwikkeling
IFRS	Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde
IKT	Inligtings- en Kommunikasietegnologie
ISI	Instituut vir Wetenskaplike Inligting
ISIS	Navorsingsentrum wat konsuleringskundigheid en advies m.b.t. tegnologieoordrag en innovasiebestuur wêreldwyd verskaf



IT	Inligtingstegnologie
ITIB	IT-inligtingsbiblioteek
ITOU	Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid
ITNU	Institusionele Toekennings vir Navorsingsuitnemendheid
IVSR	Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad
KVBA	Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie
VKSR	Verteenwoordigende Kampusstudenteraad
MACE	Bemarking, Vordering en Kommunikasie in Onderwys
MGSA	Medisyneverbruik in Suid-Afrika
MIV	Menslike Immuniteitsgebrekvirus
MKBR	Modulêre Korrelbedreaktor
MKIG	Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid
MNR	Mediese Navorsingsraad
NADEOSA	Nasionale Vereniging van Afstandsonderrigorganisasies van Suid-Afrika
NKR	Nasionale Kwalifikasieraamwerk
NLVTF	Nasionale Loteryverspreidingstrustfonds
NNS	Nasionale Navorsingstigting
NUFVIS	Nederlandse Universiteitsfonds vir Internasionale Samewerking
NWU	Noordwes-Universiteit
NWU & U	Die NWU se alumniydskrif
NWU MOT	NWU Maatskaplike Ontwikkelingstrust
NWWP	Noordwes-Wetenskapspark
OIB	Ondernemingsinhoudbestuur
OOOP SETA	Onderwys-, Opleiding- en Ontwikkelingspraktyke – Sektorowerheid vir Onderwys en Opleiding
Oracle-ERP	Oracle Enterprise Resource Planning
OVSA	Onderwysvereniging van Suid-Afrika
PAK	Parajuridiese Advieskantoor
PanSAT	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
PKM	Program- en Kwalifikasieemengsel
POUT	Groep gay studente – naam van organisasie
PR	Persoonlike rekenaar
REds	Resilient Educators
SAFA	Suid-Afrikaanse Sokkervereniging
SAHECEF	Suid-Afrikaanse Gemeenskapsbetrokkenheidsforum vir Hoër Onderwys
SAID	Suid-Afrikaanse Inkomstediens
SAO	Sentrum vir Akademiese Ontwikkeling
SASCO	South African Students Congress
SASOL	Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie
SHARE	Elektroniese Rekordbestuurstelsel



SIFE	Students in Free Enterprise
STSWT	Sentrum vir Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie
SUV	Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding
SvU	Sentrums van Uitnemendheid
THRIP	Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne in die Nywerheid
TOK	Transformasie-oorsigkomitee
UPSET	Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings
USSA	Universiteitsport Suid-Afrika
VBT	Vrywillige Berading en Toetsing
VIGS	Verworwe Immunitetsgebreksindroom
VK	Verenigde Koninkryk
VK	Visekanselier
VKKoSSD	Vaalkampuskomitee oor Studentesteundienste
VOE	Vaardigheidsontwikkelingseenheid
WIT	Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie
WNNR	Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsingsraad

# ERKENNING

## NAVRAE EN KONTAKBESONDERHEDE

### **NWU Institusionele Kantoor**

Privaatsak X1290, Potchefstroom, 2520, Suid-Afrika

Tel: +27 (18) 299 4918

E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za

Webwerf: www.nwu.ac.za

### **Mafikengkampus**

Privaatsak X2046, Mmabatho, 2735, Suid-Afrika

Tel: +27 (18) 389 2144

E-pos: koos.degenaar@nwu.ac.za

### **Potchefstroomkampus**

Privaatsak X6001, Potchefstroom, 2520, Suid-Afrika

Tel: +27 (18) 299 2769

E-pos: theo.cloete@nwu.ac.za

### **Vaaldriehoekkampus**

Posbus1174, Vanderbijlpark, 1900, Suid-Afrika

Tel: +27 (16) 910 3185

E-pos: john.maloma@nwu.ac.za

## JAARVERSLAG-TAAKSPAN

Mee E de Beer, E Cronje, R Koekemoer, N Engelbrecht, J Jansen van Vuuren, P Mmope,  
M Santana, A van der Merwe, L Wagner, en mnre J Blaauw, L Jacobs en D Walker.

## FOTOGRAFIE

NWU-diensverskaffers en kollegas

## REDIGEERDER

Me Clairwyn van der Merwe

## ONTWERP EN UITLEG

Infoworks

Tel: +27 (18) 468 2716

## DRUKWERK

Platinum Press

Tel: +27 (18) 299 4226

Die 2010-jaarverslag is deur die Institusionele Kantoor vir Korporatiewe Sake en Verhoudinge gepubliseer. Die Jaarverslag verskyn ook op die NWU se webtuiste by <http://www.nwu.ac.za/nwu/ar.html>. Hierdie publikasie is ook in Engels beskikbaar.







NORTH-WEST UNIVERSITY<sup>®</sup>  
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA  
NOORDWES-UNIVERSITEIT

**INSTITUSIONELE KANTOOR**

Tel: +27 (18) 299 4918

E-pos: [louis.jacobs@nwu.ac.za](mailto:louis.jacobs@nwu.ac.za)

**MAFIKENGKAMPUS**

Tel: +27 (18) 389 2144

E-pos: [koos.degenaar@nwu.ac.za](mailto:koos.degenaar@nwu.ac.za)

**POTCHEFSTROOMKAMPUS**

Tel: +27 (18) 299 2769

E-pos: [theo.cloete@nwu.ac.za](mailto:theo.cloete@nwu.ac.za)

**VAALDRIEHOEKKAMPUS**

Tel: +27 (16) 910 3185

E-pos: [john.maloma@nwu.ac.za](mailto:john.maloma@nwu.ac.za)